

**MISDAADVOORKOMING BY NYWERHEDE: 'N
GEVALLESTUDIE BY TRANSVAAL SUIKER
BEPERK**

JOHANNES FREDERICK ERIC KRUGER

**MISDAADVOORKOMING BY NYWERHEDE: 'N
GEVALLESTUDIE BY TRANSVAAL SUIKER BEPERK**

DEUR

JOHANNES FREDERICK ERIC KRUGER

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE VAK

KRIMINOLOGIE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF. HERMAN CONRADIE

JUNIE 2002


OPGEDRA AAN: TERESA, ERIC EN HANKE

DANKBETUIGINGS

Alle eer en dank aan my Hemelse Vader.

My opregte dank ook aan die volgende persone:

- Prof. Herman Conradie, wat my bygestaan het as studieleier, raadgewer, en my met wysheid gelei het tot aan die einde! U het my geïnspireer om met groter vrymoedigheid die volgende werkstuk aan te pak.
- Me. Talana Burger, Vakreferent, vir haar hulp.
- Kobus Greyling en Daan Erasmus vir die taalversorging en opbouende kritiek. Kobus, voorts my dank vir die geleentheid wat jy geskep het om hierdie studie te voltooi.
- Hoofbestuur van Transvaal Suiker Beperk.
- Pauline Smith, vir die spoedige en akkurate tikwerk met veranderinge soms tot vervelens toe. Jou moeite word opreg waardeer.
- Teresa, Eric en Hanke, die opoffering is vir julle, dankie vir die ondersteuning en belangstelling. Dit was met 'n lied in my hart wanneer ek aan julle gedink het, soms in die middernagtelike ure terwyl ek besig was met hierdie werkstuk.



364.490968 KRUG



0001805748

Titel : Misdadvoorkoming by nywerhede : 'n Gevallestudie
by Transvaal Suiker Beperk

Deur : Johannes Frederick Eric Kruger

Studie leier : Prof. Herman Conradie

Departement : Kriminologie

Graad : Magister Artium

OPSOMMING

Hierdie navorsing fokus op misdadvoorkoming by nywerhede met Transvaal Suiker Beperk as geselekteerde studieveld. Die meganiese en fisiese misdadvoorkomingsmaatreëls aan die hand van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model is as basis gebruik. Bestaande misdadvoorkomingsmaatreëls te Transvaal Suiker Beperk is geëvalueer en aanbevelings is gemaak waar nodig. Die waarde van primêre fisiese versperrings ten opsigte van misdadvoorkoming is beklemtoon tydens hierdie studie. Sonder die ondersteuning van konvensionele elektronika, en die insette van die mensfaktor, is fisiese misdadvoorkomingsmaatreëls van geringe waarde. Omgewingsontwerp sluit hierby aan. Effektiewe misdadvoorkoming verg deurlopende kreatiewe denke met toepaslike optrede.

Misdadvoorkoming, verdedigbare ruimte, omgewingsontwerp, versperrings, elektronika, tegnologie.

Title : Crime prevention at industries: A case study at Transvaal Sugar Limited

By : Johannes Frederick Eric Kruger

Study leader : Prof. Herman Conradie

Department : Criminology

Grade : Master of Arts

SUMMARY

This research focus on crime prevention at industries with Transvaal Sugar Limited as selected study field. The mechanical and physical crime prevention measures, based on Oscar Newman's defensible space model, was used as focus point. Crime prevention measures in place at Transvaal Sugar Limited was evaluated and the necessary recommendations made. The value of the primary physical barriers in regard off crime prevention was emphasised in this study. Without the support of conventional electronics, together with the inputs of the human factor, physical crime prevention measures will be of little value. Environmental design joins this field. Effective crime prevention needs continuous creative thinking together with the necessary action.

Crime prevention, defensible space, environmental design, barriers, electronics, technology

**MISDAADVOORKOMING BY NYWERHEDE: 'N
GEVALLESTUDIE BY TRANSVAAL SUIKER
BEPERK**

JOHANNES FREDERICK ERIC KRUGER

**MISDAADVOORKOMING BY NYWERHEDE: 'N
GEVALLESTUDIE BY TRANSVAAL SUIKER
BEPERK**

JOHANNES FREDERICK ERIC KRUGER

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk		Bladsy
1.	Oriëntasie en Metodologiese fundering	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Die doel en aanleiding van die navorsing	2
1.3	Rasionaal vir die navorsing	3
1.3.1	Aanleidende vrae	4
1.4	Begrensing	5
1.4.1	Geografiese ligging	5
1.4.2	Steekproeftrekking	8
1.5	Die navorsingsmetodiek	9
1.5.1	Data-insameling	9
1.5.2	Definiëring van kernbegrippe	12
1.5.3	Samestelling van die verslag	13
1.6	Probleme wat ervaar is tydens die navorsing	14
1.7	Samevatting	15
2.	Misdaadvoorkoming- en Misdaadveroorsakingsmodelle	16
2.1	Inleiding	16
2.2	Historiese ontwikkeling	16
2.3	Misdaadveroorsakingsdenkskole	18
2.3.1	Die klassieke en neo-klassieke benadering	18

2.3.2	Die positivistiese denkskool	19
2.3.3	Konflik en radikale kriminologie	19
2.4	Individualistiese benaderings	20
2.4.1	Die biologiese misdaadvoorkomingsmodel	20
2.4.1.1	Liggaamsbou en misdadige gedrag	21
2.4.1.2	Oorerwing en misdaad	22
2.4.1.3	Chromosoom afwykings en misdadige gedrag	22
2.4.1.4	Intelligensie en misdadige gedrag	23
2.4.1.5	Biochemiese en neurologiese steurnisse	23
2.4.2	Toepassingswaarde van die biologiese misdaadvoorkomingsmodel	24
2.4.3	Die psigiese misdaadvoorkomingsmodel	24
2.4.3.1	Uitgangspunte	26
2.4.3.2	Toepassingswaarde van die psigiese misdaadvoorkomingsmodel	26
2.4.4	Die sosiaal maatskaplike misdaadvoorkomingsmodel	27
2.4.4.1	Cohen se afwykende subkultuur	28
2.4.4.2	Merton se anomieteorie	30
2.4.4.3	Sutherland se differensiële assosiasieteorie	31
2.4.4.4	Misdaadvoorkomingsmoontlikhede van die sosiaal maatskaplike gemeenskapsmodel	32
2.4.5	Wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel	33
2.4.5.1	Afskrikkingswaarde	34
2.4.5.2	Vrees vir straf	35
2.4.5.3	Sosiale afkeuring	35
2.4.5.4	Doel van strafregspiegling	36
2.4.5.5	Toepassingswaarde van die wetlike sanksies en straf as	

	Misdaadvoorkomingsmodel	37
2.5	Die verdedigbare ruimte model	39
2.6	Misdaadvoorkoming deur wetstoepassing	39
2.7	Meganiese en fisiese- milieu misdaadvoorkomingsmodel	40
2.7.1	Die meganiese en fisiese- milieu model	40
2.8	Slotbeskouing	41
3.	Die meganiese en fisiese- milieu misdaadvoorkomingsmodel	45
3.1	Inleiding	45
3.2	Historiese ontwikkeling	45
3.3	Uiteensetting van die model	47
3.3.1	Meganiese en fisiese hulpmiddels	48
3.3.2	Teikenverharding	50
3.3.3	Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp	51
3.3.4	Verdedigbare ruimte model	53
3.3.5	Spesifieke omgewingsontwerpe	56
3.3.5.1	Terrein seleksie	56
3.3.5.2	Rol van versperrings	57
3.3.5.3	Muur en deurgange sekuriteit	57
3.3.5.4	Ander openinge	58
3.3.5.5	Beligting	58
3.3.5.6	Waarskuwingstekens	58
3.3.5.7	Parkeer areas	59
3.3.5.8	Parke	59

3.3.5.9	Straatuitleg	59
3.3.5.10	Natuurlike waarneming	60
3.3.5.11	Plasing van brandtrappe	60
3.3.5.12	Milieu en voorkoms	60
3.3.6	Kritiek teen die verdedigbare ruimte model	61
3.4	Bevindinge en kommentaar	62
3.5	Slotbeskouing	65
4.	Misdaad en misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk : 'n Evaluasie	66
4.1	Inleiding	66
4.2	Die aard van Transvaal Suiker Beperk as 'n besigheid	67
4.3	Die aard van misdaad by Transvaal Suiker Beperk	68
4.3.1	Korporatiewe en beroepsmisdaad	68
4.3.2	Totale aantal misdade aangemeld: Malelane Meule	71
4.3.3	Insident voorkoms: Malelane Meule	71
4.3.4	Eksterne rapportering van sake aan die SAPD	75
4.3.5	Totale aantal sake aangemeld : Komati Meule	76
4.3.6	Insident voorkoms: Komati Meule	77
4.3.7	Eksterne SAPD verwysings: Komati Meule	78
4.4	Fisiese en algemene misdaadvoorkomingsmaatreëls	78
4.4.1	Eksterne bedreiging	79
4.4.2	Betaalrol beveiliging	80
4.4.3	Sekuriteitswagte	81

4.4.4	Sekerheidsomheinings	82
4.4.5	Toegangsbeheermaatreëls	83
4.4.6	Hekke	84
4.4.7	Diefwering en traliewerke	85
4.4.8	Alarmstelsels	86
4.4.9	Beligting	86
4.4.10	Alternatiewe misdaadvoorkomingsmaatreëls	87
4.5	Slotbeskouing	88
5.	Transvaal Suiker Beperk as verdedigbare ruimte	89
5.1	Inleiding	89
5.2	Veilige gebied	90
5.2.1	Ligging van Transvaal Suiker Beperk	90
5.2.2	Malelane Meule en Hoofkantoorkompleks	90
5.2.3	Komati Meule	93
5.3	Beeld en milieu	94
5.3.1	Hoofkantoorkompleks	94
5.3.2	Malelane Meule	95
5.3.2.1	Toegangshekke en parkeerareas	96
5.3.3	Komati Meule	98
5.4	Toevallige of natuurlike waarneming	99
5.4.1	Beligting	100
5.5	Territorialiteit	101
5.5.1	Fisiese hindernisse	102
5.5.2	Diefwering	103

5.5.3	Waarskuwings en ander tekens	105
5.5.4	Toegangsroetes	106
5.5.4.1	Malelane Meule	106
5.5.4.2	Komati Meule	107
5.6	Slotbeskouing	107
6.	Samevatting, bevindinge en slotbeskouing	110
6.1	Inleiding	110
6.2	Navorsingsuiteensetting	110
6.3	Bevinding van die navorsing	110
6.3.1	Teoretiese grondslag	111
6.3.2	Toepassingswaarde van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model	112
6.3.3	Verdere uitbreiding van Newman se model	113
6.4	Misdaadvoorkomingsmodel vir Transvaal Suiker Beperk	114
6.5	Aanbevelings	117
6.5.1	Fisiese versperrings	117
6.5.2	Ondersteuningstelsels	117
6.5.3	Beligting / Waarneming	118
6.5.4	Parkeerterreine	118
6.5.5	Kennisgewingborde	119
6.5.6	Toegangsroetes	119
6.5.7	Geboustrukture	120
6.5.8	Administratiewe ondersteuning	120

6.5.9	Addisionele hekke	120
6.6	Voorstelle vir verdere navorsing	121
6.7	Slotopmerking	121
Bibliografie		123

LYS VAN TABELLE

Tabel		Bladsy
2.1	Misdaadvoorkomingsdenkskole	41
2.2	Individualistiese gebasseerde misdaadvoorkomingsmodelle	42
2.3	Fisiese- en omgewing misdaadvoorkomingsmodel	44
4.1	Voorkoms van beroepsmisdade by Transvaal Suiker Beperk	70
4.2	Totale sake: Malelane Meule	71
4.3	Tipe misdaad: Malelane Meule	71
4.4	Eksterne SAPD verwysings: Malelane Meule	75
4.5	Totale sake: Komati Meule	76
4.6	Tipe misdaad: Komati Meule	77
4.7	Eksterne SAPD verwysings: Komati Meule	78
6.1	Misdaadvoorkoming by nywerhede	114
6.2	Misdaadvoorkomingsmodel vir Transvaal Suiker Beperk aan die hand van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model	115

HOOFSTUK 1

ORIËNTASIE EN METODOLOGIESE FUNDERING

1.1 Inleiding

Op 11 September 2001 het die grootste misdryf teen die moderne mensdom plaasgevind, soos deur die media berig. Duisende mense het op die dag gesterf toe gekaapte vliegtuie in geselekteerde geboue in New York in die VSA vasgevlieg het. Die relevansie van die terreur aanvalle tot hierdie studie asook die effek op Suid-Afrika, spruit uit misdaadvoorkomingsmaatreëls wat regerings en besighede in plek stel om 'n herhaling van terreur en misdaad in die algemeen te voorkom. Schöntheich (2001:13) berig dat die indirekte gevolge van die VSA terreurdaad reeds in Suid-Afrika waargeneem word en verwys na die brandstigting by die kantore van die Moslemse Juridiese Raad in Kaapstad as 'n weerwraak aanval. Van Zyl (2001:19) berig voorts dat verskeie groot maatskappye in Suid-Afrika baie laks oor veiligheid en die realistiese dreigement van terrorisme is.

Misdaadpleging en die oortreding van reëls is so oud soos die mensdom self. Van die vroegste genoteerde gevalle is in die Bybel aangeteken waar Eva, eerste geskape vrou, in die tuin van Eden, 'n reël van die Skepper oortreë het en gestraf is (Bybel Genesis 2 en 3 : 5-24). Misdaad is derhalwe een van die mees komplekse vraagstukke van die moderne samelewing en daarom fokus hierdie navorsingswerkstuk op misdaadvoorkomingsmaatreëls binne 'n nywerheid (Transvaal Suiker Beperk) op die platteland.

Beginsels en uitgangspunte van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel (die grondslag van hierdie navorsingstuk), word nagevors om onder andere te bepaal hoe effektief sodanige beginsels toegepas kan word om misdaad in die algemeen te voorkom of moeiliker uitvoerbaar te maak. Die sabotasie van byvoorbeeld 'n produksielyn of diensfunksie by besighede kan argumentsonthelwe beskou word as 'n terreurdaad en die fokus op spesifieke misdaadvoorkomingsprogramme kan hierdie tipes misdade voorkom. Misdaad bring volgens Naude (1988:3) ontwinging en skade mee deurdat daar dikwels 'n verlies aan menselewens is, asook groot finansiële verliese vir individue en instansies.

Naude (1988:41) meld voorts dat alle sakeondernemings blootgestel is aan verskillende interne en eksterne vorme van misdaad. Die voorkoming van misdaad en die beveiliging van sake-eiendom is derhalwe 'n belangrike prioriteit wat deur geen onderneming geïgnoreer behoort te word nie.

Teen hierdie agtergrond blyk dit duidelik dat misdaadvoorkoming, hoe gering ookal, van kardinale belang is om bedreigings in die moderne samelewing die hoof te bied. Hierdie navorsing is daarop ingestel om die misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk te ontleed aan die hand van die meganiese en fisiese-milieu model en om sinvolle aanbevelings van tekortkominge te maak.

1.2 Die doel en aanleiding van die navorsing

Volgens Smit (1985:5) het navorsing onder andere tot gevolg dat nuwe kennis verkry word met die resultaat dat probleme opgelos kan word. Huysamen (1993:91) is van mening dat die doel met navorsing oor navorsingsprobleme beskryf kan word as die verklaring, voorspelling en beheer van menslike gedrag. Die negatiewe impak wat misdaad op die samelewing en lewenskwaliteit van 'n individu het, noodsaak dat nuwe kennis verkry moet word wat relevant en bruikbaar is vir die eeu waarbinne ons leef.

'n Verdere doelwit is om vas te stel of die uitgangspunte van die meganiese en fisiese milieu-misdaadvoorkomingsmodel sinvol toegepas en uitgebrei kan word om die besigheidsbelange van Transvaal Suiker Beperk optimaal te beskerm. Oscar Newman se weerbare ruimte teorie dien as basis vir hierdie verkenningstudie. Hoewel Newman se model fokus op misdaadvoorkoming binne residensiële gebiede, word daar met hierdie navorsingswerkstuk gepoog om vas te stel, eerstens, of Newman se model ook toepaslik is op nywerhede op plattelandse gebiede, en tweedens om vas te stel op welke wyse Newman se model uitgebrei kan word ten einde optimale misdaadvoorkomingsmaatreëls vir nywerhede daar te stel. Die relevansie van die meganiese en fisiese milieu-misdaadvoorkomingsmodel tot hierdie studie lê juis daarin dat industrieë, soos die suiker bedryf, hul bates beskerm deur dit eerstens moeilik bekombaar te maak vir misdadigers. Hierdie model kan egter van meer waarde wees indien die beginsels van die model ondersteun word deur moderne tegnologiese hulpmiddels. Alle misdaadvoorkomingsmaatreëls sal egter nutteloos wees indien dit nie ondersteun word

deur "mens" intervensie nie. Hier word spesifiek verwys na die ondersteuning van sekuriteitspersoneel wat kan reageer op 'n risikobreuk.

Voorts is hierdie navorsingswerk daarop gemik om bestaande misdaadvoorkomingsmaatreëls soos tans in plek by Transvaal Suiker Beperk, te evalueer en aanbevelings aangaande geïdentifiseerde leemtes te maak wat die grootste impak kan maak op misdaadvoorkoming en verder sal bydra tot die winsgewindheid van die maatskappy.

Ten einde die doelwitte te verwesenlik word gefokus op die geografiese ligging, fisiese en meganiese hindernisse, toevallige en beplande waarneming asook toegangsbeheer maatreëls as basis van die verdedigbare ruimte model.

Schurink (1990:107) beskryf bogenoemde werkswyse as verkennende navorsing wat uitgevoer word om vertrouwd te raak met 'n verskynsel waaroor daar relatief min bekend is om sodoende die navorser se nuuskierigheid en behoefte aan beter begrip te bevredig.

1.3 Rasionaal vir die navorsing

Misdaad is 'n fenomeen wat nie sal verdwyn nie en daarom moet die gemeenskap improviseer en deurgans nuwe maniere vind om hulself, besighede en privaat belange optimaal te beskerm. Mackenzie *et al* (1983:15) sluit hierby aan deur te sê "The private citizen and the businessman must put his own security in order, he cannot rely solely on the authorities for continuous protection...".

Benewens die uiteenlopende misdaadvoorkomingsmaatreëls in plek by Transvaal Suiker Beperk, vind misdaad steeds plaas en evaluering van bestaande maatreëls behoort by te dra dat sinvolle aanbevelings gemaak kan word ten einde optimale misdaadvoorkomingsmaatreëls te ontwikkel en aan te beveel.

Voorts is 'n primêre taak van Sekerheidsdienste te Transvaal Suiker Beperk, bate beveiliging. Binne werksverband moet misdaad op 'n sinvolle en koste effektiewe wyse bekamp word. Weens die verskeie oorsake en redes vir misdaadpleging, wat 'n studieveld op sy eie regverdig, blyk die taak meer kompleks te wees as wat op die oog af voorkom. Hierdie

opgelegde taak kan meer effektief uitgevoer word indien nie net berus word om standaard sekuriteitsmaatreëls aan te beveel en toe te pas nie, maar dat die beginsel van misdaad voorkoming by Transvaal Suiker Beperk gekomplimenteer word deur die toepassing van kriminologiese uitgangspunte gedoen aan die hand van hierdie navorsingswerkstuk.

Coetzee *et al* (1993:128) stel dit baie duidelik dat die voorkoming van misdaad toekomstig hoog op die prioriteitslys van kriminologiese navorsing moet wees.

Die plaaslike SAPD Stasiekommissaris en SAPD in geheel verwelkom enige poging wat aangewend word om misdaad plaaslik en nasionaal effektief aan te spreek en ondersteun dus hierdie navorsingsprojek.

1.3.1 Aanleidende vrae

Om aan te sluit by die rede vir die navorsingsprojek dui die formulering van relevante vrae as rigtingwyser vir die projek as 'n groter geheel.

Die formulering van die volgende vrae speel 'n belangrike rol tydens elke fase van die navorsingsprojek en strek soos 'n goue draad deur elke hoofstuk indeling:

Aanleidende vrae

- Is die bestaande misdaadvoorkomingsmaatreëls in plek by Transvaal Suiker Beperk voldoende om misdaad effektief te bekamp?
- Kan die beginsels van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel sinvol toegepas word om misdaad by Transvaal Suiker Beperk te minimaliseer?
- Op welke wyse kan die beginsels van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel uitgebrei en aangepas word om verbeterde misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk aan te beveel?

1.4 Begrensing

1.4.1 Geografiese ligging

Transvaal Suiker Beperk as korporatiewe instelling is geleë in Mpumalanga se Laeveld wat algemeen bekend staan as die Onderberg, ongeveer 65 kilometers Oos van Nelspruit. Die Komati- en Malelane Suiker Meulens is die hart van die maatskappy en die landgoedere verskaf rou materiaal (suikerriet) aan die twee meulens onderskeidelik.

Transvaal Suiker Beperk bestaan voorts uit verskeie landgoedere wat hoofsaaklik suikerriet en sitrus verbou. Die landgoedere beslaan 'n oppervlakte van nagenoeg 8800 hektaar en is geografies verspreid weerskante van die N4 tussen Kaapmuiden en Komatipoort. 'n Teeplantasie, naamlik Senteeko, is ook deel van die maatskappy en is geleë in die Drakensberg reeks naby Barberton, ongeveer 120 kilometers vanaf Malelane Meule.

Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op die Malelane en Komati Suiker Meulens. Die maatskappy se landgoedere word nie ingesluit by hierdie studie nie weens die geografiese uitgestrektheid van die landgoedere asook die andersheid van misdaadvoorkomingsmaatreëls van toepassing op landgoedere.

Malelane Meule


Malelane Meule is geleë 7 kilometers oos van die dorpie Malelane tussen die N4 roete na Komatipoort asook die roete na Malelane Hek (Kruger Nasionale Park). Hierdie Meule se oppervlakte beslaan nagenoeg 32 Hektaar en sluit die Menslike Hulpbron Finansiële hoofkantoor komplekse, aangrensend die meule, in. Die Malelane Meule kompleks bestaan uit die volgende geboue/persele wat deel uitmaak van hierdie studie en word numeries aangetoon (sien figuur 1.1.).

1	- Menslike Hulpbron en Landbou hoofkantoor gebou	11	- Padvervoer hek
2	- Finansiële hoofkantoor komplekse	12	- Hostel en woongebied
3	- Voertuig parkade	13	- Meule ablusie fasiliteit
4	- Vervoer afdeling	14	- Ultrabord

- | | |
|--------------------------------|--|
| 5 - Meule kantoorkompleks | 15 - Cargo Carriers |
| 6 - Meule parkade | 16 - N4 roete na Malelane en Komatipoort |
| 7 - Veevoer aanleg | 17 - Suikerstore |
| 8 - Verkrygingsdienste perseel | 18 - Sekuriteitskantoor |
| 9 - Malelane Meule aanleg | 19 - Hoofhek |
| 10 - Spoorvervoer hek | |

Die Malelane Meule kompleks, Vervoerafdeling asook die Veevoer aanleg is omhein. Ultrabord aangrensend aan Malelane Meule is 'n suster maatskappy wat oor 'n eie direksie beskik en wie 'n afval produk van Malelane Meule genereer en omskep in 'n gebruiksitem. Cargo Carriers is ook geleë aangrensend Malelane Meule wat onder andere aan die maatskappy 'n vervoer diens lewer. Beide genoemde besighede maak nie deel uit van hierdie studie nie.

Figuur 1.1



Komati Meule


Komati Meule is geleë op die R571 aangrensend die Lebombo bergreeks, ongeveer 35 kilometers Suid vanaf Komatipoort op die roete na die Border Gate grenspos na Swaziland. Komati Meule is geleë in 'n landelike omgewing, ongeveer 6 kilometers van die voormalige tuisland Kangwane (sien figuur 1.2).

Komati Meule is ongeveer 50 kilometers oos van Malelane Meule geleë en is 30 jaar nuwer as Malelane Meule. Argitektonies is die Komati Meule ontwerp deur onder andere te fokus op misdaadvoorkoming. Die geografiese ligging en afstand van Komati Meule na Komatipoort en die relatief lang reaksietyd van die SAPD of sekuriteit reaksie-eenhede het genoodsaak dat sekuriteitspersoneel genader is vir kommentaar op die algehele uitleg voordat die Meule gebou is. Die insette van Sekuriteitspraktisyns het bygedra tot die finale uitleg van die Meule, en soos uiteengesit te word in latere hoofstukke, kom die implikasie daarvan ten opsigte van effektiewe en koste besparende misdaadvoorkomingsmaatreëls duidelik na vore. 'n Direkte gevolg is dat minder sekuriteitspersoneel nodig is om 'n diens te lewer aan die Meule. Dit is egter belangrik om op te let dat Komati Meule nie al die dienste lewer wat te Malelane Meule bestaan nie en ook 'n baie kleiner Meule is.

Komati Meule bestaan uit die volgende geboue/personele asook toegangsbeheerpunte wat deel uitmaak van hierdie studie en word numeries aangetoon in figuur 1.2.

- | | |
|-----------------------------|------------------------------|
| 1 - Administratiewe kantore | 6 - Meule Parkade |
| 2 - Oornagfasiliteite | 7 - Verkrygingsdienste gebou |
| 3 - Nuwe Suikerstore | 8 - Komati Meule aanleg |
| 4 - Lokohek | 9 - R571 roete |
| 5 - Diffuser hek | 10 - Hoofhek |

Figuur 1.2



1.4.2 Steekproeftrekking

Smit (Coetzer 1998:5) beskou 'n verteenwoordigende steekproef as die klein verteenwoordigende groep wat uit 'n universum saamgestel word. Huysamen (1993: 38 - 46) maak onderskeid tussen die waarskynlikheid- en nie-waarskynlikheid-steekproewe. Waarskynlikheid-steekproewe word onderverdeel in die ewekansige steekproef, gestratifiseerde steekproef, stelselmatige steekproef en trossteekproef. Die nie-waarskynlikheidsteekproewe word onderverdeel in 'n toevallige steekproef, doelgerigte steekproef, kwota steekproef en sneeubal steekproef.

Volgens Babbie (Coetzer 1998:5) word daar gewoonlik van steekproeftrekking gebruik gemaak wanneer navorsing gedoen word om tyd en onkoste te bespaar. Weens die aard en fokuspunt van hierdie studie word steekproeftrekking as oorbodig beskou. Senior en middelvlak bestuurslede van die twee Meulens onderskeidelik is genader as respondente vir data-insameling in gevalle waar bestaande inligting onvoldoende was. Hierdie geselekteerde respondente sluit die beleidmakers en kardinale rolspelers in. Derhalwe was die opinies van algemene werknemers in hierdie verband nie noodsaaklik nie.

1.5 Die navorsingsmetodiek

1.5.1 Data-insameling

Literatuuroorsig

Literatuurstudie dien as belangrike bron vir data-insameling en is deurgans in hierdie studie toegepas. Memorandums, notules, kennisgewings, verslae, registers, ensovoorts is 'n belangrike kommunikasie medium binne korporatiewe verband en word derhalwe na verwys in latere hoofstukke. Erkende teoretiese naslaanwerke vorm die basis van agtergrondkennis oor 'n navorsingsonderwerp en derhalwe is literatuurstudie gedoen vir agtergrondkennis vir hierdie werkstuk oor misdaadvoorkoming. Inligting bekom uit bogenoemde mediums is van kardinale belang in latere hoofstukke en vervang die vraelys grootliks aangesien alle relevante inligting bekend en beskikbaar is.

Die uitgangspunt met die navorsingsproses as geheel is om relevante data te versamel en kronologies aan te bied wat tot 'n sinvolle bydrae ten opsigte van misdaadvoorkoming by Transvaal Suiker Beperk kan lei.

Literatuurstudie het tot gevolg dat massas inligting ingewin word wat gesif moet word totdat die belangrikste kerngedagtes uiteindelik 'n integrale deel uitmaak van die finale produk. Van der Westhuizen (1977:37) verduidelik die integrasie van data as volg: "The process of integration opens the widest possible criminological perspective, but at the same time focuses attention on the detail that will decide the success or failure of an investigation...". Neuwman (1997:89) is van mening dat literatuurstudie gebasseer is op die veronderstelling

dat kennis versamel word uit die werke van ander en dat daar geleer en gebou word uit wat ander reeds gedoen het.

Verwysingstegnieke

Die verkorte Harvard-verwysingstegniek, soos geïllustreer in die publikasie van Burger, M. 1992, Verwysingstegnieke, Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, is deurgans gebruik. Die verwysing na ander bronne is gedoen aan die hand van genoemde bron. Die verwysing na elektroniese inligting volg nie vasgestelde reëls nie, weens die ontbreking van neergelegde riglyne. Alle versigtigheid is aan die dag gelê om konsekwent en akkuraat na elektroniese inligting te verwys.

Empiriese navorsing

Misdaadvoorkoming by Transvaal Suiker Beperk, as gevallestudie, behels dat 'n kombinasie van literatuurstudie en empiriese data-insameling vir die doel van hierdie ondersoek aangewend is.

Die empiriese deel behels kortliks die insameling van feitlike gegewens rakende 'n onderwerp en die vraelys is 'n gewilde metode om sodanige inligting te versamel (Glick 1995:28). Weens die werksomskrywing en verhouding van die skrywer van hierdie verslag met Transvaal Suiker Beperk, is alle relevante inligting reeds beskikbaar en word die saamstel van 'n vraelys as oorbodig beskou in hierdie geval. Ontbrekende data is egter versamel aan die hand van onderhoude. Die hoof funksionariese, as beleidmakers, is hiervoor genader.

Die beskrywing van statistiese tegnieke en dataverwerking blyk dus irrelevant te wees tot die studie, aangesien daar nie van vraelyste en die vertolking daarvan gebruik gemaak word nie. Die statistiese verwysing na misdaad, soos uiteengesit word in latere hoofstukke, is selfverklarend. Daar is nie 'n voorkoms van beduidende verskille wat rekenaarkundige verwerking regverdig nie.

Hierdie ondersoek is hoofsaaklik verkennend en beskrywend van aard en daarom word daar nie van verskeie statistiese tegnieke gebruik gemaak nie.

Die integriteit waarmee hierdie ondersoek van stapel gestuur is, is van kardinale belang en daarom was die navorser deurentyd bedag op aspekte soos neutraliteit en objektiwiteit.

Waarneming

Huysamen (1993:143) verduidelik dat waarneming, hetsy regstreekse of stelselmatige waarneming, in die sosiale en gedragswetenskappe, 'n belangrike data-insamelingsprosedure is. Die waarnemer self dien as die meetinstrument en die geldigheid en betroubaarheid van die data versamel deur waarneming is gebaseer op die ervaring en kundigheid van die waarnemer. Tydens hierdie navorsingswerk het waarneming rakende die effektiwiteit van misdaadvoorkomingsmaatreëls 'n belangrike rol gespeel, veral waar gefokus is op dag tot dag werksaamhede van sekuriteitspersoneel. Aantekeninge is gehou van relevante besonderhede.

Onderhoude

Onderhoude is afgesien van vraelyste 'n belangrike tegniek om data te versamel. Aangesien daar in respondente se privaatheid inbreuk gemaak word, is dit belangrik om vooraf deeglike beplanning te doen en voorbereid te wees wanneer vrae gevra en soms self beantwoord moet word. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die respondent vooraf ingelig word waaroor die navorsing gaan. Die stap kan tot spontane gesprekvoering lei wat belangrike inligting uitbring.

Huysamen (1993:148) verduidelik dat die onderhoud as data-insamelingsmetode die vorm kan aanneem van 'n ongestruktureerde onderhoud, tot die volkome gestandaardiseerde gestruktureerde onderhoud wat in opname navorsing gebruik word. Die informele gespreksonderhoud is 'n onbeplande interaksie tussen die onderhoudvoerder en 'n respondent. Die onderhoud is so ongestruktureerd dat die respondent soms nie eens weet dat 'n onderhoud met hom gevoer word nie. Hierdie tegniek is gereeld toegepas tydens die navorsing.

Die gestandaardiseerde oop onderhoud aan die anderkant bestaan uit vrae wat vooraf presies uitgewerk en opgestel word soos dit tydens die onderhoud gestel gaan word. Hier is die bewoording en volgorde van die vrae belangrik. 'n Bandopnemer is 'n waardevolle instrument

wat gebruik kan word tydens onderhoudvoering. Notering van onderhoude is tydens hierdie navorsing gedoen.

Onderhoude vorm 'n belangrike deel van hierdie ondersoek en inligting wat deur veldwerk bekom is dra by tot die doel van die navorsing. Daar is hoofsaaklik van die ongestruktureerde onderhoud gebruik gemaak tydens die data insamelingsproses. Aantekeninge van die resultaat het as databasis gedien.

Dataverwerking

Identifisering en bestudering van inligting is 'n belangrike stap vir die samestelling van die geskrewe navorsingsveslag. Aan die hand van die ingesamelde inligting kry die navorser 'n duideliker beeld van die navorsingsonderwerp. Die ingesamelde inligting word in diepte ontleed sodat die geselekteerde inligting verder verwerk word tot in die finale verslag.

Deurgans behoort die doel van die navorsingsprojek in gedagte gehou te word tydens die seleksie en verwerking van die data. Neuwman (1997:101) verduidelik dat skeptisisme 'n norm van wetenskap is en die navorser moet nie sommer alles aanvaar wat nagevors is nie. Daar is dus selektief te werk gegaan om slegs relevante en goed deurdagte inligting te dokumenteer.

1.5.2 Definiëring van kernbegrippe

Die volgende begrippe word gereeld na verwys in hierdie navorsing en word derhalwe omskryf ter wille van duidelikheid vir die leser.

Misdaad

Stevens (1990:134) omskryf misdaad as die oortreding van 'n wet waaraan die oortreder skuld het en wat deur die staat met straf bedreig word.

Misdaadvoorkoming

Naude (1988:12) wys daarop dat uiteenlopende standpunte geld in die verband en dat misdaadvoorkomingsomskrywings 'n wye reeks aktiwiteite omvat wat gerig is op oortreders en slagoffers, sowel as die sosiale en fisiese omgewing.

Die verslagskrywer omskryf misdaadvoorkoming as die kombinasie van alle inisiatiewe wat in plek gebring, in stand gehou en gereeld aangepas word ten einde kwesbaarheid ten opsigte van misdaadpleging te verminder.

Die meganiese en fisiese- milieu benadering

Die benadering het betrekking op aspekte soos gebou- en stadsbeplanning, argitektuur, meganiese beveiliging deur middel van slotte, alarms, diefwering, ens., asook handels- en nywerheidsbeveiliging en beveiliging van die persoon, aldus Naude (1988:11).

Sekerheidsbewustheid

Sekerheidsbewusheid word deur Van der Westhuizen (1990:28) omskryf as 'n helder en duidelike besef dat leed en skade berokkening in 'n onderneming kan ontstaan en daar gevolglik teenmaatreëls getref moet word om die gevaar af te weer, terwyl bestaande sekerheidspraktyke nougeset en voortdurend opgegradeer moet word om verliese te voorkom.

1.5.3 Samestelling van die verslag

'n Duidelike, logiese en objektiewe argumentslyn is tydens hierdie navorsing gevolg en vind neerslag in die volgende hoofstuk indeling:

Hoofstuk 1 dien as inleidende hoofstuk waarbinne die metodologiese fundering tot hierdie navorsingswerk oor misdaadvoorkoming in die suikerbedryf, uiteengesit word.

Hoofstuk 2 gee kortliks 'n uiteensetting van die verskillende misdaadvoorkomingsmodelle en hul relevansie asook bruikbaarheid tot hierdie studie.

Hoofstuk 3 bespreek 'n opsommende uiteensetting van die meganiese en fisiese-milieu model met die fokus op Oscar Newman se verdedigbare ruimte ontwerp. Die model dien as basis en verwysingsraamwerk vir hierdie navorsingswerk.

Hoofstuk 4 gee 'n uiteensetting van die aard en omvang van misdaad en misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk.

Hoofstuk 5 dien as ontledingshoofstuk waartydens die beginsels van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model getoets word teen Transvaal Suiker Beperk as verdedigbare ruimte.

Hoofstuk 6 bestaan uit die bevindinge, aanbevelings en slotbeskouing.

1.6 Probleme wat ervaar is tydens die navorsing

Tydens die navorsingstydperk het verskeie strukturele veranderinge binne die maatskappy plaagevind. Die wagdiens komponent van die Sekerheidsdienste afdeling is uitgekonnekteer en verskeie misdaadvoorkomingsmaatreëls het ook in hierdie tydperk gerealiseer. Die kombinasie van genoemde maatreëls het hierdie navorsingsproses bemoeilik in die sin dat onnodige vertraging veroorsaak is.

Voorts is die navorsingsproses bemoeilik deurdat sekere respondente nie altyd beskikbaar was om 'n onderhoud toe te staan nie, nieteenstaande herhaalde besoeke. Die opsoring van relevante verslae en memorandum wat binne maatskappy verband saamgestel is rakende aanbevole misdaadvoorkomingsmaatreëls het tyd geveer en vertraging veroorsaak ter voltooiing van hierdie navorsingswerkstuk.

Voorts is baie literatuur gevind wat handel oor die onderwerp sekuriteit. Weinig van die boeke het pertinente inligting bevat rakende die voordele en uiteensetting van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel. Geen literatuur is ook gevind wat pertinent 'n uiteensetting gee van misdaadvoorkomingsmaatreëls in nywerhede of industrië nie. Daar word in beskikbare literatuur slegs oor die algemeen na misdaadvoorkomingsmaatreëls in hierdie hoedanigheid verwys.

Die statistiese uiteensetting rakende die aard en omvang van misdaad by Transvaal Suiker Beperk, kan nie as 'n ware weergawe beskou word nie, aangesien sommige misdaadvoorvalle nie aan die Sekerheidskantoor gerapporteer word nie. Die sogenaamde donkersyfer is egter laag aangesien sisteme en maatreëls in plek is om te verseker dat ten minste alle ernstige sekuriteitsbreuke gerapporteer word aan Sekerheidsdienste.

1.7 Samevatting

Tydens hierdie hoofstuk is die doelwitte en rasionaal vir die ondersoek duidelik uiteengesit. Die metodologiese stappe wat gevolg is, is duidelik uiteengesit met redes aangevoer waarom die vraelys nie deel uitmaak van hierdie navorsing nie.

Die omskrywing van kernbegrippe is altyd belangrik weens die verduideliking wat dit aan die leser bied. Sterk klem word deur die skrywer van die veslag gelê op die uitgangspunte en waarde van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel weens die belangrikheid van die maatreëls in die primêre voorkoming van misdaad.

Daar is voorts verwys na die moontlikheid om die leemtes van die meganiese en fisiese-milieu model aan te vul deur die komplimentering van die model aan die hand van moderne tegnologiese hulpmiddels asook die ondersteuning deur mens intervensie. In hierdie hoedanigheid gaan gepoog word om Newman se model verder te ondersoek sodat die model effektief by nywerhede toegepas kan word.

In hoofstuk 2 volg 'n uiteensetting van die verskillende misdaadvoorkomingsmodelle met verwysing na die tekortkominge en waarde vir praktiese implikasie van sodanige misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk.

HOOFSTUK 2

MISDAADVOORKOMING-EN MISDAADVEROORSAKINGSMODELLE

2.1 Inleiding

Indien misdaad nie 'n wêreldwye probleem was nie, sou die konsep misdaadvoorkoming 'n vreemde fenomeen gewees het. Derhalwe is dit nodig om kortliks 'n oorsig te gee oor die sienswyse van belangrike rolspelers in die vakgebied kriminologie, rakende misdaad in die algemeen. Verskeie misdaadverklaringsmodelle het eeue gelede reeds die lig gesien en volgens Naude (1988:29) bestaan daar verskeie benaderings of strategieë wat toegepas kan word ter voorkoming van misdaad. Om misdaad te voorkom moet misdaad eerstens verklaar word, 'n vraagstuk waarmee kriminoloë en ander rolspelers daagliks worstel. Die studieterrrein van kriminologie ter verduideliking en aansluiting behels dus dat die misdaadverskynsel in sy volle omvang bestudeer word. Volgens Naude (1988:29) is misdaad 'n komplekse verskynsel wat die gevolg is van veelvuldige oorsake. Stephens en Becker (1994:27) verduidelik dit as volg, "Crime is also presented in a much more complex and ambivalent way, sometimes rooted in social problems and perpetrated by those needing care as much as control, sometimes the product of greed or brutality, which seems beyond explanation and calling only suppression...".

2.2 Historiese ontwikkeling

Cesare Beccaria (1764, 1986: 3-15) verwys na die barbaarse middeleeuse wyse waar misdaad voorkom is deur onder andere die oortreder swaar te straf en om deur middel van foltering, bekennisse uit verdagtes te dwing. Indien 'n persoon sou sterf weens die foltering, is geglo dat dit 'n teken van sy aandadigheid aan die aangeklaagde misdaad was. In baie gevalle het beskuldigdes skuld erken, net om nie langer gepynig te word nie, of hy/sy nou skuldig was of nie. Die doel van straf was om af te skrik en om misdadigers te weerhou van misdaadpleging. Cesare Beccaria het voorts van die standpunt uitgegaan dat straf verseker moet volg na

misdadpleging en dat dit spoedig toegepas moes word vir maksimum afskrikingswaarde. Beccaria was ook van mening dat die straf wat toegepas word net genoeg moet wees om die oortreder te laat besef dat misdadpleging geen voordele inhou nie en het 'n onderskeid getref tussen plesier en pyn as motivering vir misdadpleging. Beccaria het die marteling van oortreders veroordeel en dit beskryf as wreed en onregverdig. Volgens Beccaria (1819, 1953:19) is alle straf wat die grense van nodigheid oorskry, ongeregverdig. Straftoedeling moet dus by die misdad pas en nie die mensdom laat terug verval in barbaarsheid nie. Jeremy Bentham het Beccaria se siening gedeel, naamlik om misdad te voorkom moet die strafsanksie swaarder weeg as die voordele wat misdad inhou (Schmalleger 1996:138-140).

Glick (1995:71) verduidelik dat die klassieke- en positivistiese kriminologiese teorieë moderne denkwysers vooraf gegaan het, ten opsigte van misdadverooraking. Sedertdien is die denkskole aangepas en nuwe denkskole is ontwikkel. Moir en Jessel (1995:01) se siening rondom misdad en kriminologiese teorieë as voorbeeld is as volg: "Crime is the product of poverty or greed. It is the result of social dislocation, television, the genes or the devil. Choose your decade, and you will find a criminological theory to suit you...". Van Heerden (1988:162) se siening andersyds is dat die individu die sleutelfiguur in misdadvoorkoming is en wanneer die individu fisies, geestelik, emosioneel of maatskaplik swak toegerus is, verlaag sy weerstand teen versoeking en druk wat kan lei tot misdadigheid.

Hierdie hoofstuk gee 'n oorsig oor die misdadveroorakingsdenkskole asook die ontwikkeling van verskillende misdadvoorkomingsmodelle wat hoofsaaklik in twee groepe ingedeel word. Naude (1988:15) onderskei tussen die individualistiese benadering, wat gerig is op die oortreder as individu, en die fisiese- en omgewing misdadvoorkomingbenaderings wat gerig is op die misdadsituasie self. In die eerste benadering fokus die behandeling en voorkoming rondom biologiese, psigiese, maatskaplike, asook wetlike sanksies en straf as weerhoudingsmaatreëls. Die tweede benadering gee 'n uiteensetting van die misdadvoorkomingsmodelle wat op die misdadsituasie self gerig is, en het ten doel om die geleentheid vir misdadpleging in die fisiese omgewing te beperk. Dit is die primêre stap wat geneem word om misdad te voorkom en word in latere hoofstukke in meer besonderhede uiteengesit.

2.3 Misdadveroorsakingsdenkskole

Volgens Naude (1988:5) poog wetenskaplikes reeds sedert die agtiende en negentiende eeue om vanuit verskeie dissiplines die oorsake van misdaad te verklaar. Vervolgens word 'n kort uiteensetting van die klassieke en neo-klassieke-, positivistiese-, en konflik en radikale denkskole gegee.

2.3.1 Die klassieke en neo-klassieke benadering

Volgens Schmalleger (1996:138) is die klassieke denkskool se sienswyse dat die mens 'n rasionele denke het en dat misdaad die resultaat is van die uitoefening van 'n individu se vrye wil. Voorts behoort die toepassing van straf misdaad te voorkom aangesien die pyn soos vervat in die straf wat opgelê is, die voordele van misdaad neutraliseer. Voordat misdaad gepleeg word, word oorweging geskenk aan die potensiële voor- of nadele wat uit die daad verkry kan word. Cesare Beccaria (Barkan 1997:120) het die klassieke skool ontwikkel met die belangrike onderskeid dat die mens 'n vrye individu is wat rationeel en logies dink en handel en daarom kan kies tussen korrekte en verkeerde optrede. Straf is die resultaat van misdadpleging en plesier in die weerhouding van misdaad. Beccaria (1819, 1953: 17) haal Montesquieu aan wat na straf verwys as "Every punishment which does not arise from absolute necessity, is tyrannical..." Beccaria het hom voorts sterk uitgespreek teen marteling en die doodsvonnis.

Die neo-klassieke denkskool het die vryewil benadering in 'n mate aangepas deur daarop te wys dat die vryewil waaroor die individu beskik, deur sekere vorme van patologiese en geestesversteurings ingeperk kan word. 'n Verdere uitgangspunt van die neo-klassieke skool is dat misdadigers verdien om gestraf te word aangesien die gevolge van misdadpleging vooraf bekend is en die skool het mettertyd ontwikkel in meer moderne sienswyses (Schmalleger 1996:143). Volgens Fattah (1997:208) spruit die ontwikkeling van die neo-klassieke denkskool uit die onderskeid wat gemaak word met die vasstelling van die graad van vryheid waarmee misdaad gepleeg word. Dit beïnvloed die strafsanksie. Die klassieke denkskool het volgens Barkan (1997:120) belangrike hervormings tot die kriminele juridiese stelsel tot gevolg gehad met die positivistiese denkskool wat in die negentiende eeu ontwikkel is. Dit word vervolgens bespreek.

2.3.2 Die positivistiese denkskool

Cesare Lombroso is volgens Sykes en Cullen (1994:14), die vader van die skool met die argument dat kriminele 'n primitiewe vorm van die mensdom is, gekenmerk deur spesifieke atavistiese kenmerke (terugval na 'n vroeë vlak van beskawing) wat insluit, groot kakebene, buitengewone oor-grote en oneweredigheid van gesigskenmerke. Volgens Bartol en Bartol (1986:11) verwys positivisme na 'n bepaalde wetenskaplike filosofie en dat kennis alleen verkry kan word deur middel van wetenskaplike waarneming en meting. Die siening vind gestalte in die biologiese misdaadvoorkomingsmodel. Die abnormaliteite wat Lombroso as kenmerkend van misdadigers beskou het, was nie die oorsake van misdadige gedrag nie, maar eerder identifiserende kenmerke van diegene wat met die atavistiese toestand gebore is (Kratcoski & Kratcoski 1990:28).

Hoewel hierdie sienswyse in later jare verkeerd bewys is, het Lombroso se uitgangspunt, nl. dat die oortreder as individu uitgeken kan word op grond van sy biologiese, psigologiese en sosiale kenmerke, die negentiende eeu oorheers. Barkan (1997:123) sluit hierby aan deur te meld dat die positivistiese veronderstel het dat daar twee kategorieë mense bestaan, naamlik kriminele en nie-kriminele. Daar is geglo dat die kriminele verskil van die nie-kriminele ten opsigte van, biologiese, psigologiese en sosiale karakteristieke. Die nie-kriminele was dus as "normaal" gesien teenoor die kriminele wat as "abnormale" wesens gesien is.

2.3.3 Konflik en radikale kriminologie

Volgens Livingston (1996:382) fokus die radikale of kritiese kriminologie op die ekonomiese basis binne 'n gemeenskap as misdaadveroorsoekend. Alleenlik die transformasie van die ekonomiese basis binne 'n gemeenskap sal volgens die radikale denkers 'n groot afname in misdaad tot gevolg hê. Schmallegger (1996:316) meld dat Karl Marx (die vader van Marxisme) se uitgangspunt was dat kapitalisme die kommunistiese ideologie wêreldwyd die lig laat sien het. Volgens Marx bestaan 'n gemeenskap uit twee groepe naamlik die "Poletariat" en "Bourgeoisie". Die Marxisme sien die "Poletariat" as die werkersklas en die "Bourgeoisie" word gesien as die besigheidseienaars of dié wie finansieel goed versorg is. Kontemporêre radikale denkers voer vandag aan dat die rede vir misdaadpleging gegrond is in die sosiale toestande wat die welgesteldes en polities goed georganiseerde lede van die

gemeenskap skep. Quinney (Schmallegger 1996:323) is van mening dat terrorisme 'n uitvloeisel van misdaad is weens die bewustelike rebellie teen kapitalistiese toestande en die weerstand daarteen. Volgens Barkan (1997:229) dui die konflikteorie daarop dat "Law is a key part of the struggle in society between powerful interests and the powerless. To preserve their position at the top, the powerful use the law to control the behaviour of the powerless...".

Toby (Siegel & Senna 1991:207) is van mening dat kriminaliteit en immorele gedrag teenwoordig is binne elke samelewing en binne elke sosiale vlak. Toby meld dat die minderbevoorregtes, in verhouding, meer bydra tot misdaad in die algemeen as die gegoede klas. Vervolgens word gefokus op die onderskeie misdaadvoorkomingsmodelle soos uiteengesit in die individualistiese- en meganiese en fisiese- milieu modelle.

2.4 Individualistiese benaderings

Die individualistiese benadering ten opsigte van misdaadvoorkoming word vervolgens bespreek aan die hand van die biologiese-, psigiese-, sosiaal maatskaplike-, en wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodelle. Hierdie modelle fokus op die individu as oortreder.

2.4.1 Die biologiese misdaadvoorkomingsmodel

Glaser (1974:104) meld dat biologiese faktore 'n invloed het op gedrag in die algemeen en daarom ook op misdadige gedrag.

Die algemene uitgangspunt van die biologiese verklaring vir misdadige gedrag is dat oortreders sekere fisiese kenmerke het wat hulle onderskei van nie-oortreders (Conklin 1981:149). Die oorsake van misdadige gedrag in die biofisiese benadering word dus in sekere biologiese of siekte toestande van die persoon gesoek (Naude 1988:8). Vanuit 'n kriminologiese oogpunt word veral aan die volgende faktore aandag geskenk wat moontlik kan bydra tot misdaad:

- Liggaamsbou en misdadige gedrag;

- Oorerwing en misdaad;
- Chromosoom afwykings en misdadige gedrag;
- Die verband tussen fisiese gebreke en misdadige gedrag;
- Intelligensie as faktor by misdadige gedrag; en
- Biochemiese en neurologiese steurnisse.

2.4.1.1 Liggaamsbou en misdadige gedrag

Cesare Lombroso (Barkan 1997:125) het die misdadiger as 'n morfologiese barbaar beskou wat eienskappe van primitiewe voorvaders toon met 'n wesenlike atavistiese geaardheid (herlewing van primitiewe instinkte). Misdadigers kan van nie-misdadigers onderskei word deur middel van hulle liggaamsbou. Lombroso se boek, "Delinquent man", werp meer lig op die evolusionêre verlede van kriminele morfologie en die brandmerk van die gebore krimineel aan die hand van atavistiese karakteristieke eienskappe (Sykes & Cullen 1994:14). Die grootste kritiek teen Lombroso se werk is dat hy nie vergelykende studies gedoen het deur nie-kriminele se liggaamlike kenmerke te toets teenoor die van kriminele nie.

Tydens 1913 het Charles Goring (Barkan 1997:125) 'n studie geloods waartydens hy 3000 Engelse veroordeeldes met 'n groot aantal Engelse nie-kriminele vergelyk het rakende verskeie fisiese liggaamsverskille. Die bevindings soos uiteengesit in Goring se boek, "The English convict", dui daarop dat hy nie Lombroso se bevindinge kon staaf nie en geen verband kon vind tot atavisme nie. Goring het wel gevind dat die kriminele oor die algemeen korter en ligter was as sy kontrole groep. Goring se navorsingsresultaat word as volg deur Sykes en Cullen (1994:15) opgesom: "Our results nowhere confirm the evidence of a physical criminal type, nor justify the allegations of criminal anthropology...". Lombroso se siening van misdaadveroorsoekingsfaktore het egter wye byval gevind tydens die twintigste eeu en volgens Barkan (1997:125) het Lombroso sy siening ten opsigte van atavisme teen die einde van sy loopbaan verander.

William Sheldon (Coetzer 1998:22) het gedurende die veertigjare tydens sy studies probeer om sekere liggaamlike eienskappe aan jeugmisdaad te verbind. Hy het drie liggaamstipes onderskei, naamlik, endomorfiiese-, ektomorfiiese- en mesomorfiiese toestande. Laasgenoemde liggaamstipe is beskou as die een waarin meeste jeugoortreders se liggaamsbou geval het. Die

wetenskaplike studie het gefokus op aspekte soos massa, lengte en die verhouding tussen ledemate wat op 'n sewepunt skaal gemeet is, asook die verband tussen liggaamsbou en persoonlikheidskenmerke. Cronje *et al* (1987:50) wys daarop dat die fisiese voorkoms van 'n persoon, grootliks geneties bepaal word, maar dat omgewingsfaktore soos dieet ook 'n invloed kan hê.

Hoewel liggaamstipe hoofsaaklik deur oorerwing bepaal word, kan omgewingsfaktore soos wanvoeding daartoe bydra dat 'n persoon byvoorbeeld onderontwikkel met 'n swak beenstruktuur is. Algemene lewenstyl en sportbeoefening kan ook liggaamsbou en gespierdheid verander veral waar steroides deur sportmanne gebruik word.

2.4.1.2 Oorerwing en misdaad

Naude en Labuschagne (1990:38) verduidelik dat 'n Duitse fisioloog, Johannes de Lange in 1929 die kriminele geskiedenis van dertien pare identiese tweelinge en sewentien pare nie-identiese tweelinge bestudeer het. Die algemene uitgangspunt was dat verskille in misdaadpatrone tussen die twee groepe 'n aanduiding sal wees dat oorerwing 'n rol speel. Die resultaat was dat in 77 persent van die gevalle albei identiese tweelinge misdaad gepleeg het in vergelyking met net 12 persent in die geval van die nie-identiese tweelinge.

Verskeie soortgelyke studies met vergelykende resultate is onderneem. Kritiek wat uitgespreek word rakende tweelingstudies berus grootliks op die ontoereikende seleksie- en metingsmetodes asook die klein getal tweelinge wat oor die algemeen ondersoek is. Dit is voorts nie duidelik oor wat oorgeërf word en wat aanleiding gee tot misdadige gedrag nie (Naude & Labuschagne 1990:38-40). Bartol (1991:37) is van mening dat kriminaliteit uit oorerwing kan spruit, maar waarsku dat oorerwing alleen nie die uitsluitlike of mees belangrike faktor by misdadigheid is nie. Chromosoom afwyking as deel van die biologiese model word kortliks vervolgens na verwys.

2.4.1.3 Chromosoom afwykings en misdadige gedrag

Navorsing in die sestigerjare het getoon dat 'n ekstra y- chromosoom, die sogenaamde xyy-sindroom, moontlik misdadige gedrag kan verklaar.

Volgens Conklin (1981:154) het die afwyking gepaardgegaan met 'n buitengewone lengte van 184cm en meer, lae intelligensie, aggressie en geweldsmisdade. Voorts word gemeld dat ander faktore soos lae intelligensie, lae opvoedingspeil en swak omgewingstoestande, eerder as chromosoom afwykings vir die kriminele gedrag verantwoordelik was.

2.4.1.4 Intelligensie en misdadige gedrag

In vroeëre studies oor die verband tussen misdadige gedrag en intelligensie is bevind dat oortreders 'n laer intelligensie het as die bevolking in die algemeen. Baie kritiek is oor hierdie studies uitgespreek en Conklin (1981:159) wys daarop dat ondersoek wat bloot gevonnise oortreders met nie-oortreders vergelyk, ongeldig is, aangesien nie-oortreders ook misdaad kon gepleeg het sonder om gevang te word. Hy is voorts van mening dat oortreders juis in aanhouding is weens hulle swakker intelligensie en daarom gearrester is. Meer intelligente persone fokus op gesofistikeerde misdade soos witboordjie oortredings en word minder uitgevang en gearrester. Om misdaad gepleeg deur swaksinniges te voorkom, is sterilisasies volgens Kratcoski en Kratcoski (1990:30) gebruik om die voortplanting van nuwe generasies swaksinniges te verhoed.

Cronje *et al* (1987:53) beweer dat 'n groot aantal komplekse faktore 'n rol speel by persoonlikheidsvorming, waarvan intelligensie 'n faktor is, en dat verskeie aspekte 'n nadelige of voordelige uitwerking op 'n individu kan hê.

2.4.1.5 Biochemiese en neurologiese steurnisse

Shoemaker (1984:26) verduidelik dat chemiese afwykings of wanbalans, 'n individu se denkpatrone, motoriese reaksie en breinfunksies sodanig kan beïnvloed dat dit moontlik tot misdadige gedrag aanleiding kan gee. Genetiese faktore, beserings, siektes, voedingsgebreke, ensovoorts, kan aan die anderkant weer lei tot neurologiese verstourings. Breinbeserings kan ook breinpatrone verander terwyl vitamien tekorte kan lei tot aggressiewe gedrag, (Kratcoski & Kratcoski 1990:31).

2.4.2 Toepassingswaarde van die biologiese misdaadvoorkomingsmodel

Volgens Naude (1988:16) blyk dit dat die gebruik van medikasie tesame met gepaste terapie sekere gedragsprobleme kan beheer of verminder. Die waarde van hierdie misdaadvoorkomingsmaatreël vind veral byval ten opsigte van die voorkoming van geweldadige gedrag. Lewis (Naude 1988:16) staaf die waardevolle bydra van anti-epileptiese en anti-psigotiese medikasie ten opsigte van geweldadige oortreders.

Die fokus van hierdie navorsing is op die meganiese en fisiese milieu-misdaadvoorkomingsmodel. Daarom word die biologiese model nie vir die doel van hierdie navorsing verder toegelig of bespreek nie. Gewelddadige gedrag het nooit voorheen binne die werksituasie voorgekom nie en hou derhalwe geen risiko vir die maatskappy in nie. Stelsels soos die griewe- en dissiplinêre kodes en die gevolge daarvan, blyk voldoende te wees om sodanige gevalle binne maatskappy verband te voorkom. Hiermee saam dra die maatskappy se werwingsproses van nuwe kandidate by tot risiko uitskakeling. Dit word gedoen aan die hand van geselekteerde psigometriese toetse en vorige werksverwysings (Boshoff 2001).

Naude (1988:17) dui voorts daarop dat hierdie model duur en tydrowend is wat algemene toepassing bemoeilik. 'n Verdere nadeel is dat ingryping gewoonlik eers na die aanvang van misdadige gedrag geskied en oortreders moeilik vooraf geïdentifiseer kan word wat as bykomende rede dien hoekom hierdie model nie prakties uitvoerbaar is vir 'n besigheidsinstelling soos Transvaal Suiker Beperk nie.

Volgens Barkan (1997:135) verklaar biologiese faktore nie kriminaliteit as 'n totale konsep nie, maar fokus net op aggressie en geweldadige gedrag. Biologiese faktore kan bepaal waarom sekere individue meer geneig is om misdaad te pleeg, maar neem nie die beïnvloeding van omgewingsfaktore in ag nie.

2.4.3 Die psigiese misdaadvoorkomingsmodel

Die belangrikste bydrae van die psigiese model berus op die vroegtydige identifisering van diegene wat geneig kan wees om in misdaad of wangedrag te verval. Naude (1988:17) wys daarop dat die oortreder gesien word as 'n "siek" persoon wie se kriminele gedrag deur

verskeie behandelingsmetodes beheer kan word ten einde toekomstige misdadige gedrag te voorkom. Die belangrikste behandelingsmetode bly terapie.

Volgens Barkan (1997:139) word Sigmund Freud beskou as die grondlegger van psigoanalise en het sy werk as basis gedien vir kriminologiese ontwikkeling. Freud se werk het egter meer gefokus op geestesversteurings as op misdaad. Freud het drie aspekte van persoonlikheid voorgestel, naamlik die "id", wat die dryfvere van onmiddellike bevrediging verlang en wat kenmerkend van die ongesosialiseerde en onbeheerste individu is. Die "superego" verteenwoordig die gewete en fokus op die ouerlike gesag in die individu wat die voortdurende aanvaarding van kulturele norme en waardes vereis. Die "ego" dien as middelaar wat die behoeftes van die individu by die behoeftes van die superego probeer aanpas (Conklin 1995:153). Vold en Bernhard (Coetzer 1998:37) is van mening dat die psigoanalitiese interpretasies van afwykende en misdadige-gedrag gesentreer is rondom die steurings of verdeeldheid tussen die ego en super ego en/of 'n gebrek aan beheer deur die "id". Voorts is die psigoanalitiese teorie nie deur Freud ontwikkel as 'n kriminologiese teorie nie, maar eerder as 'n verklaring van alle gedrag.

Moir en Jessel (1995:97) verduidelik dat "The criminal die is cast during childhood; by adulthood it is too late to intervene. They are also convinced that, with proper diagnostic tools, such future, habitual offenders can be - and have to be - identified in their earlier years...". Die skrywers is voorts van mening dat die vroeëre identifikasie van sodanige persone van kardinale belang is, voordat "*damage to society is done*". Die psigoanalitiese teorie van Freud sluit hierby aan wat die klem plaas op die vroeë kinderjare en definiëer verskillende stadiums van psigologiese ontwikkeling, wat ooreenstem met die kind se bemeestering van sekere liggaamsfunksies.

Die psigoanalitiese model sien misdaad as die gevolg van onvoldoende sosialisering en Conklin (1995:161) wys daarop dat sommige psigososiale soos skisofrenie, moontlik verbind kan word met geweldsmisdade.

2.4.3.1 Uitgangspunte

Jacobs (1990:226) voer aan dat die volgende die basiese uitgangspunte van die psigiese model saamvat:

- Die oorsake van misdadige gedrag is in die individu self gesetel.
- Misdadige gedrag is die gevolg van innerlike steurnisse.
- Interpsigiese probleme kan tot kommunikasie steurnisse lei wat misdadige gedrag tot gevolg het.
- Psigiese probleme neem reeds in die vroeë kinderjare 'n aanvang.
- Misdadige gedrag is die gevolg van innerlike konflikte.

2.4.3.2 Toepassingswaarde van die psigiese misdaadvoorkomingsmodel

In die psigiese misdaadvoorkomingsmodel word daar veral klem gelê op die behandeling van 'n persoon wat gedragsafwykings en gepaardgaande misdadige gedrag openbaar. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die oortreder se misdadige gedrag beheer kan word deur die toepassing van verskeie behandelingsmetodes (Jacobs 1990:226).

Volgens Naude (1988:17) vind behandeling meestal in isolasie plaas en die onderskeie behandelingsmetodes is gespesialiseerd. Die behandeling is baie duur en sukses kan nie altyd gewaarborg word nie. Programme behoort selektief gekeur te word wat gedragsprobleme en misdadigheid optimaal kan aanspreek.

Hierdie model berus daarop dat behandeling toegedien word nadat 'n oortreder geïdentifiseer is en is dus reaktief van aard. Die gebruikswaarde van die model hou vir Transvaal Suiker Beperk weinig voordele in, gebasseer op die volgende redes:

- Voorindiensneming evaluerings identifiseer tydig potensiële risiko gevalle.
- Geskiedkundig het slegs een sodanige geval binne die maatskappy voorgekom wat deur middel van vervroegde pensioen aangespreek is. Morele ondersteuning is aan die persoon gebied en relevante behandelingsessies vanaf die interne Kliniekdienste is verkry (Herbst 2001).

- Moeilike identifisering van bestaande personeel wat afwykende gedrag openbaar.
- Die sukseswaarde van behandeling, indien omstandighede so 'n behandelingsprogram regverdig, is onseker.
- Hierdie model fokus op die individuele oortreder sonder om die bydrae van omgewingsinvloede in ag te neem.

2.4.4 Die sosiaal maatskaplike misdaadvoorkomingsmodel

Volgens Naude (1988:19) fokus hierdie model op die sosiale of maatskaplike omgewing van oortreders en potensiële oortreders.

Die volgende uitgangspunte van die sosiologiese model word aangevoer as bydraend tot misdaadpleging binne swak sosio-ekonomiese omstandighede:

- Lae opvoedingspeil en beroepsopleiding
- Swak behuising
- Oorbewoning
- Agterbuurttoestande
- Armoede
- Werkloosheid
- Ontoereikende gesinsopset
- Gebrekkige tussen persoonverhoudings
- Onvoldoende internalisering van gemeenskapsnorme en -waardes
- Swak ontspanningsgeriewe
- Alkohol- en dwelmisbruik.

Jacobs (1990:227) beweer dat indien die sosio-ekonomiese toestande verbeter, die positiewe verandering in individuele gedrag ook waargeneem behoort te word. Die grootste waarde van die program lê in die opstel van gemeenskap geïnspireerde programme, wat veral gewild is in lande soos die VSA en Engeland.

Jacobs (1990:228) gee die volgende riglyne vir die opstel van gemeenskapsprogramme:

- Die program moet die steun van die hele gemeenskap geniet;
- Die program moet gerig wees op plaaslike probleme wat deur die gemeenskap self geïdentifiseer is;
- Die program moet so opgestel word dat dit alle belanghebbende organisasies daarby betrek, soos die polisie en welsynsorganisasies; en
- Die program moet met effektiewe en goed georganiseerde openbare skakelwerk geloods word indien enige suksesse in die vooruitsig gestel word.

Volgens Reid (1988:205) sien sommige navorsers teoretiese misdaad as 'n refleksie van die gesins- en sosiale omgewing met die veronderstelling dat straf, hoe ernstig ookal toegepas, nie voldoende is om misdaad te beheer nie. Ander skrywers blameer die totale gemeenskap weer as rede vir misdaadpleging, en selfs geweldsmisdaad word gesien as die resultaat van onvoldoende sosiale strukture.

Transvaal Suiker Beperk speel 'n rol in die sosiaal maatskaplike milieu van die omgewing deur betrokke te wees by gemeenskapsprogramme. Volgens Pienaar (2001) is die maatskappy betrokke by onder andere, opvoedingsprogramme, beskikbaarstelling van huise aan kwalifiserende personeel, verskaffing van basiese mediese dienste aan sommige personeel, alkohol rehabilitasie programme, ensovoorts. Daar word in latere hoofstukke in meer besonderhede na hierdie onderwerp verwys. Die relevansie van hierdie verwysing is gebaseer op sekere kenmerke van die sosiaal maatskaplike model, soos hierbo na verwys. Hoewel die maatskappy se betrokkenheid by die plaaslike gemeenskap primêr nie gefokus is op misdaadvoorkoming nie, is die indirekte waarde van sodanige aksies ten opsigte van misdaadvoorkoming 'n onderwerp wat nagevors kan word. Verskeie groot besigheidsinstellings veral in plattelandse gebiede het soortgelyke gemeenskapsprogramme wat daadwerklik in 'n geringe mate 'n rol behoort te speel om misdaad te voorkom.

2.4.4.1 Cohen se afwykende subkultuurteorie

Williams en Mcshane (1994:108) verduidelik dat afwykende gedrag meestal gevind word by mans van die laerklas, veral wanneer bendevoorming plaasvind. 'n Doelwit van sulke bendes, is nie noodwendig gefokus op misdadigheid nie, maar eerder om strydig op te tree teenoor die neergelegde middel- en hoërklas samelewingswaardes. Cohen is van mening dat alle kinders

en elke individu opsoek is na sosiale status. Die laerklas kinders pas nie in by die middelklas nie en materieële en simboliese voordele ontbreek by die groep.

Hierdie wanbalans in gemeenskappe lei daartoe dat kinders aanvaarding soek binne 'n groep teen wie so 'n kind 'n gelykmatige kans het binne kompetisie verband. Daar word teruggeval na die bende struktuur waarbinne die individu aanvaarding vind en wie dieselfde doelwitte nastreef.

Cronje *et al* (1987:281) wys daarop dat hoewel die meeste ondersoekers die delinkwente jeugbende tot nou toe in die laer sosio-ekonomiese klas van die bevolking lokaliseer, daar vandag toenemend besef word dat bendevorming nie net tot een klas beperk is nie. Dit is veral die middelklaskinders wat hulle skuldig maak aan gedragsafwykings soos drankmisbruik, dobbel, seksuele wanpraktyke en motordiefstal.

Deur sosialisering word goeie norme aangeleer en word persone so goeie lede van die samelewing, en nie selfsugtige individue nie (Barkan 1997:155). Die gewone misdadiger word gesien as 'n persoon wat geen sosiale gewete het nie en enigiets sal doen om sy belange te bevorder. Volgens Kratcoski en Kratcoski (1990:64) word die oorsake van misdadige gedrag gesoek in die sosiale omgewing en sosiale verhoudings. Van Heerden (1988:124) sluit hierby aan en sê, omdat die formele struktuur gewoonlik vooropgestel word, verdwyn die individuele werknemer in die struktuur. Individuele behoeftes word onbevredig gelaat, frustrasie ontstaan en die moreel word nadelig beïnvloed. Williams en Mcshane (1994:109) verduidelik die stelling as volg, "The more a frustrated lower-class youth interacts with those in the delinquent subculture, the greater is the likelihood that the youth will take up the definitions and behaviors of the subculture...".

Hierdie swak sosio-ekonomiese toestande gee dan aanleiding tot gebrekkige sosialisering, swak interpersoonlike verhoudings en onvoldoende internalisering van die norme en waardes wat in 'n gemeenskap van toepassing is. Volgens hierdie groep mense word misdaad as normaal en funksioneel in die samelewing beskou. Misdaad word as 'n noodsaaklikheid gesien en die navolging van reëls en regulasies veroorsaak spanning en konfrontasie. Volgens Cohen (Williams & Mcshane 1994:110) tree frustrasie by die laerklas in nadat pogings om

Onttrekking is 'n toestand waar die individu sowel die doelstelling as die norme verwerp. Onttrekking is die gevolg van volgehoue mislukkings. Voorbeelde van afwykende gedrag wat dan ontstaan kan gesien word by boemelaars, alkoholiste en dwelmverslaafdes.

Rebellie word gekenmerk deur die verwerping van bestaande doelstellings en norme. Die bestaande gemeenskapsnorme word nie aanvaar nie, en daar word gepoog om 'n nuwe stel reëls neer te lê wat rebellie en revolusie tot gevolg het.

Die anomieteorie is veral gewild in lande soos die VSA waar onderlinge kompetisie aan die orde van die dag is en inwoners voortdurend na sukses strew. Vir baie individue bestaan daar nie geleentheid vir sukses nie wat tot gevolg het dat afwykende gedragpatrone ontstaan.

2.4.4.3 Sutherland se differensiële assosiasieteorie

Volgens Barkan (1997:191-192) en Williams en Mcshane (1994:71) het Edwin Sutherland van die veronderstelling uitgegaan dat groepe mekaar onderling beïnvloed en ook misdadige gedrag aanleer van mekaar. Die afwykende portuurgroep stel sy eie norme daar wat aanvaarbaar is vir elke bendelid. Kriminaliteit word gesien as die produk van 'n situasie, geleentheid en ook gemeenskapwaardes.

Sutherland se teorie is ontwikkel uit die Chicago skool wat gegrond was op drie fundamente, naamlik die ekologiese en verplasingsteorie, simboliese interaksionisme en die kultuurkonflik teorie. Binne hierdie konteks het Sutherland sy teorie geformuleer deur beide individuele kriminele gedrag en die variasie van gedrag in gemeenskapsgroepe ten opsigte van misdaad te verduidelik (Williams & Mcshane 1994:71-75). Die basiese uitgangspunte van die differensiële assosiasieteorie berus daarop dat misdadige gedrag die produk is van 'n gedifferensieerde sosiale organisasie en dat misdadige gedrag aangeleer word.

Sutherland (Williams & Mcshane 1994:75) verduidelik dat kultuurkonflik teenwoordig is binne elke gemeenskap, en het tot gevolg dat verskeie waardes en belange tussen die verskillende sosiale gemeenskapsgroepe daargestel word. Baie van hierdie waardes kom in konflik en orde word onder andere deur wetgewing behou. Groepe wat dan ander waardes

nastreef wat wetgewing voorhou, kom in konflik met die owerhede wat meer misdaadpleging tot gevolg het.

2.4.4.4 Misdaadvoorkomingsmoontlikhede van die sosiaal maatskaplike gemeenskapsmodel

Naude (1988:19) wys daarop dat die verbetering van sosio-ekonomiese toestande op sigself dien as misdaadvoorkomend. Programme binne gemeenskapsverband kan die jeug produktief betrek by die opbou van die sosiale gemeenskap en derhalwe bendevoorming ontmoedig. Die konstruktiewe benutting van die groot mate van vrye tyd tot die kind se beskikking sal die blootstelling aan delikwente gedrag beperk (Cronje *et al* 1987:327). As geleenthede om misdaad te pleeg ontbreek, sal die misdaad nie plaasvind nie.

Die owerhede moet nie ongevoelig staan teenoor die behoeftes van 'n gemeenskap nie en derhalwe behoort aandag gegee te word aan, byvoorbeeld die ontwikkeling en oprigting van voldoende ontspanningsgeriewe, skole en tersiëre opvoedingsinstansies, skoolvakansie programme, daadwerklike optrede teen degraderende aktiwiteite van gemeenskapsnorme, soos onwettige drankverkope, prostitusie, dwelmshandel, saakbeskadiging, ensovoorts. Sodandige programme dra daadwerklik by tot die opheffing van sosiaal aanvaarbare lewenswyses.

Transvaal Suiker Beperk se bydrae tot gemeenskapsopheffing volgens Pienaar (2001), behels onder andere die skenk van suiker aan behoeftige gemeenskapslede, skenking van massa waterhouers aan die gemeenskap, oprigting en instandhouding van skole op landgoedere, aanbied en koördinerings van beroepsgerigte opleiding, borg van sportbyeenkomste, aanbied van geletterdheidsprogramme, insette by die plaaslike polisie gemeenskap- en ander forums, ensovoorts.

Ouerskap

Volgens (Cronje *et al* 1987:332) dra onverantwoordelike ouerskap by tot negatiewe emosioneel-affektiewe implikasies, en deur die oordrag van swak waardes aan kinders word lewenswaardes in die onderste sosio-ekonomiese lae opsy geskuif. Die individu reflekteer in

groot mate die gedrag, behoeftes en morele standaard van die gemeenskap waarvan hy of sy lid is. Die vennootskap tussen die polisie en gemeenskap is 'n absolute voorvereiste vir die bekampings van misdaad en wanordelikheid (Van Heerden 1986:154). Hiervoor is verbeterde kommunikasie met die publiek noodsaaklik. Die polisie is die belangrikste samelewingsinstelling ter voorkoming van misdaad.

Van Heerden (1986:159) meld dat misdaad 'n komplekse vraagstuk is en dat misdaadvoorkoming 'n geïntegreerde behandelings- of voorkomingsprogram daar moet stel wat van enige maatreël, hulpmiddel of instelling gebruik moet maak met die doel om:

- Die herhaling van misdaad te voorkom;
- Die ontwikkeling van misdadige motiverings te verhoed;
- Motiewe in wettige rigtings te kanaliseer;
- Die verspreiding van misdadigheid na ander vatbare persoonlikhede te minimaliseer;
- Die samelewing te beskerm;
- Toestande wat misdadigheid bevorder uit te skakel, en
- Om die geloof dat misdaad wel gepleeg kan word, te inhibeer.

Die verskeie uitgangspunte van die wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel as laaste model van die individu-gerigte modelle, word vervolgings bespreek.

2.4.5 Wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel

Naude (1988:25) wys daarop dat sedert die ontstaan van die klassieke denkskool sterk klem gelê word dat die wetlike sanksies en die vrees vir straf 'n belangrike metode is om individue van misdaad te weerhou. Conklin (1995:394) daarenteen is van mening dat vrees kan bydra tot misdaad deurdat vrees gemeenskapsolidariteit ondermyn en die informele sosiale beheer verswak. Hierdie vrees wat nie altyd rationeel is nie, kan bydrae tot die risiko van viktimisasie.

Jacobs (1990:230) sluit hierby aan en verduidelik dat die kerngedagte van die wetlike sanksies en straf model is dat mense se gedrag bepaal word deur die gevolge wat hul dade meebring. Die meeste individue se gedrag word deur hulself uit vrye wil openbaar, en indien die

voordele (wetsgehoorsame gedrag) sterker opweeg as die risiko (vrees vir straf), weerhou dit hulle van misdaad.

Die bespreking wat volg gee 'n meer breedvoerige uiteensetting van die elemente van die wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel.

2.4.5.1 Afskrikingswaarde

Volgens Bartol en Bartol (1986:286) kan in die algemeen aanvaar word dat die dreigement vir straf 'n individu daarvan sal weerhou om die neergelegde samelewingsreëls te verbreek. Schmalleger (1996:146) onderskei tussen spesifieke afskrikking en algemene afskrikking en gaan van die veronderstelling uit dat die dreigement van straftoepassing misdaad sal voorkom. Spesifieke afskrikking het ten doel dat swaar vonnisoplegging aan individuele oortreders hulle sodanig sal afskrik dat hulle nie in residivisme sal verval nie en sodoende nie weer by misdaadpleging betrokke sal raak nie.

Algemene afskrikking het ten doel om deur voorbeeldstelling potensiële misdadigers in die algemeen af te skrik. Dit word gedoen deur individuele oortreders swaar te straf om sodoende 'n boodskap uit te stuur aan ander misdadigers en die algemene samelewing. Brown *et al* (1996:181) gebruik die voorbeeld van onverskillige motorbestuurders en jaagduiwels wat deur spoedlokvalle en radar waarskuwings, toegelig word ook die moontlikheid van straf indien sodanige reëls oortree sou word.

Naude (Coetzer 1998:41) wys daarop dat die beginsel van wetlike sanksies en vrees vir straf sedert die ontstaan van die klassieke denkskool as 'n belangrike metode beskou is om die gemeenskap en die oortreder van misdaad te weerhou. Die meeste individuele gedrag word deur hulle self gerig uit vrye wil, en afskrikking impliseer die inboeseming van vrees by die oortreder of die potensiële oortreder ten einde hom van misdaad te weerhou. Beccaria (1764, 1986: 14-16) het in hierdie verband geredeneer dat wette baie duidelik geformuleer moet wees, konsekwent en deurlopend toegepas moet word en dat daar 'n verhouding tussen die misdryf en straf moet wees.

2.4.5.2 Vrees vir straf

Naude (1988:26) beweer dat die algemene weerhoudingseffek van wetlike sanksies en straf waarskynlik nie so kragtig is as die vrees vir straf wat voortgebring word deur die sosialiseringproses en morele ontwikkeling nie. Strawwe vir die onderskeie misdade moet dus streng genoeg wees om die potensiële misdadiger af te skrik. Die sekerheid dat straf wel gaan volg na misdaadpleging moet duidelik gepostuleer word by die misdadiger om van waarde te wees. Die wete dat spesifieke straftoekenningsvoorskrifte neergelê word vir sekere oortredings het 'n groter invloed op die verlaging van misdaadsyfers. Regolli en Hewitt (1996:130) maak melding van die "*scared straight model*" waar jeugdige aanbiedingsessies in volwasse tronke moet gaan bywoon waartydens prisoniere op hulle skree en dreig met geweld en verkragting, en ook om die jeugdige in te lig wat met hulle in die tronk sal gebeur.


2.4.5.3 Sosiale afkeuring

Greenberg (Conklin 1995:440) verduidelik dat indien vrees vir straf nie voldoende afskrikingswaarde het nie, kriminele die verbreking van neergelegde wette nie in erns sal beskou nie, wat derhalwe tot gevolg sal hê dat 'n herevaluasie van morele waardes geneem word. 'n Studie wat gedoen is deur Green (Conklin 1995:440), toon dat 'n informele bedreiging soos sosiale afkeuring en morele verbintenis 'n belangriker rol speel tydens die weerhouding van kriminaliteit as die formele bedreiging van straf. Bestuur onder die invloed van alkohol word as voorbeeld genoem, en veral sosiaal goed geplaasde persone kry skaam wanneer hul naam aan afwykende gedrag gekoppel word, -dit is sosiale straf deur skande toevoeging. Conklin (1995:441) onderskei tussen drie faktore wat 'n rol speel by afwykende gedrag, naamlik:

- Morele verbintenis, of innerlike geformuleerde norme;
- Sosiale afkeuring, of vrees vir informele strafmaatreëls deur die gemeenskap;
- Dreigement van wetlik geïnspireerde straf, of die vrees vir fisiese en materiële ontneming weens wetlike ingestelde maatreëls.

Opsommend word die wetlike sanksies en straf skematies as volg voorgestel:

Figuur 2.1 Misdadweerhoudingsfaktore



Conklin (1995:440-442) verduidelik dat morele verbintenis, sosiale afkeuring, en straftoedeling individue kan weerhou van kriminele gedrag, soos geillustreer in bostaande figuur.

Brown *et al* (1996:185) is van mening dat eenstemmigheid bestaan oor die feit dat informele strafbedreiging (skande) groter afskrikkingswaarde het as formele bedreigings. Natuurlik word die tipe oortreding in aanmerking geneem. Indien skande die enigste bedreiging vir moord of gewapende roof sou wees, gaan niemand daardeur afgeskrik word nie, aangesien die voordele van misdadpleging baie swaarder weeg as so 'n strafsanksie. John Braithwate, wat volgens Brown *et al* (1996:186) as die leier op die gebied van skande toevoeging gesien word, verduidelik dat die gemeenskapreaksie verskeie vorme kan aanneem soos, "a frown, a turning of the back, a slight shaking of the head, direct verbal confrontation, indirect confrontation by gossip (or) officially pronounced by a judge from the bench...". Skande skep 'n bewustheid van morele bedreiging wat dien as 'n beheerfaktor, in teenstelling met die gevolge van formele strafbedreiging.

2.4.5.4 Doel van strafregspleging

Volgens Neser (1993:45) het straf ten doel om orde binne 'n gemeenskap te handhaaf, met die dreigement van straf as instrument om potensiële misdadigers af te skrik en te weerhou van

misdadpleging, en verduidelik voorts dat met straf gepoog word om een van die volgende abstrakte doelwitte te bereik:

Vergelding behels dat die oortreder boet vir die skade wat deur sy misdadpleging aan die gemeenskap berokken is.

Afskrikking moet dien as die ontmoediging van kriminele gedrag weens die moontlikheid van strafbedreiging.

Rehabilitasie poog om die oortreder se gesindheid en toekomstige gedragspatrone positief te verander.

Voorkoming het ten doel om residivisme (terugval in misdad) te voorkom deur inkapasitasie.

Straf as konsep kom ter sprake in die huisgesin, skool, werksituasie en gemeenskap, met die algemene uitgangspunt dat afwykende gedrag, in welke vorm ookal, nie aanvaarbaar is nie. Elke individu, instelling, en samelewing reageer anders op die strafverskynsel en daarom geld sekere norme binne die samelewingstruktuur wat gedragkodes daarstel om die voortbestaan van die gemeenskap te verseker.

Neser (1993:22) verduidelik dat straf deur 'n menslike instansie toegepas word op 'n oortreder en dat 'n oortreder homself nie regtens kan straf nie. Straf vir 'n oortreding dui voorts op die dwangmaatreël van 'n bepaalde waardesisteem wat deur 'n samelewing aanvaar word.

2.4.5.5 Toepassingswaarde van die wetlike sanksies en straf as misdadvoorkomingsmodel

Anders as die biologiese, psigiese- en sosiaal maatskaplike misdadvoorkomingsmodelle, is die wetlike sanksies en strafmodel nie reaktief van aard nie. Binne hierdie model word die mens beskou as 'n rasionele wese wat moet onderskei tussen die strafbedreiging en voordeel van misdadpleging, indien gemeenskapsreëls oortree word. Die persepsie word vooraf

gevorm dat die voordele uit misdaad nie swaarder weeg as die straftoepassingsmaatreëls wat gaan volg nie.

Vir die model om geslaagd te wees is dit noodsaaklik dat die gemeenskap kennis dra van die onderskeie gemeenskapsreëls wat nie oortree mag word nie, dat straf gou en sekuur plaasvind, dat die graad van straf proporsioneel toegepas word in verhouding tot die hoeveelheid sosiale skade wat aangerig is, en dat straf daadwerlik volg na die skending van gemeenskapsnorme.

Hiermee saam gaan die veronderstelling dat die regsplegingsproses, naamlik wetstoepassing (polisie), vervolging en strafoplegging, (howe), en straftoepassing (korrektiewe dienste), effektief toegepas word in 'n poging om gemeenskapsnorme te handhaaf (Neser 1993:22).

Snyman (1992:22-24) verduidelik dat dit baie moeilik is om vooraf te weet of 'n beskuldigde weer sal oortree, en dat strafoplegging 'n sekere opvoedkundige funksie het. Dit dien om die algemene publiek bewus te maak van watter gedrag deur die reg verbied word en watter onaangename gevolge mag voortvloei uit 'n verbreking van die regsvoorskrifte.

Alhoewel Transvaal Suiker Beperk nie 'n regsinstelling is wat regeringsreëls of provinsiale ordonansies kan afforseer nie, dien maatskappybeleid, reëls en prosedures as 'n algemene riglyn vir personeel wat gevolg moet word ten einde die besigheidsproses effektief te bestuur. Die beginsel van straf wat volg op oortreding is reeds gevestig binne maatskappy verband. Die wyse van straftoepassing en vonnisoplegging verskil egter van besigheid tot besigheid. Binne 'n korporatiewe instelling dien die wet op basiese diensvoorwaardes asook die wet op arbeidsverhoudinge, as algemene riglyn hoe straftoepassing moet geskied, waarvan die dissiplinêre kode en griewe-prosedures dien as algemene riglyne.

Die hele regsplegingstelsel kom as volg by Transvaal Suiker Beperk tot stand:

Figuur 2.2 Regsplegingsvergelyking: Beheer van misdaad

Regeringsgesag	Korporatiewe gesag (TSB)
Wetstoepassing - Polisie	Wetstoepassing (Maatskappy beleid en prosedures) - Sekerheidsdienste

Vervolging	- Polisie	Vervolging	- Lynbestuur
Strafoplegging	- Howe	Strafoplegging	- Dissiplinêre verhoor Voorsitter
Wetstoepassing	- Polisie	Straftoepassing	- Departementeel

Ten spyte van die bedryfsreëls en maatskappybeleid wat bestaan en toegepas word, vind verbreking van die reëls sporadies plaas, soos daagliks binne die groter gemeenskap ondervind word. Die effektiwiteit van die wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel kan dus nie met vrug binne maatskappy verband toegepas word nie, hoewel dit verseker bydra tot afskrikking van misdaad. Hierdie model het egter meer praktiese waarde ten opsigte van misdaadvoorkoming as die voorafgaande modelle, (biologies, psigies en sosiaal maatskaplik).

2.5 Die verdedigbare ruimte model


Die uitgangspunt van die verdedigbare ruimte model, wat in die volgende hoofstuk uiteengesit word, is dat misdaad in die eerste plek voorkom kan word deur die fisiese omgewing op verskillende wyses te beveilig. Misdaad word dus verplaas na 'n meer kwesbare perseel, en sodoende word verhoed dat misdaadpleging plaasvind by 'n spesifieke plek. Die fokus is nie op die misdadiger nie, maar wel op die situasie. Hierdie model fokus meer op die voorkoming van ekonomiese verwante misdade en dit sal nie noodwendig geweldsmisdaad voorkom nie.

2.6 Misdaadvoorkoming deur wetstoepassing

O'Block *et al* (1991:4) is van mening dat misdaadvoorkoming slegs suksesvol sal wees indien 'n gesamentlike poging aangewend word deur al die betrokke rolspelers om misdaad te voorkom. Gemeenskapspolisiëring het volgens O'Block *et al* (1991:51) tot gevolg dat 'n groter gevoel van sekuriteitsbewustheid by die algemene gemeenskap en besighede geskep word.

Misdaadvoorkoming en die onderskeie rolspelers ten opsigte van misdaadvoorkomings-aspekte word deur O'Block *et al* (1991:6) skematies as volg saamgevat:

Figuur 2.3 Benaderings tot misdaadvoorkoming: 'n skematiese samevatting



Hierdie skematiese voorstelling van O'Block met die aanduiding van die verskillende misdaadvoorkomingsfasette, is sigbaar regdeur hierdie navorsingswerk, hoewel die fokus meer op privaatsekuriteit, argitektuur, gemeenskapsbetrokkenheid en die onderskeie behandelingsprogramme val ten opsigte van misdaadvoorkoming. Argitektuur verwys na Oscar Newman se model terwyl "gemeenskap" en "behandelingsprogramme" meer pertinent na verwys word in latere hoofstukke.

2.7 Meganiese en fisiese - milieu misdaadvoorkomingsmodel

Anders as die individualistiese misdaadvoorkomingsbenaderings fokus die meganiese en fisiese- milieu model op die misdaad situasie self deur beveiliging van die omgewing om deur sodanige maatreëls misdaad te voorkom.

2.7.1 Die meganiese en fisiese - milieu model

Die uitgangspunt van hierdie model is dat misdaad voorkom kan word deur te fokus op die beveiliging van die fisiese omgewing eerder as op die oortreder self. Misdaadpleging word

verminder deur te fokus om die geleentheid vir misdaadpleging uit te skakel en word meer breedvoerig in hoofstuk drie uiteengesit.

2.8 Slotbeskouing

Die doel van hierdie hoofstuk is om met behulp van literatuurstudie agtergrondinligting te versamel rakende verskillende misdaadvoorkomingsmodelle. Hierdie modelle is ontleed en uiteengesit ten opsigte van die praktiese toepassingswaarde van elkeen daarvan by Transvaal Suiker Beperk.

Ten einde die kenmerke van elke model wat bespreek is tydens hierdie hoofstuk insiggewend saam te vat, word die belangrikste kenmerke opgesom in die onderstaande tabel. Volgens Naude (1988:5-29) se bespreking van die uiteengesette modelle, word die fokuspunte as volg opgesom:

Tabel 2.1 Misdaadvoorkomingsdenkskole

Die klassie en neo-klassieke skool
<ul style="list-style-type: none"> - Cesare Beccaria word gesien as die vader van die skool. - Die mens word gepostuleer as : <ul style="list-style-type: none"> • vrye individu • rasionele wese • kan logies dink en handel • het 'n vrye wil ten opsigte van keuse uitoefening • word inherent gemotiveer om plesier te soek en pyn te vermy - Misdaad word voorkom deur 'n sekere graad van straf op te lê. - Die neo-klassieke skool het die vrye-wilbenadering aangepas weens die beïnvloeding deur sekere vorme van patologie, geestesversteurings en onbevoegdheid.
Die positivistiese skool
<ul style="list-style-type: none"> - Cesare Lombroso word beskou as die grondlegger van die skool. - Positivisme verwys na 'n bepaalde wetenskaplike filosofie. - Kennis word verkry deur waarneming en meting. - Objektiewe empiriese wetenskapsbeoefening is sterk beklemtoon.

- Misdadigers is gesien as 'n evolusionêre terugslag (atavisme).
- Misdadige gedrag is biologies gedetermineer (genetiese vaslegging).
- Biologiese kenmerke was wetenskaplik waarneembaar en meetbaar.
- Kon misdadigers van nie-misdadigers onderskei.
- Die meeste moderne kriminologiese teorieë het ontstaan uit die positiewe skool.
- Kriminele se biologiese, psigologiese en sosiale kenmerke is beklemtoon.

Die konflik en radikale denkskool

- Karl Marx het hierdie denkskool die lig laat sien.
- Word gekenmerk deur uiteenlopende waardestelsels wat deur verskillende groepe ondersteun word.
- Marxisme se uitgangspunt is dat kapitalisme die kommunistiese ideologie die lig laat sien het.
- Sosiale gemeenskappe bestaan uit die "have's" en "have nots".
- Hierdie finansiële sameleweringsverskille dra by tot konflik en misdaad.
- Die misdaadprobleem kan aangespreek word deur die herverdeling en herverspreiding van mag en rykdom.
- Die individu word gesien as die slagoffer van sy sosiale omstandighede.
- Konflik ontstaan tussen die "powerful" en "powerless of "rich millions" en "poor billions".

Tabel 2.2 Individualistiese gebasseerde misdaadvoorkomingsmodelle

Die biologiese misdaadvoorkomingsmodel

- Biofisiese faktore word as deterministies (gene vaslegging) beskou.
- Groter fokus om die psigiese gevolge van biologiese defekte te behandel.
- Oorsake van misdadige gedrag word in sekere biologiese of siekte toestande van die persoon gesoek.
- Die volgende biologiese faktore is van belang vanuit 'n kriminologiese oogpunt:
 - Liggaamsbou en misdadige gedrag
 - Oorerwing en misdaad
 - Chromosoom afwykings en misdadige gedrag
 - Verband tussen fisiese gebreke en misdadige gedrag
 - Intelligensie as faktor by misdadige gedrag
 - Biochemiese en neurologiese sturnisse

- Die kombinasie van biologiese faktore speel 'n groter rol by misdadige gedrag.
- Behandeling deur medikasie en terapie t.o.v. sekere gedragsteurnisse.
- Behandeling is duur en tydrowend.
- Behandeling kan eers realiseer na misdadige gedrag plaasgevind het.

Die Psigiese misdaadvoorkomingsmodel

- Oortreder word gesien as 'n "siek" persoon.
- Behandeling neem 'n aanvang na die identifikasie van probleemgedrag.
- Terapie bly die belangrikste behandelingsmetode.
- Misdadige gedrag is die gevolg van innerlike steurnisse.
- Geskiedkundige verwysings word gedoen nadat Psigiese probleme in die vroeë kinderjare 'n aanvang neem.
- Brutale en gewelddadige gedrag is aan die orde van die dag.
- Behandeling sentreer om die uitskakeling van wanfunksionering.
- Verskeie terapeutiese programme en toetse word toegepas.
- Misdaad is volgens die psigoanalitiese benadering die gevolg van onvoldoende sosialisering.

Die sosiaal maatskaplike misdaadvoorkomingsmodel

- Misdaad vind plaas a.g.v. verskeie swak sosio-ekonomiese omstandighede.
- Gebrekkige interpersoon verhoudings en onvoldoende internalisering van gemeenskapsnormes- en waardes kan bydra tot kriminele gedrag.
- Baie oortreders is vroeë skoolverlaters en is werkloos.
- Gemeenskapsprogramme kan misdaad voorkom, veral programme wat toegepas word op jeugdige.
- Cohen se afwykende subkultuur, Merton se anomieteorie, en Sutherland se differensiële assosiasieteorie dien as basis vir die sosiaal maatskaplike misdaadvoorkomingsmodel.

Die wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel

- Wetlike sanksies en die vrees vir straf word gesien as 'n belangrike metode om individue en die gemeenskap van misdaad te weerhou.
- Individue word gesien as rasonale wesens met 'n vryewilsbesluit.
- Individue word weerhou van misdaadpleging weens vrees vir straf deur afskrikking (individuele of algemene afskrikking).
- Om enigsins 'n effek te hê moet die individu kennis dra van die kriminele regstelsel en strawwe wat opgelê kan word.

- Sekere vorme van misdadige gedrag (geweldsmisdade) professionele misdade, en dwelmissbruikers kan nie maklik deur wetlike sanksies en straf voorkom word nie.

Die effektiwiteit van straf word deur die volgende faktore beïnvloed:

- Wanneer word straf toegepas
 - Hoe dikwels word straf toegepas
 - Hoe en waarom word straf toegepas
 - Felheid van straf
 - Sekerheid en duur van straf
- Sommige individue word makliker deur wetlike sanksies en straf van misdaad weerhou as andere.

Tabel 2.3 Fisiese- en omgewing misdaadvoorkomingsmodel

Die meganiese en fisiese -milieu model

- Geleentheid vir misdaadpleging word beperk deur die plasing van fisiese hindernisse of versperrings ten einde misdaad te voorkom.
- Die model fokus op die beveiliging van die fisiese omgewing eerder as op die oortreder.
- Fisiese voorkomingsmodel kan in werking gestel word voor misdaadpleging.
- Voorkom meer ekonomiese verwante misdade as geweldsmisdade.
- Misdaad kan voorkom word aan die hand van effektiewe omgewingsbeplanning.
- Deur die korrekte plasing van harde argitektoniese voorkomingsmaatreëls word die volgende veronderstel:
 - Misdadiger moet langer tyd spandeer om 'n versperring te oorkom wat die kans vir identifikasie, verhinderings of arrestasie vergroot.
 - Misdadiger soek eerder makliker teikens en sodoende word misdaad verplaas na ander persele.

In die volgende hoofstuk volg 'n gedetailleerde bespreking oor die algemene uitgangspunte van die meganiese en fisiese- milieu misdaadvoorkomingsmodel.

HOOFSTUK 3

DIE MEGANIESE EN FISIESE- MILIEU MISDAADVOORKOMINGSMODEL

3.1 Inleiding

Ongemagtigde toegang tot sekere gebiede deur boosdoeners wie die bedoeling het om 'n misdryf te pleeg en die voorkoming van sodanige ongemagtigde toegang blyk hedendaags 'n algemene probleem te wees, waar waardevolle bates betrokke is, aldus Barefoot en Maxwell (1987:182). Die beste wyse om misdaad te voorkom is volgens Post en Kingsbury (1991:105) om 'n reeks hindernisse daar te stel met die bedoeling om toegang tot die bate te vertraag. Die uitgangspunt is om tyd te koop deur die betreder te vertraag of lank genoeg besig te hou deur die aanbring van fisiese versperrings, sodat hy makliker opgespoor, geïdentifiseer en gearresteer kan word. In die proses word die bate, welke vorm dit ookal aanneem, optimaal beskerm deur eerstens te verhinder dat die misdadiger toegang tot die bate kry en tweedens, dat die misdadiger makliker geïdentifiseer en gearresteer kan word as gevolg van die vertragingseffek van die fisiese hindernisse. Die aanbring van sulke fisiese hindernisse word derhalwe gesien as eerste stap tot batebeveiliging.

Van Heerden (1986:164) maak melding dat die mens homself reeds van die vroegste tye beskerm deur maatreëls te tref om dit vir vyande so moeilik moontlik te maak om hulle te bereik. Die omgewing is gemanupuleer om misdaad te voorkom deur gebruik te maak van doringtakomheinings of om ingange te versper, grotte wat teen hoë kranse gebou is met beperkte toegang, gragte om kastele, mure om stede, ensovoorts. Die evolusie van fisiese misdaadvoorkomingshindernisse deur die eeue het so verbeter dat tegnologiese hulpmiddels hedendaags onontbeerlik is. Hulpmiddels sluit elektroniese hekke en geslote baan televisie kameras in. Die fokus van die meganiese en fisiese - milieu misdaadvoorkomingsmodel is gebou op die sogenaamde "harde argitektuur" wat insluit, heinings, diefwering, slotte, alarmstelsels, ensovoorts, en word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

3.2 Historiese ontwikkeling

Hierdie beginsel van misdaadvoorkoming is volgens O'Block *et al* (1991:3) nie nuut nie, maar wat wel oor tyd verander het, is die graad van erns waarmee misdaadvoorkoming vandag benader word met die fokus op die misdadiger self, inteenstelling met die misdaadsituasie.

Brantingham en Brantingham (1981:17) wys daarop dat, onder die invloed van die positivistiese skool, die klem verskuif het na die sosiale toestande in die oortreder se woonbuurt in plaas van die fisiese omgewing waar die misdaad gepleeg word. Met verloop van tyd het die fokus verskuif na die verhardingsaspek en argitektoniese ontwerp om misdaad te voorkom.

Volgens Poyner (1983:5) was omgewingsontwerp histories gefokus om beskerming te bied teen sosiale en politieke onrus. Hy verwys na kastele wat gebou is om beskerming aan inwoners te bied en mure wat om stede gebou is met dieselfde doel. Met verloop van tyd het nuwe vorme van beskerming ontwikkel soos wat die gemeenskap en misdaad verander het. In hierdie moderne eeu het die fokus op misdaadvoorkoming geval om die misdadiger aan te spreek eerder as die misdaadsituasie self. Newman (1972:6) verduidelik dat die aard en funksie van hierdie meganismes stadig ontwikkel het deur verandering en aanpassings met verloop van tyd. Die duur les wat vandag geleer word deur nie die misdaadvoorkomingsmaatreëls in ag te neem by die argitektoniese ontwerp nie, is volgens Newman (1972:7) dat "poorly designed buildings and projects have crime rates as much as three times higher than those of adjacent projects housing socially identical residents as similar densities...".

Shaw en Louw (1988:35) verduidelik dat, binne die Suid-Afrikaanse konteks, misdaad die grootste afmetings aanneem by informele nedersetting, en dele van stede waar daar geen of swak onderhoud ten opsigte van dorpsbeplanning plaasvind. Goeie dorpsbeplanning op sigself kan bydra tot misdaadvoorkoming in die sin dat dorpsbeplanning verband hou met strate, geboue, brue, treinspore, lanings, bome, parke en sovoorts, wat alles op fisiese hindernisse dui. Derhalwe is die voorkoming van misdaad 'n sleutelaspek vir die huidige regering. Weens verstedeliking, wat 'n wêreld wye probleem is, vind 'n toename van informele nedersettings plaas, veral naby metropool en ander dorpsgebiede. Dit kan bydra tot die groter wordende misdaadprobleem in Suid Afrika. Hierdie aspek is van groot belang vir die Suid-Afrikaanse Regering en word aangespreek deur die NMVS. Die nasionale misdaadvoorkomingstrategie

(NMVS) noodsaak volgens Shaw en Louw (1988:3) dat omgewingsontwerp aandag geniet ten opsigte van misdaadvoorkoming, al beskik Suid-Afrika oor weinig kennis wat omgewingsontwerp behels. Die outeurs meld voorts dat misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp deeglike navorsing van gevallestudies benodig waartydens misdaadtendense in spesifieke gebiede ontleed word.

Volgens O'Block *et al* (1991:326) is daar hedendaags 'n groot behoefte by die algemene publiek om woon-, werk- en besigheidsbelange te beskerm. Hierdie behoefte het 'n paar dekades gelede nie bestaan nie.

Die bespreking wat volg gee 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die maatreëls wat hedendaags 'n algemene neiging is en elemente van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel weerspieël. Dit toon duidelik dat 'n veilige omgewing deel is van 'n moderne leefwyse.

3.3 Uiteensetting van die model

Die fokusarea van hierdie model, naamlik teikenverharding deur die korrekte plasing van fisiese hindernisse, word vervolgens uiteengesit. Aspekte wat in groter duidelikheid uiteengesit word sluit in meganiese en fisiese hulpmiddels, omgewingsontwerp en verdedigbare ruimte. Vir beter begrip word die onderstaande omskrywings weergegee.

Misdaadvoorkomingsmodelle

Volgens Naude (1988:15) verwys misdaadvoorkomingsmodelle of -strategieë na bepaalde of doelbewuste metodes van beplanning en optrede om misdaad te voorkom of te beheer.

Omgewings- en argitektoniese beplanning

Naude (1988:199) omskryf die voorkoming van misdaad deur middel van omgewings- en argitektoniese beplanning as die daarstelling van duidelike afgebakende gebiede of strukture deur middel van die ontwerp en oprig van fisiese en of simboliese hindernisse wat sodanig is dat die mens ook daarby betrek kan word.

3.3.1 Meganiese en fisiese hulpmiddels

Meganiese en fisiese voorkoming konsentreer op struikelblokke wat in die pad van die oortreder geplaas word om sodoende misdaadteikens minder toeganklik te maak vir misdadigers (Naude 1988:21-25). Hierdie model is daarop ingestel om die geleentheid vir misdaadpleging te beperk of te voorkom deur die plasing van fisiese hindernisse of versperrings. Naude (1988:21) wys daarop dat die klem op die fisiese situasie self val en nie op die oortreder nie.

Volgens du Preez (1990:23) sluit fisiese versperrings alle moontlike versperrings in wat tussen 'n oortreder en 'n uitkenbare teiken geplaas kan word om hom te verhinder om vinnig, maklik of ooit daarby uit te kom nie. 'n Voorbeeld van sulke fisiese mensgemaakte versperrings wat alledaags aangewend word sluit in deure, hekke, slotte, mure, betonblokke, staalplate, diefwering, kettings, heinings, ensovoorts.

Post en Kingsbury (1991:105) is van mening dat die doel van fisiese hindernisse is om te verseker dat toegang na fasiliteite vir ongewenste persone bemoeilik word. Om die estetiese voorkoms van die omgewing en gebou te komplimenteer, is dit raadsaam om die moontlikheid van natuurlike hindernisse vir misdaadvoorkoming in ag te neem tydens argitektoniese ontwerp. Voorbeelde van natuurlike hindernisse, anders as mensgemaakte hindernisse, sluit in riviere, klowe, hange, of enige ander moeilik deurdringbare terrein. Die keuse van geografiese ligging van 'n perseel is dus hier van belang. Strukturele hindernisse sluit in grensomheinings, buitemure van geboue, binnemure van geboue, inloopkluis, ensovoorts, aldus Post en Kingsbury (1991:106). Versperrings vertraag toegang, en vergemaklik opsporing en arrestasie van oortreders.

Daar moet egter in ag geneem word dat die armer gemeenskappe finansieël nie noodwendig daartoe instaat is om hul woon- en werkomgewing optimaal te beskerm deur die aanbring van fisiese hindernisse nie. Geweld en persoonsmisdade, eerder as eiendomsmisdade is aan die orde van die dag binne die sogenaamde arm- of informele nedersettings. Die waarde van fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls in hierdie gebiede kan derhalwe bevraagteken word. Dit is voorts moeiliker vir sulke gemeenskappe om mensgemaakte hindernisse te bekostig.

Kenmerkend by gegoede woonbuurtes, anders as by informele nedersettings vir armer woongebiede, is die hoë mure en ander vorme van gesofistikeerde misdaadvoorkomingsmaatreëls as 'n vorm van toegangsbeheer. Dit opsigsself kan 'n aanduiding vir misdadigers wees dat waardevolle artikels beskerm word en hulle aanmoedig om misdaad te pleeg.

Die argitektoniese ontwerp van geboue, volgens Post en Kingsbury (1991:107) verteenwoordig 'n integrale deel van die totale sekuriteitsproses en behels nie net 'n oefening om die beste beskikbare tegnologiese hulpmiddels beskikbaar te kies nie, maar ook watter tipe en kwaliteit alarm, slot, ensovoorts, die beste sal voldoen aan 'n bepaalde behoefte. Die fout word begaan om enige formaat fisiese hindernisse aan te bring sonder om te let op die werklike waarde, indien enige, wat sodanige versperring sal inhou.

Die waarde van fisiese hindernisse lewer 'n optimale bydra indien die korrekte plasing daarvan goed deurdag is. Die inwin van deskundige advies word derhalwe aanbeveel. Misdaadtendense in die omgewing is voorts 'n belangrike aanduiding van watter maatreëls om aan te wend. Hier word byvoorbeeld gedink aan sekuriteitskonsultante wat tydens die argitektoniese ontwerp van 'n perseel genader kan word om vooraf insette te lewer oor waar beligting geplaas moet word, uitleg en omheining van voertuig parkades, plasing van kluiise, ensovoorts.

Jacobs (1990:229) som die belangrikste voordele van fisiese en meganiese verharding as volg op:

- Dit is pro-aktiewe maatreëls wat voor misdaadpleging in werking gestel kan word;
- Dit is gerig op direkte beheer van gedrag;
- Dit is ingestel op die fisiese omgewings waar misdaad gepleeg kan word;
- Dit kos minder as individu-gerigte modelle wat re-aktief van aard en ook baie duurder is.

Teikenverharding as fisiese misdaadvoorkomingsmaatreël word vervolgens omskryf.

3.3.2 Teikenverharding

Conklin (1995:541) gaan van die standpunt uit dat een manier om die geleentheid na misdaadpleging te voorkom, is om dit moeiliker vir die oortreder te maak om by die teiken uit te kom. Hierdie beginsel staan algemeen bekend as teikenverharding en sluit aspekte in soos die aanbring van traliewerke, buitebeligting, wagte sonder en met honde, die installering van alarmstelsels, ensovoorts. O'Block *et al* (1991:303) sluit hierby aan en meld dat deur teikenverharding eiendom en die mens beter beskerm word as deur die aanbring van fisiese sekuriteitsmaatreëls.

Die voordeel van teikenverharding is 'n gewilde metodiek om kriminele te verhinder om by geselekteerde teikens uit te kom. Die mees effektiewe en goedkoopste sekuriteitsmaatreël, naamlik die aanwending van honde, word volgens die mening van die navorser baie oor die hoof gesien, veral ten opsigte van die voorkoming van betreding en ekonomiese verwante misdade soos inbraak en diefstal.

Teikenverharding is nie net van toepassing op vaste strukture nie, maar word deesdae algemeen gevind in voertuie. Barkan (1997:339) verwys hier na alarmstelsels en elektroniese opsporingstoestelle wat alledaags te vind is in meeste voertuie. Die Tracker voertuigopsoringstelsel in Suid-Afrika dien as goeie voorbeeld. Volgens Roos (2002) werk die stelsel kortliks as volg: Die stelsel behels dat 'n sender in 'n voertuig versteek en geaktiveer word sodra die voertuig gesteel word. Opsporingseenhede van Tracker in samewerking met die SAPD word deur die Tracker se beheerkamer in kennis gestel wanneer 'n voertuig gesteel word. Sodra die gesteelde voertuig 'n bepaalde Polisie bedieningsarea wat oor 'n Tracker moniteringstelsel beskik binnegaan, word 'n sein ontvang waarop die SAPD kan reageer. Toegeboude motorhuise andersins dien verder as doelgerigte argitektoniese ontwerp om sodoende die kwesbaarheid van die bate (motorvoertuig) te verlaag.

Strobl (1978:44) beskryf die waarde van grensomheinings as primêre beskermingsmaatreël en is van mening dat hierdie versperring waarskynlik dien as die belangrikste eerstelyne misdaadvoorkomingsmaatreël. Om die belangrikheid van grensomheining te ignoreer is waarskynlik om anargie en wanorde in te nooi; net so belangrik is omgewingsontwerp waarop vervolgens gefokus word.

Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp is meer omvattend as teikenverharding en word vervolgens breedvoerig bespreek.

3.3.3 Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp

Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp lê klem op die modifikasie van die fisiese omgewing, gebou, ensovoorts. Die aksies word gekomplimenteer deur gemeenskapsgebaseerde polisiëring soos blokwagte, patrolling van die gebied deur opgeleide sekuriteitswagte, ontwikkeling van gemeenskapsgebaseerde programme, ensovoorts. O'Block *et al* (1991:136-165) verwys byvoorbeeld na vandalisme voorkomingsprogramme, dwelmmisbruik, skool en kampus misdaadvoorkoming, beskerming van ouer persone, misdaadinligtingsessies, ensovoorts. Conklin (1995:540) wys daarop dat misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp die volgende aspekte moet insluit:

- Teikenverharding deur die aanbring van slotte, versterkte glas, sluit van stuurkolomme van motors, ensovoorts;
- Effektiewe toepassing van toegangsbeheermaatreëls deur hekke, sluit van deure, en die uitreiking van sekuriteitskaarte aan gemagtigde personeel;
- Defleksie van oortreders deur bv. die ligging van kroee en toegangsroetes te verander;
- Kontrolering van fasiliteerders deur middel van foto uitkenning;
- Toegang en uitgang skandering van voorraad (item verifiëring);
- Formele observasie deur sekuriteitswagte;
- Die toelaat van natuurlike observasie deur die geskikte plasing van vensters en deure tydens die argitektoniese ontwerpfasie;
- Teiken verwydering deur bv. motorradios te verwyder wanneer die voertuig verlaat word;
- Eiendom duidelik te merk vir identifisering en opsporingsdoeleindes;
- Verwydering van onooglike grafitti van mure en geboue; en
- Die neerlegging van reëls byvoorbeeld, implementering van dwelmvrye sones.

Die basiese konsep van misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp is dat die fisiese omgewing verander kan word om 'n impak te hê op kriminele gedrag, in so 'n mate dat vrees vir misdaad by die inwoners in die algemeen afneem. Daar word onderskei tussen vyf basiese

tipiese informasie wat benodig word tydens omgewingsontwerp, naamlik; misdaadanalises, demografie, grondgebruik, persoonlike observasie en gebruikers insette. Hierdie aspekte sal verseker dat die resultaat van omgewingsontwerp sal bydra tot verbeterde produktiwiteit en voorkoming van kriminele gedrag.

Natuurlike toegangsbeheer sal kriminaliteit voorkom aangesien kriminele normaalweg 'n roete sal gebruik wat die minste opvallend is. Die fokus val op natuurlike territoriale versterking met die uitgangspunt dat privaatruimtes die indruk van beheer moet skep. Hiervolgens moet dit makliker gemaak word om vreemdes en oortreders te identifiseer sodra 'n perseel betree word. Die argitektoniese uitleg is derhalwe van belang.

Volgens Landman (King 2001:12) wat aansluit by Conklin, berus misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp op drie uitgangspunte, naamlik:

- Effektiewe strategiese beplanning van stedelike ontwikkeling deur regerings en ander rolspelers.
- Die ontwerp van verskillende stedelike gebiede deur te fokus op paaie en publieke oop areas, alleenstaande geboue en die posisie van vensters, toeganklikheid, ensovoorts. Hierdie aspekte het 'n invloed op veiligheid en kontrole.
- Die bestuur van die totale sisteem wat insluit, infrastruktuur, instandhouding, afdwinging van bywette, en die insluiting van ander wyses wat veiligheid in 'n bepaalde gebied ontmoedig.

Shaw en Louw (1988:43) beklemtoon hierdie aspek en meld dat plaaslike owerhede beperkte kennis het rakende die konsep van misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp. Inteenstelling met plaaslike owerhede, fokus projekte in die private belang meer op veiliger omgewings deur argitektoniese ontwerp. Die "V en A" Waterfront ontwikkeling te Kaapstad word na verwys as voorbeeld. Die veiligheid by die Waterfront sluit verskeie maatreëls in, onder andere die isolasie vanaf die sakekern wat voetganger beweging minimaliseer. Toegang tot die "V en A" Waterfront is hoofsaaklik met voertuigverkeer, in teenstelling met die Durbanse strandfront wat baie toeganklik is vir beide motorvoertuie en voetgangers. Een honderd en vyftig (150) sekuriteitswagte (ter ondersteuning van omgewingsontwerp), 24-uur

per dag, gerugsteun deur 115 versteekte geslotebaan televisie kameras dra by tot misdaadvoorkoming by die "V en A" Waterfront. Die opmerking word gemaak dat die visuele sigbaar maak van die geslotebaan televisie kameras, meer effektief sal wees tot misdaadafskrikking. Die kameras is huidiglik versteek wat die optimale effektiwiteit as afskrikmiddel neutraliseer.

Post en Kingsbury (1991:121) wys daarop dat 'n studie wat gedoen is rondom CPTED die volgende bevind het:

- Sigbaarheid in kommersiële stoor vooraansigte het 'n direkte verhouding tot misdaad insidente.
- Fisiese ontwerp kan inwoners van behuisingsontwerpe aanmoedig om buite aktiwiteite te monitor.
- Straatbeligting het 'n invloed op misdaad.
- Gebou voorkoms en instandhouding het 'n invloed op misdaad insidente.

Die verdedigbare ruimte model wat as 'n surrogaat term van misdaadvoorkoming (Newman: 1972:3) deur omgewingsontwerp gesien kan word, word vervolgens in groter duidelikheid bespreek.

3.3.4 Verdedigbare ruimte model

Newman (1972:3) verduidelik verdedigbare ruimte as 'n konsep waartydens misdaad geïnhibeer word deur 'n ontwerp wat die illusie skep dat die gemeenskap hulself verdedig. Hierdie konsep kan so ontwikkel dat inwoners hulle selfvertroue terugkry en verplig voel om die beweging van vreemde persone in die residensiële gebied te bevraagteken. Deur die toepassing van die verdedigbare ruimte model kan inwoners hul eie lewe sowel as familie en vriende s'n verryk.

Voorts is Newman van mening dat die indruk wat deur inwoners geskep word ten opsigte van selfbeveiliging misdaad inhibeer deur die intergrasie van die volgende elemente:

- Territorialiteit

- waarneming
- beeld en milieu
- veilige area.

O'Block *et al* (1991:348) andersins omskryf verdedigbare ruimte as 'n residensiële gebied wat deur die bewoners gebruik kan word om hulle lewenswyses te verryk, terwyl dit sekuriteit bied vir hulle families, bure en vriende. Vir die doeleindes van hierdie studies word ondersoek ingestel of die beginsels van die verdedigbare ruimte model toegepas kan word buite 'n residensiële gebied, soos by 'n suiker meule. Die toepassingswaarde van Newman se verdedigbare ruimte model sal in hoofstuk vyf volledig geïllustreer word. Onderstaande bespreking fokus op Newman se model soos van toepassing in 'n residensiële gebied:

Newman (1972:3) verduidelik verdedigbare ruimte as 'n model waartydens misdaad geïnhibeer word deur 'n illusie te skep dat die gemeenskap hulself verdedig. Hierdie model kan so ontwikkel dat inwoners hulle selfvertroue terugkry en verplig voel om die beweging van vreemde persone te bevaagteken. Deur die toepassing van die verdedigbare ruimte model kan inwoners hul eie lewe sowel as familie en vriende verryk.

Voorts verduidelik Newman dat verdedigbare ruimte 'n model is vir residensiële omgewings wat misdaad inhibeer deur 'n indruk te skep dat sodanige inwoners hulself beveilig deur die integrasie van die volgende elemente, naamlik territorialiteit, waarneming, beeld en milieu en veilige area.

Conklin (1995:379) wys daarop dat navorsing daarop dui dat die verdedigbare ruimte model gebruik kan word om sekere misdade soos vandalisme en inbraak in geboue te voorkom. Die spesifieke ontwerp van behuising kan geleentheid vir waarneming skep of verbeter wat tot gevolg het dat inwoners se gevoel van territorialiteit en eiendomsreg na vore gebring word. Misdaad kan nou op informele wyse verminder word. Die potensiële misdadiger beskou so 'n ruimte as onder die beheer van inwoners, wat tot gevolg het dat vreemdes makliker raakgesien en gekonfronteer kan word (Newman 1972:3).

Die toepassing van die verdedigbare ruimte model by nuwe geboue, of die modifikasie van bestaande geboue, mag volgens Newman (1972:13) selfbetalend wees in terme van verhoogde

effektiwiteit en misdaadbekamping. Die koste vir die implimentering van sekuriteitsmaatreëls by geboue en besighede is besig om te kompiter met gebouinstandhoudingsprogramme. 'n Veilige woonomgewing kan derhalwe in die toekoms 'n waardevolle rol speel ten opsigte van sosiale rehabilitasie.

Newman se weerbare ruimte model behels volgens O'Block *et al* (1991:349) vier kategorieë, naamlik: territorialiteit, toevallige waarneming, veilige areas en beeld en omgewing. Dit word vervolgens uiteengesit:

Territorialiteit verwys na die instandhouding van waarneembare ruimtes. Die inwoners van 'n bepaalde area ondervind 'n samehorigheidsgevoel wat tot gevolg het dat territoriale grense verdedig word. Die uitgangspunt is dat alle inwoners 'n opregte belangstelling en 'n bepaalde hoeveelheid verantwoordelikheid moet hê om hulle eie gebied te beskerm. Tweedens moet die inwoners gewillig wees om tot aksie oor te gaan indien hulle gebied bedreig word.

Toevallige waarneming gaan van die standpunt uit dat inwoners van 'n bepaalde area gemaklik en deurlopend publieke sowel as privaat gebiede kan waarneem. Die fisiese uitleg van 'n gebou moet optimale natuurlike waarneming aanmoedig en nie sig versper nie. Sodoende sal vreemdes makliker geïdentifiseer kan word.

Veilige areas sinspeel daarop dat sekere gebiede onder deurlopende en toevallige polisie waarneming is. Geografiese ligging is 'n belangrike aspek wat tydens omgewingsontwerp in gedagte gehou moet word.

Beeld en omgewing dui op die ontwerpsvermoë om persepsies van geïsoleerdheid en slagoffervatbaarheid van inwoners ten opsigte van misdaad teen te werk.

Multi-eenheid gesinswonings met slegs een gemeenskaplike toegangspunt, kan volgens Newman (1972:15) bydra tot deurlopende natuurlike waarneming. Strate kom onder waarneming vanuit die gebou deur doelgerigte ontwerpte vensters, gebou toegange en stegies is voorts onder deurlopende waarneming wat 'n gevoel van veiligheid skep. Conklin (1995:377) wys daarop dat bestaande geboue so verander kan word dat inwoners makliker tussen die teenwoordigheid van vreemdelinge en inwoners kan onderskei.

Newman (1972:18) is voorts van mening dat 'n belangrike aspek van omgewingsontwerp fokus op die beginsel van onderskeiding. Inwoners moet gemaklik kan onderskei tussen buurman en oortreder. Kennis word geneem dat omgewingsontwerp by lae inkomste gebiede moeilik is. Die uitgangspunt is dat geweldsmisdade aan die orde van die dag is in lae inkomste groepe en informele nedersettings en dat omgewingsontwerp in sulke gebiede nie werklik relevansie het nie.

Die armes het nie 'n keuse waar om te bly nie, terwyl die middelklas elite 'n keuse kan uitoefen deur die huismark te betree. Meenthuse en goed bewaakte wolkekrabbers is 'n gewilde bestemming vir die wat dit kan bekostig. Newman (1972:3) wys daarop dat middelklas woonbuurtes veral staatmaak op die polisie vir beskerming, terwyl die hoë-inkomste groepe wat hul toevlug na wolkekrabbers neem, ingange laat bewaak deur deurwagte en aangewese is op eie beskerming eerder as om staat te maak op die polisie. Dit is 'n luuksheid wat nie vir alle groepe bekostigbaar is nie.

3.3.5 Spesifieke omgewingsontwerpe

O'Block *et al* (1991:334-359) fokus op spesifieke faktore vir optimale waarde toevoeging wat reeds aandag behoort te geniet by die beplanning stadium van misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp. 'n Geboue wat ontwerp is vir 'n spesifieke omgewing kan byvoorbeeld glad nie 'n invloed hê op misdaadvoorkoming as dit in 'n ander gebied geplaas word nie. Keuse uitoefening, deeglike besinning en geografiese ligging is van kardinale belang by omgewingsontwerp en word in tabel 3.1 verder uitgelig. O'Block *et al* (1991:334-359) sonder die volgende aspekte uit:

3.3.5.1 Terrein seleksie

Die kriteria by terrein seleksie is maksimum sekuriteit teen redelike koste. Die onderstaande spesifieke faktore kan in aanmerking geneem word tydens die seleksie proses.

- Afstand na publieke vervoer fasiliteite. Hoe nader hoe beter;
- Afstand na publieke beskermingsinstansies;

- Status van die munisipale beligtingsstelsel in die gebied;
- Dag en nag verkeer en bewegingsvolumes;
- Teenwoordigheid van ander besighede in die gebied;
- Besigheidsure van die gebied;
- Gesofistikeerde sekuriteitsmaatreëls in plek by ander besighede;
- Teenwoordigheid van brandgevaar;
- Arbeidsverhoudinge in die gebied;
- Algemene ekonomiese toestand van aanliggende residensiële gebiede; en
- Moontlikheid van natuurlike rampe.

3.3.5.2 Die rol van versperrings

Versperrings dra daadwerklik by tot omgewingsekuriteit en kan verskeie vorme aanneem afhangende van die terrein en gebou uitleg. Natuurlike versperrings sluit in riviere, klowe, kranse, plante, ensovoorts. Mensgemaakte versperrings sluit in heinings (van verskillende materiaal), deure, vensters, mure, dakke, slotte, ensovoorts. Lewende diere soos honde, volstruise en ganses dien ook, nagelang van die geval, as versperrings. Heinings en grenssekuriteit is die gewildste versperring wat territorialiteit vestig.

3.3.5.3 Muur en deurgange sekuriteit

Hoewel mure nie in die algemeen gesien word as toegangspunt nie, lei die hedendaagse neiging om koste te spaar na minder effektiewe sekuriteitsmure. Swak bouwerk het ook tot gevolg dat ingang deur mure verkry word nadat gate daardeur gemaak is.

Deurgange moet ook vroegtydig tydens die ontwerpfasie aandag geniet, aangesien frustrasies kan ontstaan wanneer sensitiewe areas geplaas word in die weg van hoë verkeersvolumes. 'n Algemene fout byvoorbeeld is waar ruskamers naby voorraadkamers gebou word wat diefstal tot gevolg kan hê.

3.3.5.4 Ander openinge

Dakgange, mangate, steenkool afleweringsoeninge, ventilasiegange, ensovoorts verhoog toeganklikheid vir oortreders. Hoewel sulke moontlike toegange nie algemeen gebruik word nie, is dit raadsaam om dit te sluit en minder toeganklik te maak. Sulke ingange moet gereeld deur wagte patroleer word of deur alarmstelsels beveilig word, na gelang die risikobedreiging.

3.3.5.5 Beligting

Post en Kingsbury (1991:109) meld dat hoewel dit die funksie van beligting is om ononderbroke lig gedurende donker periodes te voorsien, beligting wel ook 'n afskrikingswaarde het. Mackenzie *et al* (1983:34) sluit hierby aan en sê dat helder ligte in en om 'n huis potensiële inbrekers ontmoedig. Die plasing van korrekte beligting is egter van kardinale belang en kundige advies moet verkieslik bekom word vir optimale effektiwiteit en beveiliging. Toevallige waarneming is meer effektief indien gerugsteun word deur deurlopende beligting, tydens donker tye. Poyner (1983:34) andersins, wys daarop dat studies aandui dat beligting nie noodwendig inbraak by wonings voorkom nie, aangesien die meeste bewoners nie bedags by hulle huise is nie. Beligting by nie-residensiële gebiede mag geregverdig word aangesien studies toon dat inbraake meestal gedurende die nag by sulke gebiede voorkom aangesien min personeel dan teenwoordig is. Oor die algemeen sal 'n oortreder 'n donker straat of gebied verkies om 'n misdaad te pleeg, eerder as 'n goed-beligte omgewing (Conklin 1995:352).

3.3.5.6 Waarskuwingstekens

Die bykomende nut van waarskuwingstekens is dat kriminele kennis neem van sekuriteitsmaatreëls wat in plek is by 'n bepaalde gebied. Hoewel meeste waarskuwingstekens nie geharde oortreders sal afskrik nie, behoort die tekens effektief te wees om vandale, jeugdige, en amateur kriminele af te skrik. Tekens kan ook binne geboue aangewend word ter ondersteuning van sekuriteitsmaatreëls, asook om toegangsbeheer toe te pas.

3.3.5.7 Parkeer areas

Die teenwoordigheid van sekuriteitswagte en kamerastelsels by winkelsentrum of woonstelblok parkeer sones gee gemoedsrus aan die besoeker wat sy voertuig daar parkeer. In- en uitgange na sulke gebiede moet beperk word en hekbeheer dien as addisionele versterking teen misdaad. Besigheidseienaars sien die veilige parkering van hulle kliënte se voertuie as van groot belang en dit vorm 'n belangrike aspek tydens die ontwerp van besighede, behuisingskomplekse, en publieke areas. Strobl (1978:49) wys daarop dat indien parkeerareas toegespan word dit 'n groter gerustheid tot gevolg sal hê by motor bestuurders wat hulle voertuie vir onbepaalde tydperke onbewaak laat.

3.3.5.8 Parke

Die uitleg van parke verdien spesiale oorweging aangesien parke nie net aantreklik is en ontspanningswaarde bied nie, maar ook veilig moet wees. Parke is 'n trekpleister vir kriminele en daarom is polisie patrollies, voldoende beligting en maklike toeganklikheid aspekte wat tydens beplanning in aanmerking geneem behoort te word.

3.3.5.9 Straatuitleg

Newman (1972:60) verduidelik dat die onderverdeling van bestaande strate binne stede moontlik is om territoriaal gedefiniëerde blokgebiede te skep. Dit is 'n belangrike stap aangesien voertuig toegang en beweging die indruk van deurlopende natuurlike observasie skep sowel as 'n geleentheid vir formele patrolling deur die polisie. Straatuitleg speel ook 'n rol in gebruikswaarde en frekwensie en met die korrekte beplanning behoort minder kinders ook beseer te word in strate. Meer navorsing is egter nodig om die werklike effek van straatuitleg ten opsigte van misdaadvoorkoming te bepaal.

3.3.5.10 Natuurlike waarneming

Die uitgangspunt van natuurlike waarneming volgens Newman (1972:78) kom daarop neer dat misdadigers in 'n woon- of werksomgewing moet voel dat hy deurgans onder observasie van 'n inwoner is. Die vermoë om misdadige aktiwiteite waar te neem verseker nie opsigself dat misdaad sal afneem nie, maar word gerugsteun deur die aard en sukses van die optrede van inwoners. Newman (1972:80) meld voorts dat waarneming 'n belangrike afskrikmiddel vir misdaad is en 'n geheelbeeld van 'n veilige omgewing skep.

Die eksterne uitleg moet nie die sig op verbygaande strate versper nie en so 'n uitleg word derhalwe as onveilig geag deur inwoners. Kronkel paaie tussen geboue word ook deur inwoners as onveilig beskou, veral waar plantegroei en algemene uitleg sig versper. Donker strate, ingange en lanings kan as skuilplek dien vir voornemende misdadigers en sal die vrees vir misdaad van inwoners en besoekers verhoog. Deur natuurlike waarneming kry inwoners die geleentheid om op 'n voortdurende basis verbygangers te observeer (Newman 1972:81).

3.3.5.11 Plasing van brandtrappe

Verkeerde plasing van brandtrappe kan volgens Newman (1972:97) ontsnaproetes bied aan misdadigers. Brandregulasies skryf sekere reëls voor sonder om soms die impak daarvan op kriminaliteit in ag te neem. Ondeurdagte plasing van brandtrappe voorsien verskeie geleenthede aan oortreders om hul weg tot 'n gebou te vind en inwoners te verras, sonder dat iemand kan bepaal watter uitgang so 'n oortreder sal gebruik vir 'n ontsnaproete. Newman (1972:89) wys daarop dat dit 'n algemene gebruik by verkragters is om sy slagoffer te oorrompel in die meer benutte areas, soos voorportale, hysbakke of gange, en dan met geweld na die brandtrappe te neem waar die misdaad plaasvind. Die probleme kan aangespreek word deur die skêrtrap ontwerp wat tot gevolg het dat die brandtrappe afgesny word aan die mees benutte areas in die gebou.

3.3.5.12 Milieu en voorkoms

Newman (1972:108-109) wys daarop dat waar sekere stedelike gebiede, strate of paaie herken word as veilig, aangrensende gebiede as gevolg van assosiasie ook voordeel trek. Die wyse waarop die estetiese indruk van 'n gebou die omgewing definieer en onderverdeel is belangrik en beïnvloed ook die sielkundige staat van die inwoner. Inwoners wat nie meer omgee hoe

hulle onmiddellike omgewing lyk nie, begin aanvaar dat hulle nie oor die vermoë beskik om omstandighede te verander nie (Coetzer 1998:78).

Dimensies van gebiede wat naasmekaar gestel is, speel 'n belangrike rol byvoorbeeld, waar die dimensies van 'n park baie groot is, sal die naasmekaar stelling met veilige publieke strate selfs tot gevolg hê dat die buitenste parameter van die park veilig sal wees. Insette wat inwoners van 'n bepaalde gebied lewer ten opsigte van verfraaiing, byvoorbeeld die hang van gordyne, hanteer van vullis, ensovoorts, kan die straatvoorkoms nadelig of voordelig raak. Newman (1971:18) wys daarop dat verfraaiing nie net individualiteit versterk nie, maar dat die gebou voorkoms ook verander al lyk elke eenheid dieselfde.

3.3.6 Kritiek teen die verdedigbare ruimte model

Volgens Conklin (1995:377) fokus die verdedigbare ruimte model so op die fisiese uitleg, dat die invloed van sosiale veranderlikes glad nie in berekening gebring word ten opsigte van misdaadpleging nie. Die misdaadsituasie waar 'n groep jeugdige of ou mense onderskeidelik tuisgaan, word as voorbeeld genoem. Die verdedigbare ruimte model maak voorts daarop aanspraak dat misdaad beheer word deur omgewingsinvloede en inwoner gedrag, terwyl daar huidiglik geen bewys bestaan dat 'n spesifiek beplande omgewing misdaad verminder of verminderde geleentheid skep vir afwykende gedrag nie. Die fisiese uitleg van 'n omgewing kan juis tot gevolg hê dat die gebied meer gereeld deur die polisie patroleer word. Die formele patrolling deur die polisie, eerder as gebou uitleg kan dan bydra tot misdaad afname. 'n Nuwe fokusarea van omgewingsontwerp behoort eerder aandag te gee aan die invloed van versperrings en heinings om ongewenste beweging uit 'n bepaalde gebied weg te lei. Volgens O'Block *et al* (1991:343) toon die Amerikaanse geskiedenis dat die rol wat omgewingsontwerp ten opsigte van misdaadvoorkoming speel, nie deur argitekte erken is nie. Eers sedert die vroeë 1960's het die konsep waarde begin kry, veral met die boek *The death and life of great American cities* wat deur Jane Jacobs geskryf is. Conklin (1995:394) sluit hierby aan en meld dat die waarskynlike rede is dat die verdedigbare ruimte model slegs sekere misdade tot in 'n mate kan beperk en nie 'n groot invloed het op misdaadvoorkoming in die algemeen nie. 'n Ontwerp wat sosiale veranderinge in aanmerking neem behoort 'n groter bydrae te kan lewer waartydens misdaad deur informele kontrole beheer word.

Die elemente van Oscar Newman se verdedigbare model, naamlik territorialiteit, waarneming, beeld en milieu asook veilige areas word in die volgende hoofstukke as basis gebruik om Transvaal Suiker Beperk te toets aan die hand van hierdie komponente, nieteenstaande dat Newman se model ontwerp is vir 'n residensiële gebied. Soos reeds hierbo uitgewys is daar sekere tekortkominge in Newman se model geïdentifiseer. Ten spyte van die tekortkominge word in hierdie navorsing gepoog om vas te stel tot watter mate die model toepassingswaarde het in 'n nywerheid soos Transvaal Suiker Beperk en op welke wyse Newman se model verder ontwikkel kan word om optimale toepassingswaarde te vind binne 'n nywerheid. Tydens hierdie hoofstuk is daar reeds na verwys op welke wyse Newman se model uitgebou kan word.

3.4 Bevindinge en kommentaar

Die uitgangspunte van die meganiese en fisiese-milieu misdaadvoorkomingsmodel berus daarop dat kwesbaarheid verlaag word deur die implimentering van alle nodige fisiese maatreëls. Die verdedigbare ruimte model fokus op veiligheid wat opgeskerp word deur omgewingsontwerp. Die vermindering van kwesbaarheid en die bevordering van veiligheid word sterk ondersteun deur die onbetwisbare invloed van 'n belangegroep wat toegelate aktiwiteite voorskryf en bepaal wie welkom is in die gebied en wie nie. Die gebruik van die meganismes van verdedigbare ruimte, saam met die inagneming en insluiting van ander faktore, soos die ekonomiese en sosiale faktore, kan 'n duidelike impak op die voorkoms van misdaad maak (Coetzer 1998:88).

Argitekte en ontwerpers kan daadwerklik 'n bydrae lewer om misdaad te voorkom deur bogenoemde besprekingspunte in ag te neem tydens die beplanningsfase van 'n gebied of gebou. Conklin (1995:359) wys daarop dat misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp 'n relatiewe nuwe veld is, met definitiewe potensiaal wat 'n impak op misdaadvoorkoming kan maak. Insette van verskeie rolspelers is nodig. Volgens Venter (2001) is dit 'n moeilike pad in Suid-Afrika aangesien sekuriteit en veiligheid skynbaar laaste op die agenda van argitekte en ontwerpers is.


Logiese redenering dui daarop dat misdaad nooit volkome beheer of voorkom kan word nie. Misdaad is 'n komplekse verskynsel wat aan verskeie faktore te wyte is en 'n geïntegreerde

benadering wat al die misdaadvoorkomingsmodelle toepas sal waarskynlik die beste resultate lewer. Koste vir voorkomingsprogramme moet opgeweeg word teen die risiko, waarna 'n standpunt ingeneem word. Verpligte wetgewing, soos van toepassing by nasionale sleutelpunte, kan dalk 'n impak hê en behoort die moontlikheid verder ondersoek te word.

Roos (1981:514) sê dat sekuriteit 'n bestuursverantwoordelikheid is wat derhalwe meer aandag behoort te geniet. Sekuriteitsmaatreëls is duur, maar die ignorering daarvan is nog duurder. Totale sekuriteit is 'n utopia en daar moet in ag geneem word dat 'n punt bereik word wanneer addisionele sekuriteitsuitgawes nie meer koste-effektief is nie .

Vanuit 'n ander oogpunt gesien kan die meganiese en fisiese hindernis model soos skematies voorgestel in figuur 3.1, verduidelik word . Die voorstelling dui hoe Newman se model uitgebou kan word, deur die integrasie van verskeie aspekte om groter sukses teweeg te bring wat die beskerming van die teiken (bate) betref . Die uitgangspunt is dat fisiese hindernisse alleen nie optimale beskerming bied nie , maar ondersteun moet word deur ander faktore soos vervolgens in die model verduidelik word. Jacobs (1990:229) is van mening dat aspekte soos omgewing- , gebou- en stadsbeplanning, argitektuur en meganiese beveiliging belangrike komponente van die meganiese en fisiese-milieu-model is en wat samevattend opgesom word in figuur 3.1 .

Figuur 3.1 Meganiese en fisiese hindernis model



Hierdie model word as volg verduidelik aan die hand van die sonering en die kronologiese opeenvolging van proses stappe ten opsigte van misdaadvoorkoming:

Sone 1 simboliseer die geïdentifiseerde teiken wat van waarde is vir die oortreder. Die uitgangspunt is dat die mens, reeds deur sy denke en redenering 'n wilsbesluit geneem het om tot misdaadpleging oor te gaan ten spyte van aspekte soos die moontlikheid van arrestasie, straftoepassing, ensovoorts.

Sone 2 as primêre stap ten opsigte van misdaadvoorkoming, sinspeel op die waarde van argitektoniese insluiting ten opsigte van misdaadvoorkomingsmaatreëls om geïdentifiseerde teikens te beskerm. Argitektoniese ontwerp kan die kwesbaarheid van 'n perseel ten opsigte van die voorkoms van misdaad verhoog of verlaag.

dui naas argitektoniese ontwerp die volgende stap in misdaadvoorkomingsmaatreëls aan wat geïmplimenter kan word ten einde geïdentifiseerde misdaadteikens optimaal te beskerm.

Sone 4 die laaste stap in misdaadvoorkoming, veronderstel dat die argitektoniese ontwerp tesame met die aanbring van fisiese hulpmiddels, gekomplimenter word deur die ondersteuning van die mensfaktor wat kan reageer op bedreigings vir optimale beskerming. Die stappe soos uiteengesit in sones drie en vier, is aspekte waarop gekonsentreer word met die uitbreiding van Oscar Newman se model, soos in latere hoofstukke meer volledig na verwys word.

Misdaad kan veral voorkom en beheer word deur doeltreffende stads- en omgewingsbeplanning, die effektiewe beplanning van sake- en gebouekomplekse, wooneenhede, asook deur die eksterne beveiliging van sake ondernemings. Sogenaamde harde argitektuur soos heinings, diefstaling en dies meer is belangrik, asook die opvoeding en voorligting van personeel wat betref fisiese en persoonlike beveiliging (Naude 1988;23). Die algemene uitgangspunt bly dat fisiese sekuriteitsmaatreëls daarop moet fokus om kriminele aanslae die hoof te bied of moeiliker te maak en dat misdaadpleging suksesvol uitgevoer kan word. Kriminele moet sodanige gebiede beskou as areas waarin hulle makliker vasgevat sal kan word deurdat die personeel of inwoners eienaarskap aanvaar en effektief beheer.

3.5 Slotbeskouing

Tydens hierdie hoofstuk is verwys na die waarde van fisiese hindernisse en versperrings as primêre misdaadvoorkomingsmaatreël. Tydsvertraging deur die verharding van teikens het aandag geniet. Die uitgangspunt word ondersteun met die bespreking van misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp wat fokus op Newman se verdedigbare ruimte model. Tydens hierdie hoofstuk is daar op die belangrikste omgewingsontwerpe gekonsentreer met die klem op fisiese hindernisse ten opsigte van misdaadvoorkoming. Die praktiese waarde van die meganiese en fisiese- milieu misdaadvoorkomingsmodel is bespreek en uiteengesit. Die klem het verskuif vanaf die misdadiger na die beveiliging van die slagoffer se omgewing, en deur hierdie logiese beredeneringsproses word Newman se model uitgebou ten einde optimale misdaadvoorkomingsmaatreëls daar te stel.

Newman (1971:19) wys daarop dat dit belangrik is dat verhoogde sekuriteit en behuisingsontwerp hand and hand moet gaan. Verhoogde sekuriteit is die resultaat van funksionele gemeenskappe. Die uitdaging is om nuwe metodes te vind om hierdie twee onderwerpe met mekaar te versoen. Die uitgangspunte van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model word in die volgende hoofstuk in groter duidelikheid uiteengesit.

misdadondersoekregisters soos op datum gehou word deur die maatskappy se Sekerheidsdienste.

4.2 Die aard van Transvaal Suiker Beperk as 'n besigheid

Pienaar (2001) verduidelik dat Transvaal Suiker Beperk se kernbelang die maak van geraffineerde suiker is wat geproduseer word te Malelane Meule en Komati Meule. Malelane Meule beskik oor 'n eie suiker verpakkings- en versendingsafdeling vanwaar die finale produk hoofsaaklik na Mpumalanga en Gauteng se verbruikersmarkte versend word. Die rou produk (suikerriet) word gekweek en verkry vanaf die maatskappy se eie landgoedere wat nagenoeg 10 000 hektaar beslaan, verspreid oor 'n groot geografiese gebied, asook vanaf privaat- en kleinboere. Sitrusproduksie wat fokus op lemoene en pomelos vir die uitvoermark, tesame met 'n teeplaas, is deel van die belange van die maatskappy. 'n Neweproduk van suikerriet, naamlik bagasse, word op 'n aangrensende perseel verwerk tot veevoer met die handelsnaam Molatek, wat nasionaal bemark word.

Nagenoeg 1634 mense is werksaam by die Malelane Meule, wat die personeel van die hoofkantoor opset en vervoerafdeling insluit. Komati Meule se kompliment (Visser 2001) is nagenoeg 220 sterk. Die verskillende skofpersoneel werk op 'n 24-uur basis by die onderskeie meulens, buiten tydens die afseisoen (Desember tot April) waartydens nagskofwerk beperk is. Kontrakteurs betree tydens die tydperk die perseel ter uitvoering van gekontrakteerde instandhoudingswerk. Slegs geïdentifiseerde noodsaaklike funksies word by die onderskeie meulens voortgesit wat werknemer getalle gedurende na-ure beperk.

Suikerversending geskied op deurlopend basis, en daar word gebruik gemaak van 'n vloot van nagenoeg drie- en -twintig eie vragmotors (van den Berg 2001) en 'n verskeidenheid subkontrakteurs om die produk met padvervoer by die onderskeie kliënte af te lewer. Groter hoeveelhede suiker word per jaar met die padvervoerstelsel versend. Spoorvervoer vervoer duisende ton suiker per jaar na die onderskeie bestemmings (Diedericks 2001). Die beskerming van die twee meulens asook die produk self, noodsaak effektiewe misdadvoorkomingsmaatreëls. Die aard van misdaad wat plaasvind in 'n suiker nywerheid sowel as die tipes misdadvoorkomingsmaatreëls word vervolgens uiteengesit.

4.3 Die aard van misdaad by Transvaal Suiker Beperk

Die onderstaande bespreking fokus op die verskeidenheid misdade wat op die maatskappy se persele plaasvind. Hoewel die meeste misdade wat voorkom krimineel van aard is, word 'n verskeidenheid ander insidente ondersoek wat prosedurieële en beleidsoortredings is. Indirek hou dit verband met kriminaliteit en word derhalwe in ag geneem tydens hierdie uiteensetting.

4.3.1 Korporatiewe en beroepsmisdaad

Barlow (1987:243) verkies die term beroepsmisdaad bo die term witboordjiemisdaad en definieer beroepsmisdaad as 'n onwettige aktiwiteit wat met 'n persoon se werk verband hou. Die navorser verkies die term beroepsmisdaad aangesien dit vir die doeleindes van hierdie studie 'n groter kategorie misdade insluit wat van toepassing is binne 'n korporatiewe instelling. Vir duidelikheid word witboordjiemisdaad en korporatiewe misdaad vervolgens gedefinieër.

Joubert (1993:11) meld dat daar nie 'n spesifieke omskrywing van witboordjiemisdaad is nie, maar haal Edwin Sutherland se omskrywing aan, ten spyte van die vele kritiek wat geopper is teenoor die omskrywing, naamlik "...a crime committed by a person of respectability and high social status in the course of his occupation, or violations of law by persons in the upper socio-economic class...".

Korporatiewe misdrywe is meer omvattend en Hagan (Joubert 1993:11) identifiseer 3 vorme van korporatiewe misdaad, naamlik:

- Misdade deur organisasies teen die publiek, individue of verbruikers;
- Misdade deur organisasies teen werknemers; en
- Misdade deur organisasies teen ander organisasies.

As korporatiewe instelling is die bedreiging van beroepsmisdaad 'n realiteit wat voortdurende waaksaamheid regverdig. Kuhn (2001) maak die stelling dat daagliks groot bedrae tjeks deur die maatskappy uitgeskryf word. Die eenmalige wanaanwending van sodanige gelde kan 'n

groot koste implikasie hê teenoor die relatief lae waarde van ad hoc produk of materiaal diefstal. Die maatskappybegroting beloop jaarliks miljoene rande om die bedreiging van veral ekonomiese misdade te bekamp. Baie aandag en energie word spandeer om hoofsaaklik deur middel van fisiese hindernisse, sodanige misdaad te voorkom. Minder man-ure aan die anderkant word spandeer om beroepsmisdade te identifiseer.

Integriteit van personeel en die beleidsstelsel is vir Transvaal Suiker Beperk van kardinale belang om die potensiaal van beroepsmisdade binne die maatskappy aan te spreek. Kuhn (2001) beklemtoon dat die volgende beheermaatreëls in plek is om beroepsmisdaad optimaal aan te pak:

- Valutabeheer maatreëls;
- Werknemer beperking op stelsels;
- Kontrole van verslae;
- Effektiewe stelselwagwoord prosedures;
- Roluitklaring en verantwoordelikhede van hoofde;
- Skeiding van pligte;
- Toegangsbeheermaatreëls op rekenaarstelsels;
- Risikobestuursprosedures (in proses van opgradering);
- Sagteware programme en databasisse;
- Tegnologiese hulpmiddels gebruik deur interne oudit; en
- Onafhanklike eksterne oudit evaluasies.

Kuhn (2001) voer aan dat die voorkoms van misdaad tendense by die maatskappy dikteer watter voorkomende aksies in plek gestel word, ten spyte daarvan dat risiko's en leemtes reeds uitgewys en aanbeveel is (Sekerheidsbeleid : Transvaal Suiker Beperk). Optrede ten opsigte van aanbevole sekuriteitsmaatreëls is re-aktief, na gelang van die omstandighede van elke misdaadsituasie.

Die maatskappy streef egter daarna om pro-aktief op te tree met die bykomende implimentering van onderstaande maatreëls, om veral beroepsmisdaad effektief te voorkom. Hierdie maatreëls sluit in,:

- Tydige identifisering van risiko's;
- Stel die nodige maatreëls in plek;
- Risiko's word gekwantifiseer, waar moontlik na identifikasie, vir die nodige regstellende optrede;
- Implimentering van 'n anonieme *whistle blow* misdaadrapporteringstelsel (in proses);
- Gehoor gee aan relevante wetgewing; en
- *Best practises* projek met die fokus op die evaluasie van watter voorkomingsmaatreëls in plek moet wees en die standaardisering van sodanige maatreëls (in proses).

Vervolgens word misdaad tendense by Transvaal Suiker Beperk bespreek en uiteengesit.

Tabel 4.1 Voorkoms van beroepsmisdade by Transvaal Suiker Beperk

Tipe misdaad	Jaar							
	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Bedrog	2	1	0	0	0	1	2	2
Opsetlike verbreking van mpy beleid om 'n misdryf te pleeg	2	6	3	0	2	0	0	1
Diefstal onder valse voorwendsels	1	1	0	2	1	1	0	0
Korrupsie	0	0	0	0	2	0	1	0

Bedrog en ander vorme van beroepsmisdaad neem nie hoë afmetings by Transvaal Suiker Beperk aan nie, soos hierbo aangedui in tabel 4.1. Die rede vir die relatief lae voorkoms van hierdie tipe misdade kan toegeskryf word aan die beheersisteme in plek by die maatskappy. Tabel 4.1 gee 'n uiteensetting van onderskeie beroepsmisdade wat by die maatskappy geïdentifiseer is en onderskei tussen vier tipes insidente:

Korporatiewe misdaad andersins is nog nie binne maatskappy verband aangemeld nie, soos in tabel 4.1 na verwys, waarskynlik weens die onbekende aard daarvan. Die feit dat so 'n misdryf nog nie aangemeld is nie, dui egter nie daarop dat dit nog nie binne die maatskappy voorgekom het nie.

Barnett (Delpont 2001:6) berig dat korporatiewe misdaad die land baie meer kos as die amptelike syfer van R7 miljard in 1999, omdat verreweg die meeste misdadegevalle nie aangemeld word nie. Die werklike syfer beloop nader aan R40 miljard per jaar te wees.

4.3.2 Totale aantal misdade aangemeld : Malelane Meule

Tabel 4.2 Totale sake: Malelane Meule

Opsie	Jaar							
	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Totale sake	117	96	116	103	120	125	104	75

Tabel 4.2 gee 'n uiteensetting van die totale aantal sake aangemeld by Transvaal Suiker Beperk se Sekerheidsdienste tussen 1994 en 2001 vir Malelane Meule. Dit sluit in kriminele oortredings asook afwykings vanaf maatskappy beleid wat dissiplinêre aksie verg. Die uitgangspunt is dat alle sake wat aangemeld word by Transvaal Suiker Beperk se Sekerheidsdienste geag word as 'n potensieële oortreding van een of ander aard, met die veronderstelling dat alle sake ondersoek word sodat die nodige regstellende aksie tydig geneem kan word.

4.3.3 Insident voorkoms : Malelane Meule

Tabel 4.3 Tipe misdaad : Malelane Meule

Opsie	Jaar							
	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Diefstal/poging	47	59	40	36	42	40	32	26
Onder invloed van alkohol	19	16	11	17	9	18	8	2
Inbraak/poging	6	4	13	8	9	2	6	7
Oortreding van mpy beleid en prosedures	6	8	5	6	7	8	13	4
Onregmatige verwydering van	10	17	15	9	11	13	8	13

eiendom								
Betreding	53	16	10	14	16	25	16	9
Bedrog	2	1	0	0	0	1	2	2
Aanranding	2	0	1	2	4	0	0	0
Diefstal van/ diefstal uit / poging / gebruik sonder toestemming van motorvoertuie	1	14	8	4	3	2	2	1
Voertuig kapings (suikervragmotors)	0	0	0	0	1	0	2	1
Besit van gesteelde eiendom	1	1	1	0	5	4	2	1
Besit van dwelms	1	0	0	0	1	1	1	0
Natuurbewaring oortredings	13	3	12	5	5	7	7	8
Brandstigting	1	0	0	0	0	0	0	0
Korrupsie	0	0	0	0	2	0	1	0
Saakbeskadiging	0	3	1	1	3	1	3	1
Rig van vuurwapen	0	0	0	0	1	0	0	0

Tabel 4.3 gee 'n aanduiding van die tipes misdaad wat binne maatskappy verband voorgekom het tussen 1994 en 2001. Hierdie sake is almal amptelik geregistreer by die maatskappy se Sekerheidsdienste afdeling. Ter verduideliking van tabel 4.3 word vervolgens na sommige van die sake verwys.

Uit uit tabel 4.3 blyk dit duidelik dat eiendomsverwante misdaad die grootste probleem is waarmee Transvaal Suiker Beperk te kampe het. Produk en of materiaaldiefstal maak die grootste persentasie klagtes uit wat gerapporteer en ondersoek word. Volgens O'Block *et al* (1991:230) is personeeldiefstal een van die grootste bedreigings binne 'n besigheid en fokus die voorkoming daarvan op vier beginsels, naamlik:

- Verminder die geleentehede vir diefstal;
- Bevorder werkstevredenheid onder personeel;
- Vestig werknemer aanspreeklikheid, en
- Doen 'n werksnavraag by vorige werknemers wanneer iemand aansoek doen om 'n pos.

Onregmatige verwydering van eiendom onder die opsie omskrywing hierbo kom basies neer op diefstal, maar word binne maatskappy verband anders omskryf ten einde te voldoen aan dissiplinêre prosedures en voorskrifte. Ter verduideliking van bogenoemde word die volgende na verwys. Maatskappy beleid bepaal onder andere dat enige item wat die fabrieksterrein uitgeneem of binnegebring word, vergesel moet word nou 'n geldige dokument. Indien dit nie gebeur nie word die oortreder aangekla dat hy 'n item onregmatig in/uit die perseel wou verwyder. Sodanige klagte is makliker om te bewys as diefstal.

Wat die voorkoms van motordiefstal, diefstal uit motorvoertuig, en gebruik van voertuig sonder toestemming betref, kan uit tabel 4.3 gemerk word dat gedurende 1995 en 1996 relatief hoë insidente voorgekom het in verhouding met ander jare. Die verklaring vir die tendens is dat gedurende Desember 1995 en Januarie 1996 voertuie op grootskaal gesteel is deur sindikaat betrokkeheid in die omgewing, volgens die SAPD.

Die voorvalle van voertuig kapings van die maatskappy se vragmotors en vrag word nie altyd aan die afdeling Sekerheidsdienste gerapporteer nie. Inligting verkry uit bogenoemde tabel dui 'n relatiewe lae voorkoms van voertuigkapings aan. Die betrokke inligting is ongeldig weens die rede reeds genoem. Rapportering van voertuigkapings word direk by die naaste polisiekantoor waar die insident voorgekom het, aangemeld vir onmiddellike aandag. Gevalle wat wel aan Sekerheidsdienste gerapporteer is, word gedoen vir statistiese doeleindes. Inligting rakende alle voertuigkapings word nie in bogenoemde tabel gereflekteer nie, maar word later in die hoofstuk bespreek.

Voorts blyk dit uit tabel 4.3 dat alkohol verwante oortredings aan die orde van die dag is, ten spyte van streng dissiplinêre aksies wat binne maatskappy verband geneem word teen oortreders. Verskeie ontslagte het al gespruit weens 'n oortreding van die reël.

Geen inbrake het voorgekom by die persele sedert fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls aangebring en verbeter is nie soos bespreek word in hoofstuk vyf. Inbrake is verplaas na meer kwesbare persele en geboue wat nie oor voldoende maatreëls beskik nie. Jeffery (1977:228) meld in hierdie verband dat die argument gereeld gevoer word dat misdaadvoorkomingsprogramme nie misdaadtendense regtig voorkom nie, maar eerder rond verplaas. Veral gedurende 2001 het inbrake voorgekom by strategiese belangrike plekke soos die Mannekrag-

en finansiële hoofkantoorkomplekse, asook die kliniek. Die persele word as strategies kwesbaar beskou vanweë die waardevolle gebruiksitems soos rekenaars, faksmasjiene, fotostaat masjiene, ensovoorts wat daar gebruik word. Daar is by meer as een geleentheid by dieselfde perseel ingebreek met relatief groot verliese. Alle inbrake het gedurende buite normale werksure voorgekom. O'Block *et al* (1991:207) sluit hierby aan en meld dat inbrake by besighede meestal gedurende die nag of oor naweke plaasvind. Die volgende maatreëls is sedert 2001 aangebring of verbeter, ten einde die risiko van inbrake te verminder:

- Addisionele buitebeligting;
- Sluit van oopmaakvensters;
- Installering van alarmstelsels gekoppel aan 'n gewapende reaksie diens;
- Aanbring en versterking van diefwering;
- Aanbring van versterkte traliedeure;
- Deurlopende patrolling van geboue deur sekuriteitswagte;
- Oprigting van 'n 2m hoë palisade omheining rondom die mannekrag en finansiële hoofkantoorkomplekse;
- Uitkontraktering en uitbreiding van die binnenshuise sekuriteitskompliment met 'n 24-uur gewaarborgde vol mannekragsterkte wat voorheen 'n tekortkoming was; en
- Daaglikse sluit van geïdentifiseerde binne en buitedeure deur sekuriteitspersoneel.

Sedert die implimentering van bogenoemde maatreëls, het geen misdryf voorgekom nie. Tydens die bespreking in die volgende hoofstuk is foto illustrasies gebruik wat onder andere genoemde maatreëls illustreer.

Diefwering voor alle vensters (diefwering slegs voor oopmaakvenster en nie voor toe vensters nie) is nog nie in plek nie, ten spyte van voortdurende risiko analyses met sodanige aanbevelings. Weens die werksaamhede (24-uur diens in sommige afdelings) by die finansiële hoofkantoorkompleks kan 'n alarmstelsel nie ten volle geïnstalleer word nie. 'n Geslotebaan televisiestelsel op strategiese punte is voorgestel wat weens die koste-implikasie en praktiese aard van werksaamhede nie prakties uitvoerbaar is nie.

Ten spyte van traliedeure en diefwering by die kliniekdienste is daar vir 'n tweede keer ingebreek binne die bestek van twee maande. Tydens die ondersoek van die diefwering is

swak installering van 'n traliede deur uitgewys wat deur die inbrekers oop forseer is om toegang te verkry. Sedertdien is die traliede deur versterk. 'n Alarmstelsel met 'n gewapende reaksie eenheid is bykomend geïnstalleer by die kliniek asook by ander kwesbare persele om die fisiese hindernisse (diefwering en traliewerke) te komplimenteer. Sedert die opgradering van genoemde fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls is geen inbraak aangemeld nie. Die kliniek is geleë buite die omheinde en bewaakte grense, wat waarneming veral gedurende na-ure bemoelik. Beligting is voorts onvoldoende wat donker kolle daarstel. "Eienaarskap" van die gebou is nie met behulp van beskikbare maatreëls afgedwing nie wat moontlik bygedra het tot misdaadpleging.

Bogenoemde bespreking dui daarop dat die Oscar Newman se verdedigbare ruimte model, toegepas kan word binne 'n nywerheidsopset, en 'n groter bydra ten opsigte van misdaadvoorkoming sal lewer, indien die model uitgebou word.

Die kombinasie van meganiese en fisiese maatreëls, met moderne elektroniese hulpmiddels, gerugsteun deur die mens-faktor, dui die beste te werk ten opsigte van die voorkoming van sekere eiendomsmisdade, en het daadwerklik bygedra tot misdaadvoorkoming by Transvaal Suiker Beperk. Bogenoemde bespreking dui op die waarde van 'n geïntegreerde misdaadvoorkomingstelsel en kan deur ander navorsers by soortgelyke instellings verder ondersoek word.

4.3.4 Eksterne rapportering van sake aan die SAPD

Tabel 4.4 Eksterne SAPD verwysings: Malelane Meule

Opsie	Jaar							
	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Totale/aantal sake aangemeld	117	99	116	103	120	125	104	75
Sake verwys na SAPD	28	39	35	30	48	10	24	21
%	24%	39%	30%	29%	40%	8%	23%	28%

Tabel 4.4 toon die verhouding tussen sake aangemeld by Sekerheidsdienste en die aantal sake gerapporteer aan die SAPD. Dit dien gemeld te word dat baie van die sake nie verband hou met kriminele aktiwiteite nie, of dat die omstandighede van die sake van so aard is dat dit nie die moeite loon om ekstern te rapporteer nie. Die tipe saak, waarde betrokke, en opset waarmee dit gepleeg word, deur hoofsaaklik werknemers, is die belangrikste faktore wat in aanmerking geneem word voordat 'n saak ekstern aan die SAPD gerapporteer word. Die lae persentasie eksterne aanmeldings, soos blyk uit tabel 4.4 kan dus verkeerdelik die persepsie skep dat Transvaal Suiker Beperk apaties staan rakende die aanmelding van kriminele sake aan die SAPD, wat nie die geval is nie. Voorts is dit maatskappy beleid dat alle nie-werknemers wat op die perseel betrokke is by misdadige aktiwiteite aan die SAPD rapporteer word.

Die aantal betredingsake, afwyking van maatskappy beleid, en drank verwante sake aangemeld, beïnvloed bogenoemde data in 'n groot mate aangesien al die sake intern aangespreek word sonder die nodigheid vir eksterne vervolging. Elke eksterne verwysing word op meriete hanteer volgens die riglyne van die maatskappy se beleid soos uiteengesit in: Prosedure: Onderzoek van misdaad/vermoedelike misdrywe van Transvaal Suiker Beperk.

4.3.5 Totale aantal sake aangemeld : Komati Meule

Tabel 4.5 Totale sake: Komati Meule

Opsie	Jaar						
	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Totale sake aangemeld	11	19	14	18	32	27	36

In hoofstuk een is reeds gemeld dat sekuriteitsmaatreëls in 'n mate in aanmerking geneem is tydens die ontwerp van Komati Meule wat die kwesbaarheid ten opsigte van sekere misdade verlaag. 'n Relatief klein persentasie personeel is werksaam te Komati Meule wat indirek bydra tot die min aantal sake wat aangemeld word, soos in tabel 4.5 uitgewys. Data is verkry uit die *Case book* Komati Meule.

4.3.6 Insident voorkoms: Komati Meule

Tabel 4.6 Tipe misdaad: Komati Meule

Opsie	Jaar						
	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Diefstal/poging	9	10	7	10	26	18	24
Onder invloed van alkohol	0	2	2	3	0	1	5
Inbraak/poging	0	0	0	1	2	2	2
Oortreding van mpy beleid	0	2	3	2	0	2	0
Onregmatige verwydering van eiendom	2	0	1	0	2	1	1
Betreding	0	0	0	0	1	0	1
Bedrog	0	0	0	0	0	1	0
Aanranding	0	0	0	2	0	0	2
Motor diefstal / poging / gebruik sonder toestemming	0	0	0	0	0	1	0
Voertuig kapings (suiker vragmotors)	0	0	0	0	0	0	0
Besit van gesteelde eiendom	0	0	0	0	0	0	0
Besit van dwelms	0	0	0	0	1	0	0
Natuurbewaring oortredings	0	4	1	0	0	0	0
Brandstigting	0	0	0	0	0	0	0
Korrupsie	0	0	0	0	0	0	0
Saakbeskadiging	0	1	0	0	0	1	1
Rig van vuurwapen	0	0	0	0	0	0	0

Tabel 4.6 dui die hoeveelheid sake aangemeld aan sedert 1995 te Komati Meule, en die aard van die sake sedert 1995 tot 2001.

Soos in die geval te Malelane Meule hou personeeldiefstal die grootste bedreiging in, terwyl voorvalle soos gewapende roof glad nie voorkom nie. Vier inbrake wat wel aangemeld is, het voorgekom by die Meule ontspanningsarea teenaan die Komati rivier ongeveer 1 kilometer

vanaf Komati Meule. 'n Enkele inbraak gedurende 1998 by 'n werkswinkel geleë binne die Meule is gerapporteer. Gedurende 1999 is 'n inbraak by 'n ketelmakerswerkswinkel geleë binne die aanleg aangemeld terwyl daar by die kafee binne die aanleg gedurende 2000 ingebreek is. Personeel betrokke by hierdie inbrake het tydens die kriminele ondersoek aan die lig gekom en die betrokke persele is moeilik bereikbaar vir eksterne persone.

4.3.7 Eksterne SAPD verwysings: Komati Meule

Tabel 4.7 Eksterne SAPD verwysings: Komati Meule

Opsie	Jaar						
	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Totale aantal sake aangemeld	11	19	13	18	32	27	36
Sake verwys na SAPD	2	2	4	0	7	4	7
%	18%	10%	31%	0%	22%	15%	19%

Alle inbrake by Komati Meule is aan die SAPD aangemeld buiten 'n voorval in 1998 wat nie as ernstig gesien word weens die omringende omstandighede van die voorval. Die uitgangspunt is dat alle sake waarby groot waardes betrokke is, volgens TSB prosedure ondersoek van misdaad/vermoedelike misdrywe, aan die SAPD gerapporteer word, of waar kriminele opset duidelik voortspruit. Tabel 4.7 gee 'n uiteensetting van die persentasie sake wat ekstern aangemeld is.

4.4 Fisiese en algemene misdaadvoorkomingsmaatreëls

Die inligting verkry uit bostaande tabelle dui duidelik daarop dat misdaad wel voorkom te Transvaal Suiker Beperk en derhalwe is teenmaatreëls nodig om sodanige misdade uit te skakel. Die bespreking wat volg gee 'n uiteensetting van alle misdaadvoorkomingsmaatreëls wat met verloop van tyd aangebring of opgradeer is om die bedreigings (misdade) van die dag te minimaliseer binne maatskappy verband. Ten spyte van Sekerheidsdienste se misdaadvoorkoming aanbevelings, ondersteun besluitnemers nie altyd sodanige voorstelle nie. Volgens Kuhn (2001) is sodanige besluite gebaseer op ekonomiese beginsels en voorts word die ernstigheid en geskiedenis van voorvalle in ag geneem. Die voorvalle wat plaasgevind

het is gesien as geïsoleerde gevalle wat derhalwe nie onmiddellike aandag verg nie. Belangrike besigheidsaangeleenthede is aan die orde van die dag wat die aandag verskuif weg van misdaadvoorkomingsmaatreëls. Sodanige voorstelle fokus meer op fisiese versperrings as primêre misdaadvoorkomingsmaatreëls. Die verharding van teikens kan daartoe lei dat die potensiële oortreder ontmoedig word van misdaadpleging en na ander meer kwesbare punte gaan soek om sy doel te bereik.

Personeeldiefstal en -oortredings van maatskappy beleid en prosedures bly egter die grootste bedreiging te wees te Transvaal Suiker Beperk en maatreëls word voortdurend aangepas om die probleem effektief aan te spreek. In al die gerapporteerde sake is relatief geringe randwaarde verliese betrokke. Volgens Strobl (1978:10) is personeeldiefstal in die privaat sektor die onwettige aktiwiteit wat hoë verliese tot gevolg het.

Fisiese maatreëls van toepassing by die finansiële hoofkantoor kompleks wat as primêre beskerming dien, sluit in:

- Voor- en agterdeurbeheer deur 'n Seiko kaartleesstelsel en ontvangstoonbank (nie voldoende in plek nie en skep 'n valse gerustheid);
- Diefwering voor alle oopmaakvensters;
- Deurlopende sekuriteitswag patrollies (sedert September 2001) op 'n 24-uur basis;
- Sluit van kantoordeure na-ure en tydens personeel afwesigheid (nie deur alle personeel);
- 24-uur Aangeskakelde kantoor en buitebeligting;
- Palisadeomheining van totale hoofkantoor komplekse (sedert Desember 2001); en
- Verwydering van skootrekenaars deur gebruikers na-ure (tafel- en sommige skoot rekenaars word altyd in kantore gelaat en is vatbaar vir diefstal soos reeds voorgekom).

Sedert die implimentering van genoemde maatreëls, het geen verliese voorgekom nie.

4.4.1 Eksterne bedreiging

Die grootste bedryging vir Transvaal Suiker Beperk wat finansiële verliese en ook die verlies van menselewens betref, word veroorsaak deur eksterne bedreigings soos byvoorbeeld, inbrake, motordiefstalle en voertuigkapings, soos blyk uit tabelle 4.3 en 4.6. In hierdie geval

word 'n onderskeid getref tussen personeeldiefstal wat binne werksverband plaasvind en eksterne bedreigings wat gesien word as alle ander misdrywe wat nie binne werksverband plaasvind nie, maar deur nie-werknemers of werknemers wat van diens is, gepleeg word.

'n Langafstand suikervragmotor bestuurder is gedurende 1998 op die N4 roete doodgeskiet waar hy oornag het. Die bedreiging van voertuigkapings waartydens die maatskappy se vragmotors en produk geroof word, is 'n ernstige bedreiging wat spesifieke misdaadvoorkomingsmaatreëls regverdig. Die vervangingswaarde van die kombinasie van 'n vragmotor met sy vrag beloop net meer as een miljoen rand. Data dui daarop dat tussen 1991 en 1997 20 voertuigkapings reeds plaasgevind het waarby maatskappy vragmotors en produkte betrokke was. Al hierdie insidente het weg van die maatskappy perseel op die hoofroetes na Gauteng plaasgevind. Die maatreëls wat inplek gebring is om genoemde misdaad te voorkom sluit in (van der Berg 2001):

- Aanbring van selfone binne vragmotors;
- Uurlikse telefoniese rapportering na hoofkantoor;
- Toerus van drywers met eie vuurwapens vir persoonlike beskerming;
- Opsporingstelselinstallasie binne vragmotors;
- Reaksie deur helikopter opsporingsmaatskappy;
- Konvooi ry om kwesbaarheid van teikens te verklein wanneer moontlik;
- *Ad hoc* monitering van vragmotors deur getaakte personeel; en
- Deurlopende kommunikasie met SAPD ondersoekbeamptes nadat 'n roof plaasgevind het.

Vervolgens word 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die integrale misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk gegee.

4.4.2 Betaalrol beveiliging

Lone van werknemers is op die perseel uitbetaal wat 'n groot risiko daargestel het vir al die betrokke rolspelers asook werknemers wat hulle lone kom afhaal. Die betaalpunt is beskerm met 'n sekuriteitsomheining om die betaalpunt en is strategies binne die sekuriteitsarea geleë. Die betaalpunt bestaan uit 'n inloopkluis met addisionele staankluis binne die gebou, waarin

kontant geberg word. Toegang na die ingang van die betaalpunt word verkry verby bemande sekuriteitstoegangsbeheerpunte.

Toegang tot die betaalpunt word beperk tot spesifiek getaakte administratiewe personeel. 'n Alarmstelsel wat gekoppel is aan die sekuriteitstoegangsbeheerpunt verleen bykomende beskerming. Ongewapende sekuriteitswagte verleen hulp buite voor die uitbetalingsluik van die betaalkantoor tydens betaaldae, en konsentreer hoofsaaklik op identifisering en orde handhawing van lone personeel. 'n Senior gewapende sekuriteitsbeampte maak gebruik van mobiele vervoer om die terrein vooraf en gedurende betaling te patroleer. Hoewel geen voorvalle ooit plaasgevind het nie, was die bedreiging vir 'n moontlike roof of diefstal van kontant te groot en is weggedoen met hierdie betaalwyse. Alle lone word sedertdien in werknemers se bankrekenings betaal en sodoende is die lokmiddel (kontant) vir potensiële rowers verplaas en versprei.

4.4.3 Sekuriteitswagte

Sekuriteitswagte speel 'n baie belangrike rol ten opsigte van misdaadvoorkoming by Transvaal Suiker Beperk. Walsh en Healy (1982:9-1) verduidelik dat sekuriteitswagte 'n al hoe belangriker rol speel om maatskappy bates te beskerm en word gesien as deel van 'n totale beskermingsplan. Transvaal Suiker Beperk het gedurende 1996 begin met die gedeeltelike uitkontraktering van binnenshuise sekuriteitswagte by geïdentifiseerde toegangsbeheerpunte. 'n Standpunt van 'n natuurlike uitfaseringsproses van personeel is ingeneem. Op 30 September 2001 is die oorblywende binnenshuise wagte komponent uitgekonnekteur. Slegs sekuriteitsbestuur en gespesialiseerde funksies is nie uitgekonnekteur nie. Buiten die finansiële voordele wat hierdie stap vir die maatskappy inhou, is 'n bykomende voordeel dat die sekuriteitsfunksie uitgebrei kan word met 'n gewaarborgde 24-uur vol kompliment. Met die binnenshuise sekuriteitsstelsel was die handhawing van 'n deurlopende vol kompliment nie moontlik nie, weens 'n verskeidenheid van redes. Die gevolg was dat patrollies ongereeld en vir kort periodes gedoen kon word by strategiese punte met waardevolle items, soos die mannekrag en finansiële hoofkantoorplekse. Weens die tekort aan patrolliewagte en onvoldoende fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls wat in plek was, het inbrake en motordiefstalle by die kantoorplekse voorgekom, met relatief groot finansiële verliese vir die maatskappy.

Sedert die implimentering van addisionele maatreëls, soos reeds bespreek, het geen inbrake voorgekom nie. Produk- en materiaal diefstalle deur werknemers by die onderskeie werkspersele kom steeds voor. Beperkte toegangsbeheerpunte dien as primêre voorkomingsmaatreël vir personeel diefstal. Die sekuriteitswagte by sodanige punte se primêre taak is die voorkoming van personeeldiefstal.

Die effektiwiteit van toegangsbeheermaatreëls kan nie altyd beoordeel word nie, aangesien gevalle voorkom waar items oor of onder deur sekuriteitsheinings uit die perseel verwyder is. Verskeie onbeskermdes uit/ingange soos dienshekke en kantoordeure skep die geleentheid dat gesteelde items ongesiens van die perseel verwyder kan word.

Voorts is 'n sekuriteitswag 24-uur beskikbaar wat reageer op geaktiveerde alarms ter ondersteuning van die gewapende reaksie-eenheid. Hierdie funksie was nie voorheen beskikbaar nie weens personeel tekort asook die feit dat alarms eers sedert 2001 geïnstalleer is by spesifieke maatskappy persele.

4.4.4 Sekerheidsomheinings

Sekerheidsomheinings is sedert die oprigting van die twee meulens aangebring met die hoofdoel om misdad te voorkom en begrensing aan te dui. Heinings word op 'n gereelde basis gepatroleer deur swerfwagte en met verloop van tyd is opsetlike skade aan die heinings opgemerk waarskynlik met die doel om gesteelde items daardeur te verwyder. Hierdie geïdentifiseerde bedreiging het genoodsaak dat sekere heinings geëlektifiseer is. Die effektiwiteit van geëlektifiseerde omheinings word egter deur die volgende faktore gekortwiek en moet derhalwe in aanmerking geneem word indien besluit word op die elektrifisering van heinings:

- Sporadiese kragonderbrekings en kortsluitings;
- Onvoldoende onkruidbeheer teen omheinings;
- Relatief lang wagtye op diensverskaffers vir foutregstellings;
- Ongereelde patrollies en inspeksies;
- Kleiner gesteelde items word maklik oor heinings gegooi;

- Onvoldoende grensbeligting vir waarneming; en
- Geëlektrifiseerde lyndrade op sommige heinings is te wyd gespassieer om optimale effektiwiteit te verseker.

Voertuigparkade - omheinings

Die toeganklikheid vir boosdoeners tot voertuie van personeel te Malelane Meule voertuigparkade, het tot gevolg gehad dat voertuie vandaar gesteel is, en of by ingebreek is en wat die personeel tot onrustigheid gestem het. Ten einde die bedreiging van voertuigdiefstal aan te spreek is die parkade met 'n palisade omheining toegemaak met 'n enkele bemande toegangsbeheerpunt. Algemene voetgangerbeweging deur die parkade word beperk. Sedert die implimentering van hierdie maatreëls twee jaar gelede het geen kriminele voorvalle plaasgevind nie. Gereelde voetpatrollies deur sekuriteitspersoneel vind veral na-ure tussen die voertuie en kantore plaas. Strobl (1978:49) sluit hierby aan en meld dat die beskerming van personeel se voertuie deur sekuriteitspatrollies en hekbeheer noodsaaklik is.

Weens die verskeie inbrake en diefstal van voertuie wat by die hoofkantoor kompleks asook voertuigparkades voorgekom het, is dieselfde voorkomingsmaatreëls as bo genoem, geïmplimenteer. Die projek is teen November 2001 afgehandel en sedertdien het geen kriminele voorvalle plaasgevind nie. Walsh en Healy (1982 : 3-63) daarenteen sien 'n heining nie as 'n versperring nie, maar eerder as primêre maatreël om wettige grense te definieer. Hierdie stelling sluit aan by Newman se territorialiteitskonsep wat in die volgende hoofstuk uiteengesit word.

4.4.5 Toegangsbeheermaatreëls

Toegangsbeheermaatreëls aan die hand van neergelegde dienspuntprosedures is die basiese pro-aktiewe voorkomingsmaatreëls wat van toepassing is by die maatskappy. Toepassingsprosedures spreek bepaalde risiko's per dienspunt aan en die effektiwiteit en integriteit waarmee wagte hulle werk verrig is van kardinale belang om die verlies van maatskappy bates en produk te voorkom. Slaag sekuriteitspersoneel nie in hulle doel nie, is 'n toename in personeeldiefstal normaalweg die gevolg, veral waar kleiner items wat maklik versteek kan word, betrokke is.

Beweging deur toegangsbeheerpunte word prosedurieël beperk tot personeel met identiteitskaarte gemagtig tot 'n spesifieke gebied. Kliënte, kontrakteurs en besoekers verkry toegang tot sekuriteitspersele deur vooraf amptelike toestemming te verkry waarna identiteitskaarte uitgereik word. Sodanige persone word van en na hul bestemming binne die fabriekperseel vergesel. Item verifiëring geskied aan die hand van gemagtigde dokumentasie by sodanige dienspunte na te gaan wat diefstal voorkom. Voertuig beweging word beperk en kan die perseel slegs betree aan die hand van 'n vooraf gereelde permit. Alle houers, voertuie, pakkies, ensovoorts is onderhewig aan deursoeking om misdaad te voorkom. Vermindering van onnodige toegange dien as belangrike motiveringspunt vir die afdeling Sekerheidsdienste, om beheer uit te oefen.

Geen formele toegangsbeheermaatreëls bestaan tans gedurende normale werksure by die Mannekrag en Finansiële hoofkantoor komplekse nie weens die aard van die werksaamhede by die persele. Dit het tot gevolg dat vreemdelinge binne die geboue opgemerk word deur kantoorpersoneel. Sodanige voorvalle word huidiglik beperk met oprigting van die palisade omheining en formele toegangsbeheermaatreëls by die hoofingang na die hoofkantoor komplekse. Formele toegangsbeheer tot die perseel word wel na-ure, naweke en vakansiedae toegepas.

4.4.6 Hekke

Alle hekke en ingange wat nie beman word deur sekuriteitspersoneel nie, word gesluit met voldoende sleutelbeheer. Die aantal toegangshekke na die perseel en sekere afdelings is verminder om risiko's en misdaadpleging te verlaag. Geïdentifiseerde voertuig en voetgangerhekke word na-ure deur sekuriteitspersoneel gesluit.

Lokomotiefhek

Die lokomotiefhek wat gebruik word om 'n verskeidenheid kommoditeite met spoorvervoer te vervoer word slegs gedurende normale kantoorure oop- en toegesluit en vragte verlaat of word die perseel ingebring onder beheerde toestande. Spesiale toestemming word vooraf verkry

indien die betrokke hek gedurende na-ure oopgesluit moet word vir verkeer. Geen voetgangerverkeer word deur die hek toegelaat nie.

Padvervoerhek

Die padvervoerhek by die suikerversendingstore was voorheen beheer slegs deur 'n enkele sekuriteitswag met handgeskrewe dokumentasie vir rekord doeleindes. Bedrog en produk diefstal het tot gevolg gehad dat toegangsbeheermaatreëls by die suikerversendingstore opgradeer is. Die opgegradeerde toegangsbeheerstelsel bestaan uit 'n geïntegreerde stelsel wat elektroniese weegbruë en ge-outomatiseerde glyhekke insluit. Die stelsel word onderskryf deur 'n SAP rekenaar sagteware program en die mens intervensie is hierdeur grootliks uitgeskakel, met insette deur verskeie rolspelers. Die stelsel word voorts gekomplimenteer deur 'n geslotebaan televisie kamerastelsel met kameras gemonteer op strategiese punte. Die kamerastelsel beskik oor 'n digitale datageheuebasis wat opgeroep kan word vir bewysleweringsdoeleindes indien nodig. Die totale stelsel word gemoniteer deur 'n 24-uur sekuriteitsdiens aan die hand van neergelegde prosedures. Sindikaat betrokkenheid word grootliks deur die gesofistikeerde stelsel uitgeskakel wat met die vorige beperkte misdaadvoorkomingstelsel nie moontlik was nie. Sedert die implimentering van die stelsel het geen gerapporteerde verliese en misdrywe voorgekom nie. Waaksaamheid moet egter deurlopend aan die dag gelê word, aangesien gesofistikeerde misdaadvoorkomingsmaatreëls, 'n valse gerustheid kan skep en deur nalatigheid kan misdaad steeds plaasvind.

4.4.7 Diefwering en traliewerke

Walsh en Healy (1982 : 3-10) verduidelik dat die glas in 'n venster die swakste plek is en moet daarom versterk word om misdaad te voorkom. Soos reeds uitgewys het die aanbring van versterkte diefwering en traliewerke by hoë risiko persele bygedra tot die verminderde kwesbaarheid van geboue en persele. Hoewel aanbevelings vir die aanbring van diefwering reeds geruime tyd aanbeveel en bekend is, en ook deel van die sekerheidsbeleid uitmaak, ignoreer sommige aanspreeklike bestuurslede die implimentering van sodanige maatreëls. Die standpunt word ingeneem dat sekuriteitsmaatreëls aangespreek sal word sodra die misdaadbedreiging 'n realiteit word. Die ironie van die saak is dat groter finansiële verliese en uitgawes aan die orde van die dag is wanneer later na misdaadpleging besluit word om ag te

slaan op aanbevole maatreëls. Sinvolle kostebestuur word bevraagteken waar so 'n standpunt ingeneem word wat eerder fokus op re-aktiewe optrede instede daarvan om voorkomend op te tree.

4.4.8 Alarmstelsels

Alarmstelsels is met groter erns sedert 2001 geïnstalleer by sommige van die maatskappy persele in 'n poging om die toename van inbrake aan te spreek. Die blote installering van 'n alarmstelsel sonder 'n ondersteuningsdiens, blyk nie effektief te wees nie, en daarom word die maatreël uitgebrei met die ondersteuning van 'n gewapende reaksie diens. Die duidelike aanbring van die nodige waarskuwingstekens dien voorts as afskrikking vir misdadpleging, hoewel sommige bestuurslede steeds die waarde van sulke waarskuwingstekens bevraagteken. Indien 'n sekuriteitsbreuk ten spyte van die alarmstelsels steeds voorkom, word die hulp van die SAPD ingeroep. Sedert die implimentering van hierdie maatreël het geen inbrake plaasgevind nie.

In 100% van die gevalle waar die alarms geaktiveer was te Transvaal Suiker Beperk, was dit 'n vals alarm gewees en O'Block *et al* (1991:318) beveel derhalwe aan dat groot voorsorg aan die dag gelê moet word om vals alarms te voorkom. Dit kan die besigheidsverhouding tussen die diensverskaffer en besigheidseienaar vertroebel wat tot vertraagde reaksie tye kan lei.

4.4.9 Beligting

Transvaal Suiker Beperk se sekerheidsbeleid wys daarop dat alle kantoor- en buitebeligting op 'n 24-uur basis aangeskakel moet wees. Swak beligting is aangevoer as 'n rede vir die inbrake by die mannekrag hoofkantoor kompleks. Hierdie probleem is aangespreek deur die aanbring en opgradering van addisionele buitegebou beligting.

Beide Komati en Malelane Meulens beskik oor voldoende terreinbeligting deur hoëmas terreinbeligtingstelsels, wat op deurlopende basis instand gehou word.

Grensbeligting by die sekuriteitsomheinings is onvoldoende en daar kom steeds donker kolle voor wat diefstal van kleiner items vergemaklik wat oor of onder deur die heinings gegooi kan

word. Addisionele beligting sal groter sigbaarheid en die makliker identifisering van oortreders tot gevolg hê. Volgens Strobl (1978:53) skrik voldoende beligting nie net oortreders af wat verkies om misdaad in die donker te pleeg nie, maar verleen 'n bykomende funksie deur 'n gevoel van veiligheid te skep by sekuriteitswagte wat gedurende die nag patroleer.

4.4.10 Alternatiewe misdaadvoorkomingsmaatreëls

Ter ondersteuning van al die fisiese maatreëls wat bestaan, word die bedreiging van misdaadpleging aangespreek deur onder andere die volgende geïntegreerde stelsels in plek te stel:

- Maatskappy etiese kode;
- Interne beheersisteme in plek te stel en deurlopend te hersien;
- Produk en batekontrole deur bestuurstelsel na te gaan;
- Maatskappy stelsels en prosedures;
- Gestandaardiseerde beleidmaatreëls;
- Sekuriteit bewusmakingsprogramme;
- Misdaadondersoek na alle gerapporteerde en geïdentifiseerde insidente;
- Risiko analyses en aanbevelings deur sekuriteitspersoneel;
- Strategiese beplanning waartydens misdaadtendense en misdaadontledings in oënskou geneem word vir toekomstige beplanning;
- Deurlopende sekuriteitspersoneel opleiding om 'n effektiewe diens te verseker; en
- Implimentering van 'n *whistle blow* projek wat daarop gebaseer is dat misdaadverwante inligting binne die maatskappy anoniem bekend gemaak kan word.

Genoemde maatreëls komplimenter die fisiese maatreëls in plek en dien as beheersisteme ten einde misdaad binne maatskappy verband te voorkom. In hoofstuk vyf word die effek van hierdie maatreëls in meer detail uiteengesit.

4.5 Slotbeskouing

Ten einde effektiewe misdaadvoorkomingsmaatreëls inplek te hê, is dit belangrik om die effek en aard van misdaad by 'n bepaalde plek te bespreek. Die uiteensetting van die data soos in die hoofstuk na verwys, dui daarop dat misdaad ook ondervind word by Transvaal Suiker Bepark en daar is 'n uiteensetting gegee van die vernaamste misdade.

Hierdie hoofstuk se fokus is voorts op die fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls in plek wat bydra tot misdaadvoorkoming binne Transvaal Suiker Bepark as maatskappy. Aspekte van belang wat bespreek is, sluit statistiese data rakende misdaad en misdaadtendense, asook fisiese hindernisse in plek om sodanige misdaadaktiwiteite te voorkom in. Die rol wat sekuriteitswagte, sekerheidsomheining, toegangsbeheermaatreëls, diefwering en traliewerke, alarmstelsels, asook beligting speel, is in groter detail bespreek. In geheel beskou, is die misdaadsituasie by Transvaal Suiker Bepark onder beheer met 'n relatiewe lae voorkoms van misdaad in die algemeen, veral wanneer waardes betrokke ook in aanmerking geneem word. Jeffery (1977:212) sluit hierby aan deur te meld dat misdaad 'n definitiewe ekologiese patroon volg afhange van die fisiese omgewing. Misdaad is met ander woorde voorspelbaar en daar kan iets aan gedoen word.

Ten spyte van al die fisiese maatreëls in plek by Transvaal Suiker Bepark, is die implementering van addisionele voorkomingsmaatreëls noodsaaklik om te verseker dat risiko's optimaal en deurlopend aangespreek word, soos uiteengesit in hierdie hoofstuk. Dit is voorts belangrik om kennis te neem dat die hoofdoel van Transvaal Suiker Bepark is om wins te genereer vir die aandeelhouers. Binne sodanige opset is ekonomiese misdade aan die orde van die dag en vind geweldsmisdade derhalwe nie so gereeld plaas nie. Misdaadvoorkoming fokus dus op hoofsaaklik die bekamping van ekonomiese misdade soos uiteengesit in hierdie hoofstuk.

Die volgende hoofstuk ondersoek die praktiese toepassingswaarde van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model, op Transvaal Suiker Bepark as besigheidsinstelling en verwys ook na misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp (CPTED).

HOOFSTUK 5

TRANSVAAL SUIKER BEPERK AS VERDEDIGBARE RUIMTE

5.1 Inleiding

Brantingham en Brantingham (1981:7-8) verduidelik dat vier komponente gelyktydig teenwoordig moet wees voordat 'n misdaad plaasvind. Hierdie vier komponente naamlik, wetgewing (legaliteitsbeginsel), die oortreder, teiken, en plek word gesien as die dimensies van misdaad. Omgewingskriminoloë se studie fokus op die vierde komponent, naamlik die plek en omgewing waarbinne misdaad gepleeg word, en watter maatreëls in plek gebring kan word om hierdie element uit te skakel. Hierdie navorsing se fokuspunt is op omgewingsontwerp en die waarde daarvan ten opsigte van misdaadvoorkoming.

Die toepassingswaarde van Newman se model op 'n nywerheid (Transvaal Suiker Beperk), anders as vir 'n residensiële gebied, word vervolgens ondersoek en geïllustreer. Volgens Newman (1972:8) berus verdedigbare ruimte op vier komponente, naamlik: veilige gebiede (ligging), beeld en milieu, natuurlike waarneming, en territorialiteit. Transvaal Suiker Beperk sal aan die hand van hierdie komponente bespreek word tydens hierdie hoofstuk. Vir groter duidelikheid word gebruik gemaak van foto's om die vier komponente van Newman se model te illustreer. Alhoewel Oscar Newman (1972:3) se oorspronklike werk fokus op woongebiede as verdedigbare ruimtes, word ondersoek tydens hierdie navorsing ingestel om te sien of dieselfde beginsels suksesvol by nywerhede toegepas kan word. Die uitgangspunt van hierdie hoofstuk, soos Newman (1972:3) dit stel, is dat verdedigbare ruimte as surrogaat term dien vir 'n reeks komponente, naamlik werklike en simboliese versperrings, streng gedefinieerde areas van beïnvloeding, asook verbeterde geleenthede vir waarneming. Die kombinasie van hierdie komponente bring 'n bepaalde woongebied (omgewing) onder die beheer van die inwoners. In hierdie studietoepassing word beheer veronderstel deur die werknemers van Transvaal Suiker Beperk. Vervolgens word die toepassingswaarde van veilige gebiede, as 'n komponent van Newman se model, op Transvaal Suiker Beperk as maatskappy bespreek.

5.2 Veilige gebied

O'Block *et al* (1991:349) verwys na veilige gebiede as areas met 'n hoë graad van observasie moontlikhede, veral deur polisie patrollies. Daarom is die geografiese ligging 'n baie belangrike faktor ten opsigte van misdaadvoorkoming. Die verkeerde ligging en uitleg kan juis misdadigers lok.

5.2.1 Ligging van Transvaal Suiker Beperk

5.2.2 Malelane Meule en Hoofkantoorkompleks

Ligging

Malelane Meule is sentraal geleë in die Onderberg gebied van Mpumalanga, ongeveer 3 kilometers vanaf die N4 roete tussen Komatipoort en Nelspruit, en is derhalwe maklik toeganklik vir werknemers, besoekers, kliënte en ook potensiële misdadigers. Verskeie informele toegangspaadjies rondom die Meule en kantoorkomplekse kan dien as ontsnaproetes vir misdadigers na misdaadpleging. Die laeveld is boswêreld en die ekologiese bewaring van die omgewing is vir die maatskappy belangrik met die gevolg dat beboste gebiede strek tot 'n paar meter vanaf geboue en nie uitgekap word nie. Dit skep die geleentheid vir misdadigers om ongesiens misdaadteikens waar te neem en sodoende die beste tyd en plek te kies om toegang te verkry om hul misdaad te pleeg. Gesien in die lig van bogenoemde verduideliking is veral die hoofkantoorkompleks vatbaar vir misdaadpleging en verskeie misdade soos inbraak en diefstal van/uit voertuie is reeds ondervind soos uiteengesit in die vorige hoofstuk. Derhalwe was dit noodsaaklik vir die aanbring van fisiese hindernisse soos vervolgens bespreek word.

Fisiese hindernis

Dit is veral saans wanneer die bedreiging vir misdaadpleging groter is weens die verswakte waarnemingsvermoë. Ten einde die bedreiging aan te spreek is die perseel met 'n palisade struktuur omhein om ongemagtigde toegang te bemoeilik. Fotos 5.1 en 5.2 toon die nuut opgerigte palisade omheining aan wat aangebring is vir beskerming van bates veral aangesien

voertuig en voetganger roetes direk langs sommige kantore verby beweeg soos sigbaar op foto 5.2.

Die voordeel van 'n palisade omheining bo byvoorbeeld 'n beton of baksteenmuur, is dat waarneming nie beperk word nie. Kruger *et al* (1997:17) wys daarop dat ondeurdringbare versperrings tot gevolg het dat strate, oop areas, en eiendom nie natuurlik waargeneem kan word deur die algemene publiek nie. Swak waarneming verhoog die kanse vir misdaadpleging. Dit is derhalwe nie net die tipe versperring wat belangrik is nie, maar ook die aard daarvan. Spesifieke aandag word aan die effek van natuurlike plantegroei gegee om te verseker dat in- en uitgang na en van die perseel nie sodoende makliker verkry kan word nie.

Op foto 5.1 kan groot bome langs die palisade heining gesien word en wat deur misdadigers benut kan word om ongemagtig die perseel te betree. In hierdie geval word oorhangende takke weggesny en word lemmetjiesdraad voorgestel om rondom stamme van bome na aan die heining aan te bring.

Foto 5.1



In foto 5.1 kan voorts gesien word dat die palisade omheining aan die agterkant van die hoofkantoor parkade opgerig is wat ongemagtigde toegang tot voertuie en die kantoor-kompleks self bemoeilik. Walsh en Healy (1982:3-1) stel dit baie duidelik en meld in hierdie

verband, "A propely installed barrier should clearly state to a potential penetrator - keep out...". Dit is dieselfde boodskap wat gepoog word met die oprigting van die nuwe palisade heining om Transvaal Suiker Beperk se hoofkantoorkompleks. Dieselfde heining is reeds om die Malelane Meule se parkade en kantoorkompleks opgerig, sonder enige verdere voorval van kriminaliteit.

Foto 5.2



Op foto 5.2 is dit duidelik sigbaar hoe naby toegangsroetes tot die Meule aan die kantoor-komplekse verbyloop wat die moontlikheid van misdadpleging verhoog.

Aangrensende buurplase en besighede se arbeiders besoek gereeld vriende en familie woonagtig in die woonpersele van Malelane Meule. Buiten die hoofroetes na die Meule kan kortpaadtjies deur die veld gebruik word vir ontsnaproetes deur misdadigers. Toegang na- en van die Meule kompleks is maklik en derhalwe noodsaak die omstandighede die aanbring van fisiese versperrings, soos die palisade omheining in hierdie geval.

Natuurlike hindernisse

Ter aansluiting by die palisade omheining wat as hindernis opgerig is, word kortliks na die effek van natuurlike hindernisse by Transvaal Suiker Beperk verwys. 'n Natuurlike bergreeks aan die noordelike kant van die Meule dien as natuurlike versperring, ten spyte van 'n

"bergnek" wat as deurloop roete dien tussen buurplase wat toegang vergemaklik. Die gebied word gereeld deur wagte gepatrolleer om betreding te voorkom.

Die krokodilrivier grens aan die noordweste van die meule en dien as grens tussen Malelane Meule en die Nasionale Kruger Wildtuin. Toegang word deur hierdie natuurlike versperring beperk, veral as in ag geneem word dat krokodille en seekoeie as bykomende hindernisse dien. Indien dit nie vir hierdie natuurlike hindernisse was nie, bestaan die moontlikheid dat die hoofkantoorkompleks en meule makliker toeganklik sou wees vir misdadigers. In hierdie geval speel ligging 'n rol ten opsigte van misdaadvoorkoming.

Die Malelane Meule kompleks dien voorts as hindernis op sy eie vir aangrensende buurplase en besighede vanweë die meule se ligging tussen die N4 roete en die buurplase/besighede.

5.2.3 Komati Meule

Komati Meule is in 'n totaal landelike gebied geleë wat ontbos is vir suikerriet verbouingsdoeleindes. Groot kolle bos kom nog voor tussen Komati Meule en die nedersetting Naas, ongeveer 2 kilometers suid van die meule. Die Lebombo bergreeks tussen die RSA en Mosambiek is ongeveer 5 kilometers aan die ooste van Komati Meule geleë en is te ver geleë om as natuurlike hindernis te dien vir die Meule. Die R571 roete tussen Swaziland en Komatipoort dien as enigste formele toegangsroete.

Die geografiese ligging van Komati Meule en die relatiewe lang reaksietyd van noodpersoneel vanaf Komatipoort, skep die persepsie dat die Meule maklik vatbaar is vir kriminaliteit. Misdaadstatistiek dui egter die teendeel aan en personeeldiefstal en bedrog blyk die grootste kriminele bedreiging te wees soos reeds bespreek in hoofstuk vier. Die landelike afgesonderdheid van Komati Meule blyk nie as aantrekkingskrag te dien vir eksterne kriminele bedreigings soos in hoofstuk vier uitgewys nie. Die teendeel is waar deurdad die afgesonderdheid juis een van die redes blyk te wees vir die relatief lae misdaadsyfer te Komati Meule.

Die afgesonderdheid noodsaak dat buitengrens hindernisse as primêre verskansing dien teen kriminele bedreigings. Kruger (2001) wys aan die hand van 'n risiko-ontledingsverslag

daarop dat ongemagtigde toegang na en van die perseel verkry kan word as gevolg van bepaalde tekortkominge in buitengrens hindernisse. Gedurende April 2001 het die bedreiging gerealiseer deurdat 'n geestesversteurde persoon ongemagtig toegang tot die perseel verkry het deur onderdeur 'n groot opening in die sekuriteitsomheining te kruip. Die tydige identifisering van die persoon het voorkom dat skade aangerig, en of verliese gelei is. Sedert die voorval is die tekortkoming aangespreek deur die opening effektief toe te maak.

5.3 Beeld en milieu

5.3.1 Hoofkantoor kompleks

Die oorspronklike argitektoniese ontwerp van die hoofkantoor kompleks het meer gefokus om die estetiese van die omgewing nie deur geboue te versteur nie, eerder as om misdaadvoorkomingsmaatreëls in ag te neem. Met die uitbreiding van die maatskappy deur die jare is kantoor spasie tekort geïdentifiseer en word addisionele kantore en ander kantoor komplekse aangebou om toename in werknemer getalle en toerusting te akkommodeer. Hoofingange en ander toegangspunte na die geboue het as gevolg van die uitbreidings verskuif met die gevolg dat hoekies en draaitjies met donker kolle onbeplan geskep is. Dit bemoeilik natuurlike waarneming van verdagte persone en kan ook dien as wegkruip plek vir misdadigers. In hierdie verband kan dus gesê word dat die voorkoms/beeld van die gebou misdadigers uitlok om 'n misdaad te pleeg. Die strukture is egter horisontaal uitgebrei in stede van multi verdieping geboue. Die nuwe mannekraggebou daarteen huisves die Landbou divisionele kantore op die eerste verdieping en is die enigste meer-verdieping kantoor kompleks te Transvaal Suiker Beperk. As gevolg van die platdak ontwerp is dit makliker vir boosdoeners om die kantoor kompleks ongemagtig te betree deur op die dak te klim en vandaar kantore deur binnehoeweg te betree. Die totale uitleg en gebrek aan voldoende fisiese versperrings by die hoofkantoor komplekse, het inbrake en diefstal van voertuie tot gevolg gehad, soos uiteengesit in die vorige hoofstuk. Die kriminele aktiwiteite het die oprigting van fisiese en ander ondersteunings hulpmiddele tot gevolg gehad. Volgens Newman (1972:13) behoort die beginsels van die verdedigbare ruimte model by nuwe geboue of die modifikasie van bestaande geboue, vir dit self te betaal in terme van die verhoogde vlak van misdaadvoorkoming. Die voorkoms van die geboue asook die tuine rondom die geboue

skep die indruk van orde en waardering. Daardeur word 'n gevoel van eienaarskap weerspieël weens die goeie instandhouding.

Foto 5.3 dui die hoofingang na die finansiële kantoor aan met 'n platdak ontwerp wat ongemagtigde toegang na binnehowe vergemaklik. Op die voorgrond kan die raamwerk van die palisade heining gemerk word wat ten tye van die foto nog in die oprigtingsfase was. Duisende bykomende rande moes noodgedwonge spandeer word om die tekortkominge van 'n veilige gebou ontwerp aan te spreek deur werklike/fisiese hindernisse aan te bring soos die diefwering, palisade omheining en toekamp van motorafdakke (foto 5.5).

Foto 5.3



5.3.2 Malelane Meule

Die beeld wat Malelane Meule uitdra, anders as die hoofkantoor kompleks, is dat dit 'n beheerde gebied is wat dit moeilik vir misdadigers maak om 'n misdaad te pleeg. Misdaad by Malelane Meule word hoofsaaklik voorkom deur die buitengrens hindernisse om ongemagtigde toegang te beperk met geïdentifiseerde toegangsbeheerpunte. Sekuriteits-heinings word verlig vir beter waarneming in die donker en swerfwagte patroleer die grensdrade.

5.3.2.1 Toegangshekke en parkeerareas

Foto 5.4 toon die parkade omheining (fisiese- versperring) aan met 'n toegangsbeheerpunt wat by die Meule aangebring is om voertuigdiefstal te voorkom. Hierdie voorkomingsmaatreëls is tot dusver suksesvol geïmplimenter en sedert die oprigting van die heining het geen kriminele oortreding plaasgevind nie. Gedurende normale werksure word die palisade gelyhekke in die oop posisie gelaat met slegs die valhekke wat as fisiese versperring dien. 'n Sekuriteitswag beheer voetganger sowel as voertuig verkeer by hierdie perseel.

Foto 5.4



Foto 5.5 toon die addisionele fisiese versperrings ten opsigte van voertuig beskerming aan. Die versperring sluit in:

- Buitegrens palisade omheining (nuut opgerig)
- Hangslotte by die hekke
- Toekamp van motor afdakke
- Parkade beligting
- Swerfwagte

Hierdie maatreëls was met verloop van tyd stelselmatig aangebring om die bedreiging van motordiefstal en diefstalle van voertuie te bekamp. Sedert die implimentering van genoemde maatreëls het geen misdaad plaasgevind nie.

Foto 5.5



Dienshekke

Die *road tippler* dienshek aan die noordekant van Malelane Meule aanleg, word nie beman nie en vrye in- en uitgang word daardeur verkry. Ten spyte van die risiko wat die onbemande hek inhou ten opsigte van misdaadpleging, word die hek as dienshek gesien vir funksionele doeleindes. 'n Onlangse voorval waar weereens gepoog is om 100 kilogram suiker deur die hek uit te neem, het tot gevolg dat 'n elektroniese beheerstelsel by die hek implimenteer gaan word met geselekteerde personeelbeweging. Intussen word die hek met slot en ketting gesluit en beheer deur sekuriteitspersoneel, wat voorheen nie die geval was nie. Sedert die implimentering van hierdie maatreël het geen misdaad aktiwiteit deur die hek voorgekom nie. Die verharding van hierdie versperring (elektroniese beheerstelsel) behoort daadwerklik by te dra tot misdaadvoorkoming.

Die veevoer aanleg is in die suid-oostelike hoek van die Malelane Meule geleë (punt 7 op figuur 1.1). Weens die ligging en uitleg van die veevoeraanleg is daar relatief min

sekuriteitsbeweging en deur die onvoldoende waarneming kom produkdiefstal (suiker) gereeld daar voor. Die sekuriteitswag aan diens beman drie toegangshekke binne 'n honderd meter radius wat effektiwiteit benadeel. Sig word veral versper deur vragmotors wat produk laai. 'n Vierde hek is permanent gesluit deurdat die aanleg herontwerp is om voertuig verkeer na 'n sentrale hek te kanaliseer. Hierdie stap het groter effektiwiteit deur sekuriteitspersoneel tot gevolg.

Voorts het die oprigting van 'n betonmuur met die totale uitspan van die veevoeraanleg as bykomende maatreëls bygedra om produk diefstal te voorkom. Vir groter effektiwiteit is sleutelbeheer van 'n dienshek onlangs oorgedra vanaf die sekuriteitswag na die sekuriteitskantoer. Genoemde maatreël blyk tot op hede suksesvol te wees ten opsigte van die voorkoming van misdaad.

5.3.3 Komati Meule

Die beeld en voorkoms van Komati Meule dui daarop dat geboue goed instand gehou word en dat verwaarloosde en vuil gebiede nie voorkom nie. Die instandhouding en goeie voorkoms van die Meule dra by tot die gevoel van veiligheid. Komati Meule is 7 jaar gelede opgerig en die omgewingsontwerp van Komati Meule het direk tot gevolg dat 'n kleiner sekuriteitskompliment benodig word vir optimale toegangsbeheer en bate beskerming.

Die administratiewe en sekuriteitskantore is aaneenlopend en vorm die buitengrens hindernis na die meule kompleks. Die hoofingang na die meule is deel van die sekuriteitskantore wat beheer en kontrole vergemaklik (punt no. 10 op figuur 1.2). Ander toegange is beperk tot een voertuig- en een dienshek. Die voertuighek word beman deur 'n sekuriteitswag, terwyl alle ander hekke permanent gesluit word.

Komati Meule beskik nie oor 'n raffinadery, suikerverpakkings- en versendingsaanleg nie, wat die risiko derhalwe verplaas na Malelane Meule, waar hierdie prosesse hanteer word. Komati Meule se rou suikerprodukt word te Malelane Meule verwerk. Die argitektoniese uitleg van Komati Meule, anders as by Malelane Meule, het tot gevolg dat misdaad meer koste effektief voorkom kan word en word weerspieël in tabelle 4.3 en 4.6 in hoofstuk vier.

Vervolgens word toevallige of natuurlike waarneming as komponent van Newman se model verder toegelig.

5.4 Toevallige of natuurlike waarneming

Volgens Newman (1972:78) kan die verbetering in waarnemingsvermoë 'n effek hê om 'n gevoel van veiligheid en rustigheid in 'n omgewing te skep. Die observasie van 'n oortreder op sigself het geen effek nie, terwyl die daadwerklike optrede van inwoners teenoor vreemdes potensiële misdaadpleging kan voorkom. Swerfwagte op die terrein by Transvaal Suiker Beperk is spesifiek getaak om op te tree teenoor betreders, veral saans wanneer die bedreiging vir misdaadpleging groter is, weens die verswakte waarnemingsvermoë.

Foto 5.6



Foto 5.6 dui aan hoe sig by mannekrag- en finansiële kantoorkomplekse deur plantegroei versper word. Dit bied 'n waardevolle skuilplek aan oortreders en bemoeilik identifikasie. Ondeurdagte tuinuitleg bemoeilik die taak van swerfwagte om effektief waar te neem, veral tydens die nag en donker tye. Natuurlike bosgroei tot teenaan die kantoor kompleks kan deur boosdoeners gebruik word om die aktiwiteite van sekuriteitswagte se patrollie roetines waar te neem, sonder om self waargeneem te word.

Die brand van kantoorligte op 'n 24-uur basis asook die groot vensters voor alle kantore, vergemaklik natuurlike en toevallige waarneming, ten spyte van die argitektoniese uitleg wat baie versteekte hoeke en draaie daarstel. Dit hoofingang is derhalwe maklik sigbaar vanaf die toegangsroetes. Newman (1972:81) wys daarop dat die korrekte posisionering van voordeuringang aan straatkant verbygangers, perseel bewoners, en die polisie makliker instaat stel om waar te neem. Vensters is een van die belangrikste elemente wat nodig is vir toevallige waarneming. Gordyne en blindings wat permanent toe is, neutraliseer die waarde van vensters vir toevallige waarneming. Meeste kantoorwerkers by Transvaal Suiker Beperk verkies die gedeeltelike toehou van blindings, vir privaatheid en ook teen beskerming van die son, en sodoende word sig ingeboet. Na-ure word feitlik alle blindings togetrek wat waarneming na binne die gebou bemoeilik. Indien blindings oopgelaat word, is dit makliker vir misdadigers om waardevolle teikens soos rekenaars en drukkers te identifiseer. Ten einde die probleem van waarneming aan te spreek, is wagte getaak om die hoofkantoor kompleks en ander kantoor geboue deurlopend te patroleer. Hierdie stap is suksesvol geimplimenteer sonder enige nuwe voorval van misdaad.

5.4.1 Beligting

Op foto 5.7 kan 'n voorbeeld van hoëmas terreinbeligting asook grensbeligting gesien word.

Foto 5.7



Die moontlikheid van waarneming word derhalwe verbeter met die sigbaar maak van die omgewing. Toegang tydens die inbrake by die mannekraghoofkantoor is verkry deur vensters wat nie goed belig is nie en waar waarneming nie maklik kon plaasvind nie. Sedert die inbrake is die tekortkoming aangespreek deur die aanbring van voldoende buitebeligting. Strobl (1978:67) is van mening dat areas binn 'n beskermde gebied, soos stoorareas vereis dat spesifieke beligting aangebring word vir optimale waarneming. Hierdie uitgangspunt is by veral in die suikerstoor areas van Transvaal Suiker Beperk van toepassing waar 'n minimum verligtingstandaard in gebruik is.

5.5 Territorialiteit

Foto 5.8 toon die groot vensters van die toegangsbeheerpunt te Malelane Meule hoofhek aan wat sig vergemaklik. Die gebou is so ontwerp dat sig in alle rigtings vanuit die kantoor moontlik is. Die omgewing om die hoofingang is redelik oop wat die identifisering van vreemdes vergemaklik. Die valhekke soos sigbaar op die foto, word na-ure versterk deur 'n glyhek wat onder gekontroleerde omstandighede oop en toe gemaak word. Aan die regterkant van die dienspunt is die voetgangerdraaihekke geleë wat d.m.v. die Syco rekenaarstelsel funksioneer. Tydens die groot volumes personeelbeweging word wagt strategies so geplaas dat hulle makliker kan waarneem wat uit die perseel geneem en of ingebring word.

Foto 5.8



Gardiner (O'Block 1981:18) verduidelik dat die fisiese omgewing met misdadige aktiwiteite verbind word, en ten einde misdaad deur territorialiteit te bekamp, moet die konsep die volgende toestande bevat:

- Alle inwoners moet 'n opregte belangstelling en 'n bepaalde verantwoordelikeheidsarea hê;
- Inwoners moet gewillig wees om tot aksie oor te gaan as hulle voel dat die gebied bedreig word; en
- Bostaande twee aspekte moet sterk genoeg by die inwoners teenwoordig wees om die potensiële misdadiger af te skrik.

Volgens Newman (1972:54) gee territoriaal begrensende gebiede 'n sterk aanduiding aan vreemdelinge dat die gronde en die geboue daar vir privaat gebruik is. By Transvaal Suiker Beperk word hierdie territoriale gevoel versterk soos vervolgens uiteengesit.

5.5.1 Fisiese hindernisse

Fisiese hindernisse geniet hoë prioriteit by Transvaal Suiker Beperk en dra daadwerlik by tot die relatief lae voorkoms van misdaad. Dit word bevestig deur misdaadstatistiek voor- en na die oprigting van versperrings. Foto 5.9 toon die hindernisse in plek voor die ingang na die suikerversendingsarea wat geïntegreer is met 'n geslotebaan televisie stelsel, elektroniese weegbrug en toegangshekke, voldoende beligting en 'n geëlektrifiseerde omheining. Hierdie hindernisse stuur 'n boodskap van gekontroleerde eienaarskap aan oortreders. Om toegang tot die spesifieke area te verkry, word geldige dokumentasie en toegangskaart benodig. Hierdie beginsel is voorts van toepassing by ander toegangsbeheerpunte te Transvaal Suiker Beperk. Newman (1972:63) sluit hierby aan en meld dat anders as by simboliese hindernisse, werklike hindernisse die verdere vermoë het dat betreders 'n vorm van sleutel of kaart benodig om eienaarskap te toon. Toegang word dus op hierdie wyse beperk en beheer tot 'n territoriale gebied vir sekere vooraf goedgekeurde persone alleenlik.

Foto 5.9



5.5.2 Diefwering

'n Vraag van inbraak by die maatskappy se kantoorgeboue, waartydens hoofsaaklik rekenaartoerusting gesteel is, het tot gevolg gehad dat diefwering en traliedeurlersperrings by geboue en kantore aangebring is waar waardevolle items soos rekenaars, drukkers, fotostaatmasjiene, ensovoorts gebruik word.

Geboukomplekse wat geïdentifiseer is met terkortkominge ten opsigte van hindernisse maar wat wel beveilig is met diefwering, sluit in, die siviele werkswinkel, hostel administratiewe kantore, klinieke, en sekerheidsdienste se kantore. Toeganklikheid tot bogenoemde kantore is maklik weens die geografiese ligging wat glad nie 'n gevoel van eienaarskap weerspieël nie. Hierdie geboue word sedertdien op 'n *ad hoc* basis gepatroleer deur sekuriteitswagte wat dus 'n aanduiding is van natuurlike waarneming. Sekerheidsomheinings by die siviele afdeling is geskuif en verander vir optimale primêre misdaadvoorkomingsmaatreël terwyl binne alarmstelsels ook aangebring is.

Al die inbraak wat te Malelane Meule kompleks plaasgevind het, was deur vensters wat nie oor diefwering beskik het nie. 'n Tweede inbraak het by die kliniekdienste voorgekom tensypte van 'n traliedeurler wat na die eerste inbraak aangebring is. Die kwaliteit van die

installasie van die diefwering is aangespreek en sedert die verbetering van sodanige maatreëls het geen inbrake weer by die onderskeie persele plaasgevind nie.

Foto 5.10



Foto 5.11

Op foto 5.11 kan die fisiese hindernis wat aangebring is sedert die inbrake, asook die afdakke gemerk word waaronder die kliniek voertuie geparkeer word.



Gedurende buite normale werksure was die voertuie voorheen daar geparkeer sonder voldoende beskerming. Dit het tot gevolg gehad dat 'n voertuig gesteel is en by 'n ander voertuig ingebreek is. Die teiken (voertuie) is daarna verwyder deur dit binne 'n sekuriteitsarea in die Meule aanleg te parkeer gedurende na-ure periodes. Addisionele fisiese versperrings was dus nie nodig by hierdie parkade afdakke nie weens die teiken verwydering.

Foto's 5.10 en 5.11 dui die diefwering en traliewerke aan wat op Malelane onderskeidelik by die sekuriteitskantore en kliniek aangebring is met die spesifieke doel om hierdie persele teen inbrake te beskerm. Die argitektoniese uitleg van Komati Meule noodsaak nie sulke drastiese maatreëls nie en illustreer die waarde van tydige sekuriteitsmaatreëls tydens die argitektoniese ontwerp stadium. Dit mag dalk nodig word dat toekomstige misdaadtendense veroorsaak dat bestaande voorkomingsmaatreëls te Komati Meule heroorweeg en opgradeer moet word. Wat fisiese versperrings betref wys Kruger (2001:13) daarop dat sekere risiko's en tekortkominge reeds bestaan aan die gebou uitleg te Komati Meule.

5.5.3 Waarskuwings en ander tekens

'n Verskeidenheid van tekens, wat padtekens, sekuriteitstekens, spoedtekens, asook inligtingstekens (simboliese versperrings) insluit dui daarop dat toegang tot die maatskappy terrein georden word, dat reëls geld, en dwing voorts eienaarskap af. Al hierdie aspekte bevorder ook die territorialiteitsgedagte. Van die inligtingstekens is strategies langs toegangsroetes aangebring voordat die sekuriteitsarea betree word wat die geordenheid weerspieël. Fotos 5.12 en 5.13 stuur 'n spesifieke boodskap uit wat die eienaarskap van die perseel weerspieël bevestig. Foto 5.12 illustreer verder die onderskeie reëls en reëlings wat van toepassing is voordat die semi-geslote gebied na die fabrieksarea te Malelane verkry kan word.

Foto 5.12



Foto 5.13 illustreer die territorialiteit konsep deurmiddel van tekens, by die padvervoer suikerstore se hekke. Geen voetganger-beweging word deur die hekke toegelaat nie en vragmotors moet spesifieke roetes volg afhangende van die produk kommoditeit wat vervoer word.

Foto 5.13



5.5.4 Toegangsroetes

5.5.4.1 Malelane Meule

Die toegangsroete na Malelane Meule draai vanuit die Malelane Hek toegangspad (Kruger Nasionale Park). 'n Padteken dui die roete na die suikermeule aan. Verskeie aanlegte kan met die roete bereik word en eindbestemming van die roete sluit in, Malelane Meule, veevoer aanleg, ultrabord, vervoerafdeling, finansieële- en mannekrag hoofkantoorkomplekse, Cargo Carriers, hostel en getroude kwartiere asook suikerversendingsarea. Alle bestemmings is maklik toeganklik vanaf die hooftoegangsroete. Informele paaie rondom die meule wat kan dien as ontsnaproetes verhoog die moontlikheid van kriminele aktiwiteite op die perseel. Weens die landelike omgewing en oopgebiede kan kriminele enige plek in die aangrensende beboste gedeeltes of in suikerrietlande verdwyn. Twee servituutroetes grens ook aan die perseel wat kan dien as ontsnaproetes. Weens die maklike toeganklikheid tot Malelane Meule

perseel is primêre misdaadvoorkomingsmaatreëls soos tydens hierdie hoofstuk uitgewys van kardinale belang.

5.5.4.2 Komati Meule

Slegs een eindbestemming, naamlik die Komati Meule terrein, word bereik met die enkele toegangsroete, vanaf die R571. 'n Grondpad verby die noordelike grensdraad van die meule het by geleentheid gedien om gesteelde items ongesiens te vervoer nadat dit oor die sekuriteitsheining gehys is. Die betrokke grondpad is aan die agterkant van die meule geleë met min aktiwiteit en dit bemoeilik waarneming. Verskeie strukture wat na die aanvanklike oprigting van die meule aangebring is, belemmer nou sig. Juis hierdie situasie word deur oortreders benut om gesteelde items te verwyder en later die betrokke grondpad te gebruik om die items weg te voer. Die grondpad bedien suikerrietboere en lê buite die Meule se beheer en territoriale gebied wat beheer bemoeilik. Om waarneming te verbeter vind voetpatrollies deur sekuriteitswagte na hierdie gebiede gereeld plaas.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat al die misdaadvoorkomingsmaatreëls wat geïmplimenter is, die territoriale gevoel daadwerklik versterk en sodoende misdaadpleging voorkom aangesien geen misdryf aangemeld is sedert die implimentering van hierdie maatreëls nie.

5.6 Slotbeskouing

Dit blyk duidelik uit die bespreking van hierdie hoofstuk dat Newman se verdedigbare ruimte model waarde het vir nywerhede op 'n plattelandse gebied soos Transvaal Suiker Bepark. Die vier komponente wat bespreek is, naamlik veilige gebiede, beeld en milieu, natuurlike waarneming en territorialiteit is met fotos geïllustreer. Ten spyte daarvan dat Newman se verdedigbare ruimte model nie doelgerig toegepas is tydens die ontwerp en bou van die meulens nie, is die komponente van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model tog wel duidelik waarneembaar by beide Malelane en Komati Meulens. Met die data uiteensetting soos bespreek in hoofstuk vier kan gesien word dat omgewingsontwerp by nywerhede soos Transvaal Suiker Bepark wel deeglik kan bydra tot misdaadvoorkoming. Die impak van die

minder prosesse (derhalwe minder mense en geleentheid vir misdadadpleging) by Komati Meule moet egter saamgelees word met bogenoemde stelling.

Die komponent van toevallige en doelgerigte waarneming is goed gevestig by Transvaal Suiker Beperk, ten spyte van die uitgewysde tekortkominge. Die persele van beide Malelane en Komati Meulens word op 'n deurlopende basis gepolisieër met die *ad hoc* ondersteuning van polisie en komando patrollies.

Die finalisering van die palisade omheining rondom die hoofkantoor komplekse dra by tot beter beheer en sedert die implimentering van die genoemde misdadadvoorkomingsmaatreëls, het geen inbrake plaasgevind en is geen voertuie gesteel nie. Die diefwering en traliewerke, draad en palisade omheining, sekuriteitshekke en wagte, alarmstelsels, ensovoorts, het noodgedwonge die estetiese voorkoms van die maatskappy verander. Dit is egter nodig om die bedreigings (kriminaliteit) van die dag aan te spreek.

Hoewel die beginsels van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model onbewustelik gedeeltelik toegepas is tydens die ontwerp en bou van beide Malelane en Komati Meulens, behoort Newman se model aangepas te word om enige waarde in 'n moderne samelewing te verkry. Transvaal Suiker Beperk kan dien as voorbeeld waar Newman se model aangepas is deur die uitbreiding van die model deur die komponente van die model te komplimenteer met moderne tegnologiese hulpmiddels, ondersteun deur mens intervensie, soos in vorige hoofstukke, om optimale beskerming te verleen ten opsigte van misdadadvoorkoming. Die uitgangspunte van Newman se model alleen kan nie vandag effektief weerstand bied teen die aanslag van misdadad nie.

Indien Newman se beginsels in aanmerking geneem word as maatreëls om misdadad te voorkom en verder ondersteun word deur gevorderde elektronika, gerugsteun deur die mensfaktor, kan nog beter resultate behaal word. Van die grootste tekortkominge van Newman se model is dat sosiale en ekonomiese faktore ten opsigte van misdadadpleging nie in berekening gebring word nie. Newman (1972:13) verwys hierna deur te meld dat die oorsprong van alle stedelike misdadad diep in die sosiale strukture van die nasie lê. Voorts is Newman se studies van toepassing op residensieële gebiede, en is nog nie voorheen getoets of sy model toepassingswaarde in 'n nywerheid het nie. Tydens hierdie navorsingstuk is gepoog

om die komponente van Newman se model toe te pas en verder te ontwikkel in 'n nywerheid en sodoende waarde daaruit te put ten opsigte van misdaadvoorkoming.

Die suikerversendingsarea by Transvaal Suiker Beperk dien as sprekende voorbeeld. Tenspyte van aspekte soos fisiese versperrings, beeld, waarneming en territorialiteit, het produkdiefstal steeds voorgekom. Die ondersteuning van moderne tegnologiese hulpmiddels het ontbreek en met die opgradering van die dienspunt, ondersteun met rekenaarsagteware asook geslotebaantelevisiekameras met 'n databank, is die risiko sodanig verklein dat produk diefstal verskuif het na meer kwesbare punte. Kruger *et al* (1997:4) sluit hierby aan deur te sê dat omgewingsontwerp een skakel is in 'n totale misdaadvoorkomingsoefening. Ander inisiatiewe is noodsaaklik. By ander persele van Transvaal Suiker Beperk, is Newman se model se komponente duidelik geïllustreer en verder uitgebrei met die installering van alarmstelsels, die daarstel van 'n gewapende alarm reaksie diens, aanbring van fisiese versperrings, asook die insette van mens intervensies.

Die waarde van Newman se model vir 'n nywerheid is dat strukturele en fisiese veranderinge aangebring kan word om misdaad te bekamp. Nywerhede soos Transvaal Suiker Beperk kan min doen ten opsigte van die sosiaal maatskaplike faktore wat misdaad bevorder, maar kan wel iets doen rakende die fisiese omgewingsontwerp soos duidelik in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Dit bly noodsaaklik om steeds beheer deur die mensfaktor uit te oefen en nie toe te laat dat gesofistikeerde misdaadvoorkomingsmaatreëls 'n valse gerustheid skep nie. Waaksaamheid moet nooit verslap word ten opsigte van misdaadvoorkomingsmaatreëls nie. Kruger *et al* (1997:9) verduidelik in hierdie verband dat 'n studie rakende misdaadtendense in Engeland gedurende 1982 deur die *Safe Neighbourhoods Unit* waarsku op die oorstaatmaak van tegnologie.

Hoofstuk 6 dien as oorsigtelike samevatting van bevindings en voorstelle vir hierdie studie.

HOOFTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN SLOTBESKOUIING

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die navorsing uitgelig met die nodige aanbevelings en kommentaar oor die algemeen. Voorstelle vir toekomstige navorsingsonderwerpe word voorts na verwys, asook die belangrikste besprekingspunte per hoofstuk indeling.

6.2 Navorsingsuiteensetting

Die doel van hierdie navorsing was om misdaadvoorkomingsmaatreëls by nywerhede te evalueer aan die hand van misdaadvoorkomingsteorië. Transvaal Suiker Beperk is as gevallestudie geselekteer weens die navorser se betrokkenheid by die maatskappy. Die fokusarea is op fisiese hindernisse as primêre misdaadvoorkomingsmaatreëls aan die hand van Oscar Newman se verdedigbare ruimte teorie. Voorts is bepaal of welke wyse Newman se teorie toepassingswaarde binne 'n nywerheid het en op welke wyse Newman se teorie uitgebou kan word om sekere kontemporêre misdaadprobleme aan te spreek. Die misdaadsituasie by Transvaal Suiker Beperk is ontleed aan die hand van ingesamelde data en bespreek. Aandag is voorts geskenk aan die aard van misdade wat voorkom in 'n nywerheid met Transvaal Suiker Beperk as geselekteerde studieveld. Daar is ook na misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp verwys.

6.3 Bevinding van die navorsing

6.3.1 Teoretiese grondslag

Individu-gerigte teorieë

Die individu-gerigte teorieë waarna Naude (1988:15-30) verwys, en soos uiteengesit in hoofstuk twee van hierdie navorsing, is nie geskik om misdaad by nywerhede te voorkom nie. Die teorieë sluit die biologiese-, psigiese-, en sosiologiese modelle in. Die hoofrede kan aangevoer word dat nywerhede 'n besigheidsinstelling is wat fokus op wins, en nie 'n sosiaal maatskaplike funksie in die samelewering vervul nie. Dit is onprakties om elke werknemer, besoeker en kliënt aan Transvaal Suiker Beperk te onderwerp aan toetsing en evaluasies. Die stelling moet onderskei word van die normale belangstelling en ondersteuning wat maatskappye aan hulle onderskeie werknemers bied wat as 'n probleemgeval geïdentifiseer is. Daar kan nie van besighede verwag word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die samelewingsprobleme nie en derhalwe is misdaadvoorkomingsteorieë wat fokus op die individu as oortreder, nie geskik vir nywerhede of besigheidsinstansies nie. In hoofstukke twee en drie is die stelling duidelik gemotiveer aan die hand van die besprekingsonderwerpe. Die individu-gerigte modelle fokus dus net op die misdadiger self, is reaktief van aard, en het nie sy oorsprong uit die misdaadsituasie self nie.

Die wetlike sanksies en straf as misdaadvoorkomingsmodel het voorts geen direkte toepassingswaarde binne maatskappy verband nie. Werknemers, as inwoners van Suid-Afrika, moet egter gehoor gee aan die landswette en het derhalwe indirekte toepassingswaarde. Voorts dien die riglyne van maatskappybeleid en prosedures en die gevolge van oortreding van sodanige reëls ter afskrikking binne maatskappy verband, in dieselfde hoedanigheid as wat die wetlike sanksies en straf as afskrikking dien vir die algemene publiek.

Meganiese en fisiese-milieu model

Die meganiese en fisiese-milieu model soos uiteengesit in hoofstukke drie, vier en vyf is die beste geskik vir misdaadvoorkoming by nywerhede. Walsh en Healy (1982:3-1) stel dit as volg, "...a basic concept in establishing physical protection is that a series of concentric barriers should separate potential penetrators from the area or areas to be controlled or protected...". Transvaal Suiker Beperk verleen homself as uitstekende voorbeeld vir hierdie model. Na 'n vlag van misdaad by die maatskappy is tekortkominge deur middel van fisiese versperrings effektief aangespreek. Die misdaadvoorkomingsmaatreëls blyk vir die oomblik

effektief te wees aangesien geen verdere misdrywe ondervind is sedert die opgradering van fisiese hindernisse nie.

Logiese beredenering dui dat fisiese versperrings en hindernisse nie in die ware sin van die woord misdaad voorkom nie, maar verplaas eerder na meer kwesbare persele. Die stelling kan as volg verduidelik word: Teikenverharding deur fisiese hindernisse het tot gevolg potensiële misdadigers langer tyd moet spandeer om die hindernis te oorkom. In die proses om versperrings te oorkom vergroot die moontlikheid van identifikasie en arrestasie. Die tydspannering om hindernisse te oorkom maak dit ook makliker om waargeneem te word. 'n Rationele keuse word deur die potensiële oortreder geneem en die voor en nadele van die misdaadpleging word teenoor mekaar opgeweeg, waarna 'n besluit geneem word. Weens die risiko daaraan verbonde weeg die voordele van misdaadpleging skielik nie meer so swaar vir die oortreder nie. Tydens hierdie rasionele denkproses word na minder kwesbare persele gesoek om die misdaad voort te sit. Fisiese hindernisse voorkom dus nie misdaad nie, maar verplaas dit eerder. Die misdadiger kan wel besluit om later terug te keer met meer gesofistikeerde hulpmiddels om makliker toegang te verkry. Derhalwe is die aard en kwaliteit van versperrings belangrik.

Aanbeveling

Die moontlikheid moet ondersoek word dat 'n maatskappy 'n klein persentasie van die wins wat dit genereer, skenk aan die regering met die bedoeling om fondse beskikbaar te stel om toekomstige navorsing rakende kriminaliteit in sy geheel te finansier. Die fokus moet gerig wees op 'n holistiese langtermyn misdaadvoorkomingsplan. Sodoende kan die beroep van die kriminoloog geprofessionaliseer word en wat 'n groter bydra kan lewer ten opsigte van misdaadvoorkoming in die algemeen. Die voorstel is tweedelig van aard, naamlik die professionalisering van die beroep asook om op 'n deurlopende basis voltydse aandag te gee aan nasionale misdaadvoorkomingsplanne.

6.3.2 Toepassingswaarde van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model

Hoewel Newman se model gesetel is om misdaad te voorkom in hoofsaaklik residensiële gebiede, het dit potensiaal om ook in nywerhede toegepas te word soos duidelik blyk uit

voorgaande hoofstuk besprekings. Hoewel daar nooit direk na die model verwys word nie, het die uitgangspunte van die model soos bespreek in hoofstuk vyf, verseker toepassingswaarde by Transvaal Suiker Beperk. Vir alle praktiese doeleindes is die uitgangspunte onbekend aan personeel van Transvaal Suiker Beperk en is hierdie navorsing die eerste direkte verwysing en vergelyking met Newman se model asook die waarde van omgewingsontwerp in misdaadvoorkoming, al is dit van beperkte waarde. Toekomstige toepassing van die model kan egter wel bydra tot verdere misdaadvoorkoming. Oscar Newman se model fokus op komponente soos, ligging, beeld, territorialiteit, simboliese hindernisse en waarneming. Dit word sigbaar toegepas by Transvaal Suiker Beperk soos uiteengesit in hoofstuk vyf. Die ligging van Transvaal Suiker Beperk is nie gebaseer op misdaadvoorkoming nie, maar eerder op die mees optimale benutting van natuurlike hulpbronne vir landbou- en besigheidsdoeleindes. Hoewel Newman nie klem lê op toegangsbeheer as 'n alleenstaande element van sy model nie, dien toegangsbeheer as 'n belangrike besprekingspunt in hierdie navorsing ten opsigte van misdaadvoorkoming.


6.3.3 Verdere uitbreiding van Newman se model

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik navore gekom dat Newman se model oor sy eie tekortkominge beskik wat die voorkoming van sekere kontemporêre misdaadvoorkomingsmaatreëls betref. Tydens hierdie navorsing het dit aan die lig gekom op welke wyse Newman se model uitgebrei kan word. Aspekte wat hier bespreek is, sluit in:

- Die waarde van meganiese en fisiese hindernisse.
- Komplimentering van 'n maatskappy misdaadvoorkomingsplan met moderne tegnologiese hulpmiddels, byvoorbeeld, geslotebaan televisie kameras, rekenaar sagteware programme en alarms.
- Die ondersteuning van bogenoemde aksies deur mens intervensie, byvoorbeeld deur reaksie op geaktiveerde alarms en die monitering van geslotebaan televisie kameras.

Samevattend kan hierdie navorsingsbevindinge en op welke wyse Newman se model uitgebrei kan word, as volg geïllustreer aan die hand van tabel 6.1.

Tabel 6.1 Misdadaadvoorkoming by nywerhede



Die misdadaadvoorkomingsmodel aan die hand van Oscar Newman se model wat vervolgens bespreek word, sluit aan by stap een soos verduidelik in tabel 6.1 hierbo.

6.4 Misdadaadvoorkomingsmodel vir Transvaal Suiker Beperk

Die bevindinge van die navorsing toon duidelik dat sekere misdadaadvoorkomingsmaatreëls daadwerklik tot gevolg kan hê dat misdadaad voorkom word. Die fokus val op ekonomiese

misdaad. Die data soos uiteengesit in hoofstuk vier toon duidelik dat hierdie tipe misdade die grootste impak het by Transvaal Suiker Beperk as 'n nywerheid. Die onderstaande misdaadvoorkomingsmodel dien as samevatting vir die bevindinge soos uiteengesit in hierdie navorsing aan die hand van Newman se verdedigbare ruimte model.

Tabel 6.2 Misdaadvoorkomingsmodel vir Transvaal Suiker Beperk aan die hand van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model

1. Geografiese ligging
<ul style="list-style-type: none"> - Beide Meulens bestaan reeds en is geleë langs hoofroetes om toeganklikheid te vergemaklik. - Geografiese ligging is gekies aan die hand van impak studies en mees strategiese gebied ten opsigte van natuurlike hulpbron benutting.
2. Argitektoniese uitleg en milieu
<ul style="list-style-type: none"> - Gebou kwaliteit spreek van gehalte bouwerk. - Fisiese waarneming en netjiese voorkoms is deurlopend in plek. - Instandhouding van geboue en tuine vind plaas. - Gekontrakteerde skoonmaakdienste ten opsigte van terrein en kantore is in plek. - Estetiese voorkoms word behou met nuwe ontwikkelinge en gebou uitlegte. - Herstelwerk aan skade en foute geniet deurlopend aandag van die maatskappy se siviele ingenieursdienste.
3. Waarneming
<p>3.1 Toevallige waarneming</p> <ul style="list-style-type: none"> - Algemene tuin en gebou uitleg bied goeie sig. - Groot kantoor vensters vergemaklik waarneming na binne en buite. - Meule verdieping geboue en loopgange bied 'n "birds eye view" wat waarneming vergemaklik. - Natuurlike plantegroei wat sigbaarheid versper word in toom gehou. - Aard en werksaamhede van personeel noodsaak deurlopende beweging van skofpersoneel

op die terrein.

- Buitegebou sowel as terrein beligting is voldoende.
- Besoeke van bystand en uitroep personeel verhoog die kans vir toevallige waarneming.

3.2 Aktiewe waarneming

- Swerfwagte en toesighoudende personeel doen deurlopend patrollies op die terrein.
- Geslotebaan televisie kameras en moniteringsdienspunt verhoog die gevoel van "polisie alomteenwoordigheid" by die produk store.
- Ad hoc polisie en weermag patrollies vind op die perseel plaas.

4. Territorialiteit

4.1 Simboliese hindernisse

- Swerfwagte op terrein.
- Waarskuwings en ander tekens dui op handhawing van orde en eienaarskap van perseel.
- Teenwoordigheid van alarmstelsel by geboue en kantoor komplekse.

4.2 Fisiese hindernisse

- Palisade omheining om hoofkantoor gebou kompleks en sekere parkades reeds in plek.
- Draadheinings dui sekuriteitsgebiede aan.
- Traliewerke en diefwering is aangebring by hoë risiko geboue en kantore.
- Rekenaar beheerde draaihekke na fabrieksterrein in plek.

5. Toegangsbeheer

- Alle toegange na die fabrieksterrein of kantoorkomplekse word beheer deur sekuriteitswagte.
- Val- en glyhekke is teenwoordig en voorkom ongemagtigde toegang tot perseel.
- Geoutomatiseerde rekenaargekoppelde toegange by beide Malelane en Komati Meules is in plek.
- Snags word onbemande hekke gesluit en dien as fisiese hindernis vir ongemagtigde toegang.

6.5 Aanbevelings

6.5.1 Fisiese versperrings

Die waarde van fisiese hindernisse by enige instelling, is van kardinale belang ten opsigte van misdaadvoorkoming. Fisiese hindernisse moet egter doelgerig wees en 'n doel opsigself wees en nie bloot gesien word as 'n middel tot 'n doel nie. Die volgende aspekte behoort meer aandag te geniet wanneer van misdaadvoorkoming deur teikenverharding gepraat word:

- Die fisiese plasing en plek van die maatreëls;
- Die aard en tipe van fisiese hindernisse;
- Die vervaardigingskwaliteit asook kwaliteit van oprigting/aanbring van hindernisse;
- Beskerming van die hindernis self, byvoorbeeld waar 'n hangslot met 'n kassie beskerm word sodat dit nie maklik oopgebreek kan word nie;
- Gereelde nagaan van die effektiwiteit en diensbaarheid van hindernisse. Hier word byvoorbeeld gedink aan draadomheinings wat geïnspekteer word vir gate, ensovoorts, of waar die ondersteuningstelsel van geëlektrifiseerde heinings nagegaan word indien 'n kragonderbreking ondervind sou word;
- Algemene nagaan en instandhoudingsprogram van alle hindernisse en fisiese versperrings;
- Evaluëring ten opsigte van die deurlopende effektiwiteit van 'n bepaalde hindernis is noodsaaklik. 'n Hindernis wat vandag aangebring is om misdaad te voorkom, is nie noodwendig môre steeds geldig of voldoende nie; en
- Koste implikasie versus risiko uitskakeling.

Transvaal Suiker Beperk behoort bogenoemde maatreëls toe te pas ten einde optimale beskerming te verleen. Sekere leemtes is tydens die navorsing opgemerk en uitgewys, tenspyte daarvan dat misdaadvoorkoming tekortkominge gereeld aangespreek word. Genoemde maatreëls behoort as standaardreël geïnkorporeer te word by die sekerheidsbeleid.

6.5.2 Ondersteuningstelsels

Soos reeds gedurende vorige hoofstukke uitgewys, het fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls op hul eie, nie voldoende beskermingswaarde nie. Die ondersteuning van gesofistikeerde

moderne tegnologiese hulpmiddels, wat nie op sy eie gesien word as 'n fisiese hindernis in die ware sin van die woord nie, kan weens die aard en omvang van sulke hulpmiddels, 'n waardevolle bydra lewer. Hoewel die ondersteuning van alarmstelsels reeds 'n geruime tyd gelede aanbeveel is te Transvaal Suiker Beperk, is daar slegs gedurende 2000 maar veral 2001, begin met die installasie van sodanige stelsels. Die ondersteuningswaarde daarvan kan gesien word in die totale afname in sekere eiendomsmisdade. Oorweging behoort geskenk te word om die bestaande geslotebaan televisie kamerastelsel uit te brei na alle gebiede waar die produk hanteer word. Kovert gebruik van sekuriteitskameras behoort deel uit te maak van totale bate beveiliging. Oorweging moet geskenk word om 'n alarmstelsel by Komati Meule se hoofkantoor kompleks aan te bring, asook by die finansieële hoofkantoor te Malelane Meule.

Ondersteuning van die stelsels deur die mensfaktor is in plek, maar opleiding van personeel ten opsigte van die optimale gebruik in en aanwending van sodanige stelsels, asook die reaksie daarop, moet doelgerig aandag geniet, en nie net prosedurieël of kontraktueel gekommunikeer word nie. Addisionele opleiding behoort gegee te word aan personeel wie reageer op alarms, aangesien sodanige opleiding nie normaalweg aangespreek word nie en tot lewensverlies kan lei.

6.5.3 Beligting / waarneming

Hoewel die terrein voldoende belig is en tekortkominge by die hoofkantoor kompleks reeds aangespreek is, behoort aandag geskenk te word aan die opgradering van grensdraadbeligting, in afgeleë dele soos agter die Ru-suiker stoorareas te Malelane Meule. Noodbeligtingstelsels behoort aangebring te word by dienspunte, aangesien kragonderbrekings gereeld voorkom. Handflitse is nie effektief genoeg vir hierdie doel nie. Die impak van natuurlike plantegroei ten opsigte van waarneming tydens die donker moet gereeld opgevolg word waar plantegroei ligte versper.

6.5.4 Parkeerterreine

Parkeerareas is voldoende aangespreek en die omheining van die hoofkantoor kompleks met 'n toegangsbeheerpunt, behoort die bedreiging van misdaadpleging uit te skakel wat voorheen

geskep is deurdat die maatskappy se vloot voertuie makliker tot diefstal vatbaar was. Die potensiaal vir inbrake is ook deur die proses aangespreek.

Effektiewe na-ure beheer van toegangshekke in die palisade omheining is noodsaaklik vir optimale beskerming. Beperking van ongemagtigde personeel of vreemde persone na sodanige gebiede moet volgehou word.

Die verkrygingsdienste se parkeer area is tans nie omhein nie en behoort dit oorweeg te word, ten spyte van 'n sekuriteitswag wat naby die parkade diens verrig. Skade aan 'n voertuig het reeds by 'n vorige geleentheid by die parkade voorgekom. Dieselfde uitgangspunte is van toepassing by die Veevoer aanleg se parkade asook die van Komati Meule. Voetganger beweging by die Malelane Meule en finansiële hoofkantoor parkades moet beperk, maar verkieslik totaal uitgeskakel word ten einde onnodige risikos uit te skakel.

6.5.5 Kennisgewingborde

Kennisgewingborde behoort aangebring te word by die suikerversendingsgebiede wat daarop aandui dat die area deur geslotebaan televisie kameras gemoniteer word. Die aanbring van addisionele "Betreders sal vervolgt word" kennisgewingborde behoort op strategiese plekke aangebring te word.

6.5.6 Toegangsroetes

Die verskeidenheid van roetes rondom die persele kan gebruik word as ontsnaproetes na misdaadpleging en die beheerde versperring daarvan kan bydra tot misdaadvoorkoming. 'n Opname behoort gedoen te word oor watter informele roetes om Malelane Meule werklik benodig word. Die permanente versperring van sodanige geïdentifiseerde roetes behoort die ontsnapping van oortreders te bemoeilik, indien dit oortreders nie totaal sal afskrik van misdaadpleging nie.

Daar behoort besin te word oor die gebruik van parkeerareas as deurgang roetes. Dit is tans die geval waar voertuigwerkswinkel gebruik maak van die finansiële hoofkantoor se parkade as deurgang terwyl alternatiewe roetes wel beskikbaar is.

6.5.7 Geboustrukture

Die oprigting van nuwe strukture word nie altyd met oorleg gedoen nie en sodoende kan risiko's ontstaan deur waarneming wat beperk word. Die oprigting van die palletafdakke by die suikerversendingstore dien as voorbeeld waar natuurlike waarneming ingekort is weens die sigbeperking wat sodanige struktuur skep. Produkdiefstal kan hierdeur makliker plaasvind aangesien sekuriteitspersoneel nie behoorlik kan waarneem wat op die totale terrein gebeur nie. Voor die oprigting van die betrokke struktuur was natuurlike waarneming voldoende.

6.5.8 Administratiewe ondersteuning

Die integrasie van die sekuriteitsadministrasieproses met maatskappybeleid en prosedures, tesame met die normale misdaadvoorkomingsmaatreëls, moet gereeld geëvalueer en aangepas word vir optimale misdaadvoorkoming. Hier word spesifiek verwys na die kennisname van sekuriteitspersoneel betreffende nuwe beleidsveranderinge of prosedurieële aanpassings. Gereelde formele indiensopleidingsprogramme kan ontwikkel word ter ondersteuning van effektiewe uitvoering van pligte om misdaad te voorkom.

6.5.9 Addisionele hekke

Malelane Meule

Die Malelane Meule parkade en kantore kan ongesiens bereik word vanaf die semi-geslote sekuriteitsgebiede. Die aanbring van 'n gekontroleerde hek by die noordelike ingang sal sodanige bedreiging uitskakel. Die omheining van die totale perseel (Malelane Meule met al sy afdelings, asook Hoofkantoor komplekse) met 'n enkel primêre toegangsbeheerpunt sal ideaal wees indien so 'n stap koste effektief toegepas kan word. Die aanbring van meer effektiewe kontrole maatreëls by die voetganger dienshek by die "road tipplers" te Malelane Meule, sal misdaad en ongemagtigde toegang verder beperk.

Komati Meule

Die oprigting van 'n glyhek by die hoofingang wat tydens buite normale werksure gesluit word, behoort verder by te dra om misdaad in die algemeen te voorkom. Dit is reeds voorheen in die risiko analise verslag uitgewys. Toegang tot die kantoorplekse kan huidiglik ongesiens verkry word weens die afwesigheid van voldoende fisiese hindernisse.

6.6 Voorstelle vir verdere navorsing

Ter uitbouing van hierdie studieveld, word die volgende voorstelle as gevolg gesien vir toekomstige navorsing:

- Alhoewel ondersteuningstelsels, soos reeds uitgewys in plek is by baie besighede, behoort die werklike waardetoevoeging van 'n geïntegreerde stelsel verder nagevors te word vir wetenskaplik gefundeerde bevindinge.
- Misdaadvoorkomingsmaatreëls by Transvaal Suiker Beperk se landgoedere, benodig goed deurdragte voorstelle gebaseer op evaluasie en navorsing. Hoewel so 'n studie spesifieke behoeftes sal aanspreek (Transvaal Suiker Beperk se landgoedere as kommersiële instelling), kan bevindinge moontlik op nasionale vlak aangewend word, veral gesien in die lig van die huidige tendens van plaasaanvalle.
- 'n Soortgelyke studie binne 'n ander industrie behoort geloods te word en kan die resultate van hierdie navorsing staaf met bykomende aanbevelings.
- Misdaadtendense kan nagevors word om te vergelyk tussen 'n eie sekuriteitskorps versus 'n uitgekonterakteerde diens.
- Die afdwingbaarheid en effek van die implimentering van misdaadvoorkomingsmaatreëls deur wetgewing soos bv. die *Development and Facilitation Act van 1995*, behoort nagevors te word.

6.7 Slotopmerking

Aan die hand van Oscar Newman se verdedigbare ruimte model, is die verdedigbare elemente van Transvaal Suiker Beperk geëvalueer en oor die algemeen as toepaslik en effektief bevind. Gesien vanuit die algemene misdaadsituasie in Suid-Afrika is die opgradering ten opsigte van misdaadvoorkomingsmaatreëls wat in proses is, realisties en nodig. Indien die

misdaadsituasie sou verswak, kan dit wees dat die huidige voorkomingsmaatreëls onvoldoende sal wees, wat dan alternatiewe maatreëls benodig.

Alhoewel omgewingsekuriteit nie die enigste antwoord vir misdaadvoorkoming is nie, lewer dit wel 'n bydrae tot die algemene voorkoming en uitskakeling van sekere tipes misdaad. Kwesbaarheid van persele en geboue word verseker verlaag. Die standpunt van maatskappy bestuur ten opsigte van misdaadvoorkomingsmaatreëls kan 'n deurslaggewende rol speel. Misdaadvoorkoming is 'n ingesteldheid en begin reeds by die huis. Meyer en Qhobela (1998:5) som dit baie mooi op deur te sê dat hierdie benadering ten doel het om die aantal geleenthede vir misdaadpleging te verminder deur verhoogde fisiese sekuriteit, teiken verwydering, verwydering van metodes, verminder die *pay-offs*, verhoog waarneming, en die uitbreiding van omgewingsekuriteit. Dit is presies wat deur hierdie navorsing beoog is.

BIBLIOGRAFIE

Barefoot, J.K. & Maxwell, D.A. 1987. *Corporate Security Administration and Management*. USA: Butterworths.

Barkan, S.E. 1997. *Criminology a sociological understanding*. New Jersey : Prentice Hall.

Barlow, H.D. 1987. *Introduction to Criminology*. 4th Edition. Boston: Little, Brown and Company.

Bartol, C.R. 1991. *Criminal behaviour: A psychosocial approach*, third edition. New Jersey: Prentice Hall.

Bartol, C.R. & Bartol, A.M. 1986. *Criminal Behaviour: A psychosocial approach*: Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Beccaria, C.B. 1819, 1953. *An essay on crime and punishments*. Translated from the French by M.D. Ingraham. Stanford, California: Academic Reprints.

Beccaria, C.B. 1764, 1986. *On Crimes and Punishments*. Translated from Italian by D. Young. Indianapolis, Indiana: Hackett.

Boshoff, C. 2001 Bestuurder : Werwing en Keuring : Transvaal Suiker Beperk: Persoonlike onderhoud. 31 Oktober. Malelane.

Brantingham, B.P.J. & Brantingham, P.L. 1981. *Environmental Criminology*. Beverly Hills: Sage.

Brown, S.E., et al 1996. *Criminology. Explaining crime and its context*. 2nd Edition. Cincinnati: Anderson.

Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bybel. Genesis 19. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Coetzee, M.R., et al 1993. *Criminological research*. In: Acta Criminological Southern African Journal of Criminology. Volume 6 no. 3 1993. Pretoria: University of South Africa.

Coetzer, C. 1998. *Misdaadvoorkoming by besigheidskomplekse: 'n Gevalle studie by die Centurion Sentrum*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Conklin, J.E. 1981. *Criminology*. New York: Macmillian.

Conklin, J.E. 1995. *Criminology*. Fifth edition. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

- Cronje, G., et al 1987. *Die jeug oortreder in die gemeenskap*. Pretoria: Haum.
- Delport, R. 2001. Redakteur van Finansies en Tegniek. *Sake vernuf*. 19 Oktober 2001. Johannesburg: Web Printers.
- Diedericks, L. 2001. Versendingsbestuurder. Transvaal Suiker Beperk. Persoonlike onderhoud. 9 November. Malelane.
- Du Preez, G.T., 1990. *Sekerheidsforum*. Durban: Butterworths.
- Fattah, E.A. 1997. *Criminology: Past, present and future, a critical overview*. Canada: Paul Rock.
- Gewapende rowe: Opsomming verslag: 2000. Transvaal Suiker Beperk. Malelane.
- Glaser, D. 1974. *Handbook of criminology*. Chicago: Rand McNally.
- Glick, L. 1995. *Criminology*. Boston: Allyn and Bacon.
- Herbst, Z. 2001. Senior Kliniek Verpleegkundige. Transvaal Suiker Beperk. Persoonlike onderhoud. 12 November. Malelane.
- Huysamen, G.K., 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halweghuis: Southern.

Jacobs, W.J. 1990. *Misdaadvoorkoming*. In: Kriminologie: Onder redaksie van M.G.T. Cloete en R. Stevens. Pretoria: Sigma Press.

Jeffery, C.R., 1977. *Crime prevention through environmental design*. London: Sage.

Joubert, S. 1993. *Corporate crime: A criminologist's perspective*. In: Acta Criminologica. Southern African Journal of criminology. Vol 6 no. 2 1993. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

King, G. 2001. *South Africa - Survive or thrive*. In: Security Focus. The official industry journal for professional security practitioners. Vol. 19 no. 10 October 2001. Pinetown: Pinetown Printers.

Kratcoski, P.C. & Kratcoski, L.D. 1990. *Juvenile delinquency*. Third edition. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Kruger, T. et al 1997. *Safer by Design*. Towards effective crime prevention through environmental design in South Africa. Aesirandiss Publication. CSIR.

Kruger, J.F.E. 2001. Geïdentifiseerde risiko's: Komati Meule risiko analise verslag: Transvaal Suiker Beperk: Malelane.

Kuhn, E. 2001. Interne audit bestuurder : Transvaal Suiker Beperk. Persoonlike onderhoud. 25 Oktober. Malelane.

Livingston, J. 1996. *Crime and criminology*. 2nd Edition. New Jersey: Prentice Hall.

Moir, A. & Jessel, D. 1995. *A mind to crime, the controversial link between mind and criminal behaviour*. London: Michael Joseph.

Mackenzie, G. et al 1983. *The security handbook. Commercial, industrial and personal security in South Africa*, onder redaksie van G. Mackenzie, T. Mcloughlin en G. Twiss. Cape Town: Printpak.

Meyer, T. & Qhobela, M. 1998. *The history of crime prevention through environmental design: A comparative study*. CSIR Publication.

Naude, C.M.B. 1988. *Misdaadvoorkomingstrategieë*, onder redaksie van C.M.B. Naude en R. Stevens. Pretoria: Haum.

Naude, C.M.B. & Labuschagne, I. 1990. *Biofisiese faktore en misdadige gedrag*. In: *Kriminologie*. Enigste studiegids vir KRM 201-A. Pretoria: Universiteit van Suid-Africa .

Neser, J.J. 1993. *Penitensiere penologie*, tweede uitgawe: Johannesburg: Lexicon.

Neuwmann, W.L. 1997. *Social Research methods: Qualitative and quantitative approaches*. 3rd Edition. Allyn & Bacon.

Newman, O. 1971. *Architectural design for crime prevention*. National institute of law enforcement and criminal justice. Washington: U.S. Government printing office.

Newman, O. 1972. *Defensible space: Crime prevention through urban design*. New York: Macmillan.

O'Block, R.L. 1981. *Security and crime prevention*. London: Mosby.

O'Block, R.L. *et al* 1991. *Security and crime prevention*. 2nd Edition. USA: Butterworth - Heinemann.

Pienaar, R. 2001. Bestuurder: Openbare Betrekkings: Transvaal Suiker Beperk. Persoonlike onderhoud. 13 November. Malelane.

Post, R.S. & Kingsbury, A.A. 1991. *Security administration: An introduction to the Protection Services*. Fourth edition. Stoneham: Butterworth - Heireman.

Poyner, B. 1983. *Design against crime: Beyond defensible space*. London: Cambridge University Press.

Regoli, R.M. & Hewitt, J.D. 1996. *Criminal Justice*. New Jersey: Prentice Hall.

Reid, S.T. 1988. *Crime and criminology*. 6th Edition. Holt, Rinehart and Winston.

Roos, H. 1981. *Physical security of national key points*. In *Protective Security: A South African approach*. Official handbook of the South African Institute of Security and the Security Association of South Africa. Onder redaksie van T.E. Vogel, G. King, en T. Wilks. Pietermaritzburg: The Natal witness.

Roos, W. 2002. Stasie Kommissaris: Malelane SAPD. Telefoniese gesprek. 8 Januarie 2002. Malelane.

Schmallegger, F. 1996. *Criminology today*. New Jersey: Prentice Hall.

Schönteich, Martin. 2001. *Terreur skuif Afrika op die agtergrond*. Beeld. 4 Oktober : 13.

Schurink, W.J. 1990. *Kriminologiese navorsing*, In: *Kriminologie: onder redaksie van M.G.T. Cloete en R. Stevens*. Pretoria: Sigma Press.

Sekerheidsbeleid. 2001. Beleidsdokument van Transvaal Suiker Beperk. Malelane.

Shaw, M & Louw, A. 1988. *Environmental design for safer communities. Preventing crime in South Africa's cities and towns*. ISS Monograph series. No. 24, May 1998. Johannesburg: Cedilla.

Shoemaker, D.J. 1984. *Theories of delinquency*. New York: Oxford University Press.

Siegel, L.J. & Senna, J.J. 1991. *Juvenile delinquency: Theory, practice and law*. Fourth edition.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragwetenskappe*. Pretoria. Haum.

Snyman, C.R. 1992. *Strafreg*. 3de uitgawe. Durban: Butterworths.

Stephens, M. & Becker, S. 1994. *Police force Police service: Care and control in Britain*. Hong Kong: Macmillan.

Stevens, R. 1990. *Die misdadprobleem*. In: *Kriminologie: Onder redaksie van M.G.T. Cloete en R. Stevens*. Pretoria: Sigma Press.

Strobl, W.M. 1978. *Crime prevention through physical security*. New York: Marcel.

Sykes, G.M. & Cullen, F.T. 1994. *Criminology*. Second edition. New York: Harcourt Brace.

Van der Berg, C. 2001. *Vervoer bestuurder*. Transvaal Suiker Beperk. Persoonlike onderhoud. 9 November. Malelane.

Van der Westhuizen, J. 1977. *An introduction to criminological research: Study manual serious no. 7*. Pretoria: University of South Africa.

Van der Westhuizen, J. 1990. *Kwesbaarheid*. In: Sekerheidsforum. Onder redaksie van G.T. du Preez. Durban: Butterworths.

Van Heerden, T.J. 1986. *Inleiding tot polisiekunde*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Zyl, P. 2001. *Verander beeld na korporatiewe veiligheid*. Sake-Beeld, 19 September : 2.

Venter, P. 2001. *Streeksbestuurder: Coin Sekuriteit*. Persoonlike onderhoud. 25 Oktober. Malelane.

Visser, A.G. 2001. *Divisionele Nywerheidsverhoudinge Bestuurder: Transvaal Suiker Beperk*. Persoonlike onderhoud. 8 November. Malelane.

Walsh, T.J. & Healy, R.J. 1982. *Protection of assets manual*. California. Merrit.

Williams, F.P. & McShane, M.D. 1994. *Criminological theory*. 2nd Edition. New Jersey: Prentice Hall.